

OLDMUTUAL

ALLSURE POLISBEWOORDING



INSURE

DOEN DIE ONGELOOFLIKE ELKE DAG

Alle produkte word onderskryf deur Old Mutual Insure.
Old Mutual Insure Limited, Registrasie Nommer 1970/006619/06. 'n Gelisensieerde FDV en Nie-Lewens Versekeraar.



swiftcare

Suid-Afrika **0860 247 365**

swiftcare – waardetoevoegingsproduk is opsioneel. Raadpleeg asseblief jou bylae om te sien of jy dit het.

– 'n waardetoegevoegde diens waar polishouers die volgende voordele geniet:

Padbystand	Tuisbystand	Mediese Bystand
------------	-------------	-----------------

swiftcare is beskikbaar aan al ons polishouers, 24 uur per dag, 7 dae per week en 365 dae per jaar in Suid-Afrika.

Polishouers wat in buurlande reis, sal telefoniese toegang tot **swiftcare** hê. Omdat die **swiftcare** voordele diens is en nie versekerings-verwant is nie, sal hierdie voordele slegs geld indien die polishouer die **swiftcare** kontaksentrum in die eerste instansie kontak. Indien die polishouer nie die korrekte prosedure volg nie, sal enige koste vir die polishouer se eie rekening wees.

Doeltreffende Ongeluksbestuur Oplossings

0860 247 365

'n Toegevoegde waarde diens wat vinnige en doeltreffende insleep bystand gee as 'n voertuig wat omvattend of vir derdeparty, brand en diefstal by Old Mutual Insure verseker is, in 'n motorongeluk betrokke is. In die geval van 'n ongeluk, sal die hulpkantoor dadelik 'n goedgekeurde insleepoperateur stuur en die voertuig sal na die naaste Old Mutual Insure-goedgekeurde insleepsentrum of motorbakerhersteller gesleep word. Om volledige voordele onder hierdie diens te kry, moet die polishouer in die eerste instansie die hulpkantoor kontak vir insleep goedkeuring – anders sal slegs 'n beperkte voordeel van toepassing wees.



Tuisbystand

0860 247 365

'n 24-uur onbeperkte bystand in die geval van 'n huisoudelike noodgeval.
Dit sluit slotmakers, elektrisiëns, loodgieters en glasmakers in.



Mediese Bystand

0860 247 365

'n 24-uur mediese noodreaksiediens in die geval van 'n lewensbedreigende mediese noodgeval – hierdie diens sluit ambulansvervoer na die naaste mees gepaste mediese fasiliteit in.



Vir meer inligting of elektroniese weergawes van hierdie brosjures, besoek ons webtuiste by www.ominsure.co.za.

“MOENIE INSLEEP NIE”-uitkniptekens is by die bewoording van jou nuwe of hernuwingspolis ingesluit, om seker te maak dat jou voertuig slegs deur gemagtigde diensverskaffers ingesleep word. Vertoon asseblief hierdie tekens aan die binnekant van jou voertuie wat by Old Mutual Insure verseker is, deur enige lisensieskyfiehouer te gebruik. Plaas hierdie tekens verkieslik op die klein passasiersvenster agter die bestuurder se kant van die voertuig.



PERSOONLIKE VERSEKERINGSPOLIS

Hierdie dokument sluit die bepalings, voorwaardes en uitsluitings vir die volgende versekeringsafdelings in. Verwys asseblief na jou polisbylae om te bevestig waarvoor jy verseker is.

ALGEMENE AFDELINGS 4

- | | | |
|----|---|---|
| 1. | BEKENDSTELLING VAN JOU ALLSURE POLIS | 4 |
| 2. | HOE OM HIERDIE POLIS TE LEES | 5 |
| 3. | ALGEMENE BEPALINGS, VOORWAARDES EN UITSLUITINGS | 8 |

SPESIFIEKE AFDELINGS 22

- | | | |
|-----|---|-----|
| 4. | INHOUD AFDELING | 22 |
| 5. | PERSOONLIKE AANSPREEKLIKHEID AFDELING | 45 |
| 6. | GEBOUE AFDELING | 49 |
| 7. | PERSOONLIKE ONGEVALLE AFDELING | 67 |
| 8. | ALLE RISIKO'S AFDELING | 75 |
| 9. | MOTOR AFDELING | 85 |
| 10. | WATERVAARTUIG AFDELING | 108 |
| 11. | PERSOONLIKE REKENAARS AFDELING | 120 |
| 12. | REGSKOSTE AFDELING | 124 |
| 13. | UITGEBREIDE PERSOONLIKE AANSPREEKLIKHEID AFDELING | 126 |
| 14. | MEGANIESE EN ELEKTRIESE ONKLAARRAKING AFDELING | 130 |
| 15. | IDENTITEITSDIEFSTAL AFDELING | 133 |
| 16. | SWIFTCARE | 137 |
| 17. | SWIFTCARE – “MOENIE INSLEEP NIE”-SKYFIES | 143 |

Indien jy afsonderlike versekering vir oproer en staking het, sal dit so in die bylae aangedui word. Hierdie versekering word deur Sasria SOC Bpk., met Registrasienommer 1979/000287/06, voorsien.

Onderteken namens die versekeraar

Maak asseblief seker dat jou polis in jou behoeftes voorsien. Om jou polis te verander, kontak asseblief jou makelaar of vir ons by **0860 22 55 63**.



ALGEMENE AFDELINGS

1. BEKENDSTELLING VAN JOU ALLSURE POLIS

1.1 Doel van versekering

Die doel van versekering is om jou in dieselfde finansiële posisie te plaas as waarin jy was voordat enige versekerde gebeurtenis, verlies of skade plaasgevind het, minus enige bybetalings wat jy moet betaal.

Om vergoed te word in die geval van verlies, skade of aanspreeklikheid, moet jy aan al die bepalings en voorwaardes van hierdie polis voldoen.

Daar is vergoedingsperke vir die voorvalle of items wat onder hierdie polis verseker is. Verwys asseblief na jou bylae vir hierdie vergoedingsperke.

1.2 Basis van die allsure polis

Dankie dat jy Old Mutual Insure gekies het om jou bates te beskerm.

Volgens die bepalings, voorwaardes en uitsluitings van hierdie polis:

- belowe jy om aan ons 'n maandelikse of jaarlikse premie te betaal en aan die bepalings en voorwaardes van die polis te voldoen. jou versekering sal beëindig word as ons nie jou premies betyds ontvang nie.
- ons belowe om jou te vergoed vir verlies, skade of aanspreeklikheid wat gedek is ingevolge hierdie polis, minus enige bybetaling wat jy moet betaal.

Ons mag besluit hoe om jou te vergoed. Gaan asseblief die voorwaardes vir vergoeding onder elke afdeling na.

1.3 Die inligting wat deel vorm van hierdie poliskontrak

Die volgende dokumente en inligting vorm deel van hierdie poliskontrak en moet saamgelees word as een dokument:

- die inligting wat jy aan ons gegee het toe jy aansoek gedoen het vir versekering. jy kon hierdie inligting in 'n aansoekvorm, aanlyn, deur 'n tussenganger of telefonies gegee het;
- ons kommunikasie/s met jou;
- die bylae;
- versekeringsbepalings, -voorwaardes en -uitsluitings.

Dit bestaan uit die volgende:

- Algemene bepalings, voorwaardes en uitsluitings
Die Algemene bepalings, voorwaardes en uitsluitings omskryf jou verpligtinge, die vergoeding wat ons gee en hoe om onder hierdie polis te eis.
- Bepalings, voorwaardes en uitsluitings wat spesifiek op elke afdeling van toepassing is
Die Inhoud afdeling of die Motor afdeling is voorbeelde van afdelings onder hierdie polis.

Verwys asseblief na jou bylae om seker te maak watter afdelings op jou polis van toepassing is.



2. HOE OM HIERDIE POLIS TE LEES

2.1 Definisies

Hierdie definisies is van toepassing op al die afdelings van hierdie polis. Daar is ook definisies wat slegs op die spesifieke afdelings van toepassing is. Hierdie definisies verskyn aan die begin van elke afdeling.

aanspreeklik	beteken regtens verantwoordelik.
aanspreeklik gehou	beteken regtens verantwoordelik gehou deur 'n Suid-Afrikaanse Hof.
begindatum	beteken die laaste van die volgende datums: • die datum waarop versekering begin, soos in die bylae genoem; of • die datum waarop enige verandering aan jou polis van krag is.
betaaldatum	beteken die dag van die maand wat jy ingestem het om aan ons jou maandelikse premie te betaal. Die betaaldatum verskyn in die bylae.
bybetaling	beteken die bedrag wat jy eers moet betaal voordat ons 'n eis skik.
bylae	beteken die aanhegsel tot hierdie bewoording, wat die soort versekering wat jy gekoop het, die eiendom wat verseker is, die versekeringstydperk, die bedrae waarvoor jy verseker is, die bybetalings wat van toepassing is en die premie wat jy moet betaal, uiteensit. Enige veranderinge aan hierdie polis sal in die bylae verskyn en sal deel vorm van hierdie polis.
eggenoot	beteken 'n persoon wat: • jou metgesel is in enige huwelik, saamwoon ooreenkoms of tradisionele verbintenis wat deur die Suid-Afrikaanse reg erken word; of • saam met jou woon in 'n verhouding wat bedoel is om permanent te wees en wie se naam in die bylae verskyn.
gevolglike skade	beteken enige indirekte verlies of skade wat as gevolg van die versekerde verlies of skade plaasvind.



hernuwingsdatum	beteken die datum 12 maande na die begindatum van hierdie polis, tensy jou polis spesifiek 'n ander datum aandui. Jou hernuwingsdatum word in die bylae genoem.
mag	beteken geregtig op.
ons	beteken Old Mutual Insure Limited, Registrasie nommer 1970/006619/06. 'n Gelisensieërde FDV en Nie-Lewens Versekeraar.
polis	beteken die inligting wat jy aan ons gegee het, hierdie dokument en die bylae.
tydperk van versekering	• beteken vir jaarlikse polisse, die tydperk vanaf die begindatum van hierdie polis tot middernag van die dag voor die hernuwingsdatum. • beteken vir maandelikse polisse die tydperk vanaf die begindatum van hierdie polis tot middernag van die dag voor dieselfde dag van die volgende kalendermaand. Begindatums en hernuwingsdatums word in die bylae genoem.
uitsluiting	beteken 'n gebeurtenis, verlies of skade wat nie verseker is nie.
vergoedingsperk	beteken die meeste wat ons vir enige item sal betaal, soos in die bylae genoem.

2.2 Struktuur van hierdie polis

Die struktuur van hierdie polis is dieselfde vir elke afdeling, behalwe vir die Algemene afdeling.

In elke afdeling sal jy die volgende vind:

- definisies wat van toepassing is op die spesifieke afdeling;
- soort versekering onder die afdeling (waar van toepassing);
- wat ons onder die afdeling verseker;
- uitgebreide dekking wat deel vorm van die afdeling versekerde bedrag;
- uitgebreide dekking bykomend tot die afdeling versekerde bedrag;
- aanspreeklikheid wat spesifiek op die afdeling van toepassing is (waar van toepassing);
- bepalinge en voorwaardes wat spesifiek op die afdeling van toepassing is;
- wat ons nie onder die afdeling verseker nie.



2.3

Voorbeelde

Ons het voorbeelde by hierdie polis ingesluit om jou te help verstaan hoe sekere versekeringskonsepte werk. Hierdie voorbeelde stel nie werklike situasies voor nie maar mag jou dalk help om die klousules waardeur dit omskryf word, te interpreteer.

2.4

Enkelvoud en meervoud

Enige verwysing na die enkelvoud sluit verwysing na die meervoud in en enige verwysing na die meervoud, sluit verwysing na die enkelvoud in.



3. ALGEMENE BEPALINGS, VOORWAARDES EN UITSLUITINGS

Hierdie Algemene bepalings, voorwaardes en uitsluitings is van toepassing op alle afdelings van hierdie polis. Daar is ook bepalings, voorwaardes en uitsluiting wat slegs op spesifieke afdelings van toepassing is. Maak asseblief seker dat jy al die bepalings en voorwaardes van hierdie kontrak verstaan.

3.1 Jy moet aan ons geldige, waar en volledige inligting gee

Ons baseer die vergoedingsperke, die premie en die ander bepalings, voorwaardes en uitsluiting in hierdie polis op die inligting wat jy aan ons gee.

Jy het die volgende verantwoordelikhede ingevolge hierdie kontrak:

3.1.1 Jy moet ons van al die wesenlike inligting voorsien

Wesenlike inligting is al die noodsaaklike inligting wat jy aan ons gee sodat ons die risiko kan beoordeel en die premies, bepalings en voorwaardes kan bepaal wat ons op jou versekerde eiendom toepas. Indien jy ons nie volledige en korrekte inligting gee nie, terwyl die korrekte inligting aandui dat ons nie die risiko sou aanvaar het as ons van die werklike feite bewus was nie, kan ons hierdie versekering hanteer asof dit nooit bestaan het nie en alle eise van die hand wys.

Ons sal:

- 3.1.1.1 Jou premies aan jou terugbetaal.
- 3.1.1.2 Enige vergoeding verhaal wat ons aan jou betaal het ter vereffening van vorige eise; en
- 3.1.1.3 Enige onkoste wat met die administrasie en aanvaarding van jou polis aangegaan is, aftrek van die premies wat aan jou terugbetaal word.

3.1.2 Jy moet ons laat weet as jou inligting verkeerd is

Jy moet ons dadelik inlig indien enige inligting wat ons van jou en die versekerde eiendom het, nie korrek en volledig is nie;

Jy moet ons dadelik inlig van enige veranderinge aan die inligting wat ons van jou en die versekerde eiendom het;

Jy moet seker maak dat ons jou korrekte bankbesonderhede het. Indien jou bankbesonderhede verander, moet jy ons dadelik inlig. Indien jy dit nie doen nie, mag jou polis gekanselleer word as ons nie jou premie kan vorder nie.

3.1.3 Wat ons sal doen as jy ons nie inlig nie

Indien jy nie al jou verantwoordelikhede soos hierbo uiteengesit nakom nie, mag ons een of meer van die volgende doen:

- 3.1.3.1 Jou eis van die hand wys.
- 3.1.3.2 Jou polis of die item/s op jou polis kanselleer.



- 3.1.3.3 Jou polis ongeldig verklaar. Ongeldigverklaring van jou polis beteken dat ons dit vanaf die begindatum kanselleer asof dit nooit bestaan het nie en enige eise wat ons voorheen betaal het, van jou terugeis.

3.2 Jy moet jou polis verstaan

3.2.1 Gaan jou bylae na

- 3.2.1.1 Daar verskyn belangrike inligting van jou polis in jou bylae. Dit sluit vergoedingsperke in. Dit is jou verantwoordelikheid om ons so gou moontlik in te lig indien enige inligting op die bylae verkeerd is.
- 3.2.1.2 Jy is nie verseker teen 'n versekerde gebeurtenis of onder 'n afdeling van hierdie polis nie indien:
- die vergoedingsperk leeg gelaat is, geen bedrag langs dit het nie of "nul", "nie van toepassing nie" of "nie verseker nie" aandui.
 - daar geen inligting onder die opskrif verskyn nie.
- 3.2.1.3 Indien daar enige teenstrydigheid tussen die bylae en die res van die poliskontrak is, sal die skedule van toepassing wees.

3.2.2 Verstaan jou bybetalings

Jy moet 'n bybetaling betaal wanneer jy vir sekere versekerde items eis. Die toepaslike bybetalings verskyn langs die items in die bylae. Bybetalings is vrygestel van BTW en is betaalbaar voordat ons die eis skik. Ons mag ook die bybetaling van die eisbedrag aftrek.

3.2.3 Verstaan die Randbedrae

Alle vergoedingsperke en premiebedrae wat in die bylae verskyn, sluit BTW teen die standaard koers in.

Alle bedrae, wat premies en vergoedingsperke insluit, is in Suid-Afrikaanse Rand.

3.2.4 Lees hierdie Algemene afdeling volledig

Die Algemene bepalinge, voorwaardes en uitsluitings is van toepassing op die hele polis. Daar is ook bepalinge, voorwaardes en uitsluitings wat van toepassing is op die spesifieke afdelings van hierdie polis, want elke spesifieke afdeling is apart en staan op sy eie. Maak seker dat jy alle toepaslike dele van hierdie dokument verstaan.

3.2.5 Verstaan wat ons nie verseker nie

Maak seker dat jy verstaan wat ons nie onder hierdie Algemene afdeling en die spesifieke afdelings wat op hierdie polis van toepassing is, verseker nie.

3.2.6 Kyk mooi na jou eiendom

Neem alle redelike stappe om 'n ongeluk of besering te voorkom en jou eiendom teen verlies of skade te beskerm.

Indien jy 'n eis het, moet jy alle redelike stappe neem om verdere verlies, skade of aanspreeklikheid te voorkom.



3.3 Betaal jou premies

Betaal jou premies volgens die betaalmethode soos in jou bylae genoem. Ons baseer jou premies op jou inligting en die vergoedingsperke wat in die bylae verskyn.

Die bylae sal aandui of jy 'n jaarlikse of maandelikse polis het.

3.3.1 As jy 'n jaarlikse polis het

- 3.3.1.1 'n Jaarlikse polis beteken dat jou polis strek vir 'n tydperk van een jaar vanaf die begindatum wat in die bylae verskyn. Jy betaal jou premie elke jaar vooruit. Die polis word outomaties hernu as jy jou volgende jaarpremie betyds betaal.
- 3.3.1.2 Ons moet jou premies ontvang binne 30 dae vanaf die begindatum wat in die bylae verskyn, anders sal die polis nie begin nie. Indien ons nie jou eerste jaarpremie ontvang binne die eerste 30 dae vanaf die begindatum wat in die bylae verskyn nie, sal ons jou polis vanaf die begindatum kanselleer asof dit nooit bestaan het nie.
- 3.3.1.3 Jy het 'n tydperk van 14 dae vandat jy jou poliskontrak ontvang het, om te besluit of jy wil voortgaan met die versekering. As jy nie in hierdie tydperk 'n eis gehad het nie en jy besluit dat jy nie wil voortgaan met die versekering nie, sal ons enige premies wat jy betaal het, terugbetaal. Stuur asseblief vir ons 'n kennisgewing van kansellering as jy hierdie afkoelreg wil uitoefen.
- 3.3.1.4 Ons moet jou premies ontvang binne 30 dae vanaf die hernuwingsdatum wat in die bylae verskyn, anders sal jou polis nie hernu nie. As ons nie jou premie binne hierdie tydperk ontvang nie, sal jou polis outomaties beëindig word vanaf die hernuwingsdatum. Indien ons nie jou jaarlikse hernuwingspremie ontvang binne die eerste 30 dae vanaf die hernuwingsdatum wat in die bylae verskyn nie, sal ons jou polis vanaf die hernuwingsdatum kanselleer.
- 3.3.1.5 Jy het 'n tydperk van 14 dae vandat jy jou hernuwingskontrak ontvang het, om te besluit of jy wil voortgaan met die versekering. As jy nie in hierdie tydperk 'n eis gehad het nie en jy besluit dat jy nie wil voortgaan met die versekering nie, sal ons enige hernuwingspremies wat jy betaal het, terugbetaal. Stuur asseblief vir ons 'n kennisgewing van kansellering as jy hierdie afkoelreg wil uitoefen.
- 3.3.1.6 Indien daar tydens die tydperk van versekering 'n totale verlies ontstaan as gevolg van 'n gebeurtenis of 'n item wat onder hierdie polis gedek is, is jy nie geregtig op terugbetaling van jou premie nie.

Voorbeeld:

Jy het 'n jaarlikse polis en jy verseker jou motor op 1 Februarie. Die motor word op 1 Maart dieselfde jaar gesteel. Ons sal nie jou premies wat jy vir die res van die 11 maande van die jaar betaal het, aan jou terugbetaal nie.



3.3.2 As jy 'n maandelikse polis het

- 3.3.2.1 'n Maandelikse polis beteken dat jou polis vir 'n tydperk van een maand strek en jy betaal jou premie elke maand vooruit. Die polis word elke maand outomaties hernu as jy jou volgende maandelikse premie binne 15-dae grasietydperk vanaf die betaaldatum betaal.
- 3.3.2.2 Ons moet jou premie vir die eerste maand op die betaaldatum ontvang, anders sal die polis nie begin nie. Indien ons nie jou premie ontvang nie, sal jou polis nie begin nie en daar sal geen grasietydperk wees nie.
- 3.3.2.3 Jy moet jou premie elke maand binne 15 dae na die betaaldatum betaal, anders sal die polis nie elke maand hernu nie.
- 3.3.2.4 As ons nie jou premie op die betaaldatum ontvang nie, sal ons dit weer op die volgende betaaldatum aftrek. Indien ons albei premies kan aftrek, sal jou polis voortgaan. As ons slegs een van die twee premies kan aftrek, sal ons die oudste skuld vereffen en jou polis sal voortgaan. Jy sal ons nog steeds een premie skuld. As jy twee agtereenvolgende premies nie betaal het nie, sal jou polis outomaties gekanselleer word vanaf die eerste betaaldatum wat jou premie onbetaald was.
- 3.3.2.5 Indien daar gedurende die maand 'n as gevolg van 'n gebeurtenis of van 'n item wat deur hierdie polis gedek word, is jy nie geregtig op 'n terugbetaling van jou premie vir die res van die maand waarin daar 'n totale verlies was nie.
- 3.3.2.6 Indien jy 'n stopbetaling op jou premie plaas, word die polis outomaties beëindig vanaf die betaaldatum waarop jy nie jou premie betaal het nie.

3.4 Veranderinge aan en kansellasië van hierdie polis

3.4.1 Verandering van die bepalings van hierdie polis

- 3.4.1.1 Jy mag ons versoek om die polis enige tyd te verander. Enige verandering wat ons skriftelik ingestem het om te maak, sal van toepassing wees vanaf die tyd en datum van ons ooreenkoms.
- 3.4.1.2 Ons mag die bepalings, voorwaardes en uitsluitings van hierdie polis verander deur aan jou 31 dae skriftelike kennisgewing te gee. Ons sal hierdie kennisgewing per faks, pos of epos stuur na die laaste bekende adres of kontakbesonderhede wat ons van jou het.

3.4.2 Kansellasië van die hele polis of 'n gedeelte van hierdie polis

- 3.4.2.1 Jy mag hierdie polis of enige afdeling daarvan enige tyd kanselleer deur ons in kennis te stel.
- 3.4.2.2 Ons mag hierdie polis of enige afdeling daarvan kanselleer deur aan jou 31 dae skriftelike kennisgewing te gee. Ons sal hierdie kennisgewing per faks, pos of epos stuur na die laaste bekende adres of kontakbesonderhede wat ons van jou het.



- 3.4.2.3 As jy of ons 'n jaarlikse polis kanselleer, sal ons die premies vir die versekeringstydperk wat jy nie gebruik het nie, aan jou terugbetaal.
- 3.4.2.4 Indien jy SASRIA-dekking gekies het, en jou hele polis of 'n deel daarvan word gekanselleer, word SASRIA-dekking outomaties gekanselleer. Maak asseblief seker dat jy jou SASRIA-dekking by 'n ander versekeraar plaas.

3.5 Hoe om 'n eis in te dien

3.5.1 Verwys na spesifieke vereistes rondom eise onder elke afdeling

Daar is bykomende eiseprosesse wat ons onder sommige afdelings vereis. Verwys asseblief na die spesifieke afdelings van hierdie polis vir enige bykomende vereistes wanneer jy 'n eis onder daardie afdelings indien.

3.5.2 Meld sekere eise by die polisie aan

Jy moet eise waarby misdad betrokke is (byvoorbeeld diefstal of kwaadwillige skade) en verkeersongelukke so gou as redelik moontlik by die polisie aanmeld. Jy moet vir ons 'n saaknommer gee.

3.5.3 Vertel ons van jou eis

- 3.5.3.1 Jy moet so gou as redelik moontlik vir ons kennis van jou eis gee, maar nie later as 30 dae na die voorval wat tot 'n eis aanleiding gegee het nie. As jy ons nie binne 30 dae van jou eis vertel nie, mag jy jou reg om 'n eis onder hierdie polis in te dien, verbeur.
- 3.5.3.2 Jy moet binne 'n redelike tyd vir ons die volgende gee:
- volledige besonderhede van die eis;
 - besonderhede van enige ander versekering wat jy vir die voorval mag hê;
 - bewyse, state of enige ander inligting wat ons versoek;
 - enige korrespondensie of ander dokumente (byvoorbeeld hofstukke of regsbriefe) wat jy in verband met die eis ontvang het.
- 3.5.3.3 Jy moet ons dadelik vertel van enige voorval wat tot 'n eis teen jou mag lei. As jy dit nie doen nie, mag ons besluit om nie jou eis te betaal nie. Jy moet aan ons afskrifte gee van alle dokumente (byvoorbeeld hofstukke of regsbriefe) wat met die voorval verband hou.

3.5.4 Jy moenie enige inligting deel of van beskadigde items ontslae raak nie

Jy moet nie:

- 3.5.4.1 Enige inligting deel of van beskadigde items wat aan 'n geldige eis onderhewig is ontslae raak nie, tensy ons jou ons skriftelike toestemming gegee het;
- 3.5.4.2 Mondeling of skriftelik erken dat jy skuldig is nie.



- 3.5.4.3 Enige beloftes maak, vergoeding gee of aanvaar nie (byvoorbeeld om bybetalings met derde partye ooreen te kom). Sulke optrede kan verhalingsregte benadeel.

3.5.5 Die vergoeding wat ons gee

As jy 'n geldige eis het, mag ons besluit om jou op een of meer van die volgende maniere te vergoed:

- 3.5.5.1 Te betaal vir herstelwerk by die hersteller van ons keuse.

- 3.5.5.2 Die item deur 'n verskaffer van ons keuse te vervang; of

- 3.5.5.3 Kontant te betaal.

Ons sal besluit hoe om jou te vergoed. Gaan asseblief die bepalings, voorwaardes en uitsluitings van elke afdeling na.

Jy moet ons goedkeuring kry voordat enige herstelwerk of vervangings gedoen word. Indien jy nie ons goedkeuring kry nie, kan ons jou eis afwys.

As ons besluit om die beskadigde item te vervang deur jou kontant te betaal of die item te vervang, behoort die beskadigde item aan ons en ons het die reg om dit by jou te kom haal. Jy mag nie die beskadigde item weggooi of hou sonder ons skriftelike toestemming nie.

3.5.6 Verhogings na 'n eis

Ons sal nie die vergoedingsperke wat in die bylae verskyn verminder nadat jy enige eis gehad het nie, tensy dit spesifiek so onder die toepaslike afdeling genoem word.

Die premie mag egter geraak word. Ons mag kies om te wag tot die hernuwingsdatum om jou premies te verhoog, of ons mag jou vra om 'n hoër premie te betaal vanaf die datum van die verlies of skade.

As jy 'n groot aantal eise gedurende die versekeringstydperk gehad het, mag ons kies om een of meer van die volgende te doen:

- 3.5.6.1 Nie jou polis hernu nie.

- 3.5.6.2 Jou polis kanselleer.

- 3.5.6.3 Jou premies verhoog.

- 3.5.6.4 Die bepalings en voorwaardes van jou polis verander (bv. Bykomende bybetalings te hef).

As ons jou polis kanselleer of nie hernu nie, is dit moontlik dat jy nie versekering by 'n ander versekeraar kan kry nie.

3.5.7 Help ons om vergoeding te verhaal

Jy moet aan ons redelike hulp gee om:

- 3.5.7.1 Maatreëls teen enige ander persoon te neem om die vergoeding wat ons aan jou betaal het, te verhaal.



3.5.7.2 Enige verlore of gesteelde items wat teruggevind is, te identifiseer en terug te kry.

Ons sal jou vergoed vir die redelike onkoste wat jy aangegaan het om ons te help. As jy ons nie help nie, moet jy die vergoeding wat ons betaal het, terugbetaal.

3.5.8 Ons mag regstappe namens jou neem

Ons mag die verdediging, verhaling of skikking van enige eis wat ons aanvaar het, oorneem en namens jou optree.

3.5.9 Indien ons jou eis weier

Ons mag jou hele eis of 'n gedeelte daarvan aanvaar of weier.

3.5.9.1 Indien ons jou eis weier, het jy 90 dae vanaf die datum waarop jy die weieringsbrief ontvang het, om beswaar aan te teken teen ons besluit. Jy moet die redes vir jou beswaar skriftelik aan ons stuur. As die tydperk verby is, mag jy nie teen ons besluit beswaar aanteken nie..

3.5.9.2 Indien jou beswaar nie suksesvol is nie, het jy 6 maande vanaf die einde van die 90-dae tydperk om 'n dagvaarding op ons te bedien. As jy ons nie binne hierdie tydperk dagvaar nie, sal ons geen verpligtinge onder hierdie polis hê nie.

3.5.10 Jy kan die Ombudsman kontak

3.5.10.1 Ons vergoed alle geldige eise onder hierdie polis eerlik, regverdig en spoedig. Indien jy van mening is dat ons dit nie gedoen het nie en 'n klagte wil indien, kontak asseblief jou finansiële raadgewer. As jy nie 'n finansiële raadgewer het nie, kontak asseblief jou plaaslike Old Mutual Insure kantoor.

3.5.10.2 As jy nog steeds nie tevrede is nie, het jy die reg om die Ombudsman vir Nie-Lewensversekering te kontak. Die kontakbesonderhede verskyn in die Onthullingskennisgewing wat aan die bylae geheg is.

3.5.10.3 Ons sal hou by enige besluit van die Ombudsman.

3.6 Ander belangrike bepalinge en voorwaardes om van kennis te neem

3.6.1 Veranderinge van premies

Ons mag jou premies enige tyd verander. Ons sal jou laat weet deur 31-dae kennis van enige verandering te gee.

3.6.2 Geen rente

Jy is nie verantwoordelik om rente op premies te betaal nie. Ons is nie verantwoordelik om rente op enige vergoeding of ander bedra wat ons jou skuld, te betaal nie.



3.6.3 As jy ander nie-lewensversekering vir dieselfde item het

As enige item wat ons onder hierdie polis verseker ook onder ander nie-lewensversekering gedek is, sal ons jou slegs vir ons gedeelte van die eis vergoed.

Voorbeeld:

Jou Rolex-polshorlosie is vir R80 000 onder hierdie polis verseker en vir R100 000 onder 'n versekeringspolis by 'n ander maatskappy. Dit beteken dat die gedeelte van jou Rolex-polshorlosie wat by ons verseker is, die volgende gedeelte is:

80 000

180 000

Dit beteken ons bydrae is gelyk aan 44%.

Jou Rolex-polshorlosie word gesteel en ons aanvaar jou eis. Omdat jy die ander versekeringspolis het, betaal ons jou slegs 44% van die eis.

Ander nie-lewensversekering geld nie vir die afdelings Persoonlike ongevalle en Identiteitsdiefstal nie.

3.6.4 Jy mag slegs onder een afdeling van die polis vir elke gebeurtenis eis

Ons sal jou nie onder meer as een afdeling van hierdie polis vergoed vir dieselfde verlies of skade wat vanuit dieselfde gebeurtenis of vir dieselfde item ontstaan het nie. Waar daar dekking onder meer as een afdeling gegee word, kan jy kies onder watter afdeling jy wil eis.

3.6.5 Nakoming van bepalinge en voorwaardes

Ons sal slegs 'n eis onder hierdie polis betaal as jy die bepalinge en voorwaardes van hierdie polis nagekom het.

3.6.6 Suid-Afrikaanse reg is van toepassing

Die Suid-Afrikaanse reg is van toepassing op hierdie polis. Jy stem in dat slegs die houe van die Republiek van Suid-Afrika enige geskil rakende hierdie polis, mag aanspreek.

3.6.7 Deel van inligting

Die Old Mutual Groep wil graag aan jou ononderbroke finansiële dienste bied en mag jou persoonlike inligting gebruik om jou inligting te gee van produkte en dienste wat gepas is vir jou finansiële behoeftes. SMS asseblief jou ID-nommer na 30994 as jy verkies om nie sulke inligting en/of finansiële dienste te ontvang nie.

Ons mag jou inligting gebruik om jou besonderhede vir die volgende doeleindes te bekom:

- onderskrywing;
- beoordeling en hantering van eise;
- nagaan van kredietrekords en/of bevestiging van persoonlike inligting;
- nagaan van eise;
- om begunstigdes op te spoor;
- voorkoming en opspoor van bedrog;
- marknavorsing en statistiese analise;



- doeleindes van oudit en hou van rekords;
- nakoming van wetlike en geregtelike vereistes;
- om jou identiteit te bevestig;
- om inligting te deel met diensverskaffers met wie ons 'n verbintenis het om sodanige inligting namens jou te verwerk, of wat dienste aan ons verskaf. hierdie diensverskaffers mag oorsee wees, maar ons sal nie jou inligting met hulle deel tensy ons tevrede is dat hulle voldoende veiligheidsmaatreëls in plek het om jou persoonlike inligting te beskerm nie.

Jy mag toegang kry tot die persoonlike inligting wat ons van jou het en mag ook versoek dat ons enige foute regstel of hierdie inligting uitwis. In sekere gevalle het jy die reg om beswaar aan te teken teen die prosessering van jou persoonlike inligting.

As jy enige navrae of kommer het, stuur gerus aan ons 'n epos by compliance@ominsure.co.za of kontak ons by 0860 225 563.

Jy het ook die reg om jou klagte in te dien by die Inligting Reguleerder, waarvan die kontakbesonderhede as volg is: <http://www.justice.gov.za/inforeg/index.html>.

Telefoonnommer: (012) 406 4818

Faksnommer: (086) 500 3351

Epos: inforeg@justice.gov.za

Besoek gerus ons webblad by <https://www.oldmutual.co.za/articles/old-mutual-insure-privacy-policy> om ons volledige privaatheid kennisgewing te bekyk of om jou voorkeure uit te oefen.

3.7 Wat ons nie verseker nie (uitsluitings)

Hierdie uitsluitings is van toepassing op al die afdelings van hierdie polis. Daar is ook uitsluitings wat slegs op die spesifieke afdelings van toepassing is. Maak asseblief seker dat jy al die uitsluitings van hierdie kontrak verstaan.

3.7.1 Gevolglike skade

Ons dek nie gevolglike skade nie. Gevolglike skade is enige bykomende skade wat plaasvind as gevolg van die versekerde verlies of skade.

Voorbeeld:

Jy ry lughawe toe met jou motor om 'n vliegtuig te haal. Op pad is jy in 'n motorongeluk betrokke. As gevolg van die ongeluk verpas jy jou vlug. Ons sal jou vergoed vir die skade aan die motor, maar nie vir die vlugkaartjie wat jy verloor nie.

3.7.2 Gebeurtenisse wat opsetlik veroorsaak is

Ons dek nie enige verlies of skade wat jy of enige persoon wat met jou saamsweer, opsetlik veroorsaak het nie.



3.7.3 Bedrog, oneerlikheid of wanvoorstelling

Ons dek geen verlies of skade wat gebaseer is op bedrog, oneerlikheid of wanvoorstelling nie. Wanvoorstelling is om misleidende of verkeerde feite te gee. Dit sluit oordrewe eise in.

As enige deel van jou eis bedrieglik, oneerlik of gebaseer is op wanvoorstelling, sal ons die hele eis van die hand wys en jou polis kanselleer.

As ons enige eise of gedeeltes van 'n eis betaal, wat ons later uitvind gebaseer was op bedrog, oneerlikheid of wanvoorstelling, sal jy alle voordele onder hierdie polis verloor en jy moet die bedrag wat ons betaal het, op versoek terugbetaal.

Ons mag jou polis dadelik kanselleer en mag 'n kriminele klag teen jou lê.

3.7.4 Swendelary

Ons dek nie verlies of skade wat voortspruit uit swendelary, bedrog of diefstal deur valse voorwendsels nie. As jy byvoorbeeld jou motor verkoop en die koper betaal jou met 'n valse bewys van betaling, sal ons jou nie vir die verlies van die motor betaal nie.

3.7.5 Aanspreeklikheid wat verband hou met kontrakte

Ons dek nie aanspreeklikheid wat voortspruit van 'n kontrak wat jy gesluit het nie, tensy jy aanspreeklik sou gewees het selfs al was daar geen kontrak nie..

3.7.6 Konfiskering deur wettige owerhede

Ons dek geen verlies, skade, liggaamlike besering of aanspreeklikheid indien 'n wettige owerheid beslag lê op die versekerde items nie. Byvoorbeeld deur nasionalisering, opkommandering, beslaglegging, konfiskering of verbeuring.

3.7.7 Boetes en strafvoltagekings

Ons dek geen bestraffende skadevergoeding, boetes of strafvoltagekings waarvoor jy aanspreeklik gehou word nie.

3.7.8 Besoedeling of kontaminasie

Ons dek geen aanspreeklikheid wat verband hou met besoedeling of kontaminasie van enige aard nie. Dit sluit die koste in van skoonmaak of vervanging van enige eiendom wat deur besoedeling of kontaminasie beskadig is.

3.7.9 Kernmateriaal

Ons dek nie verlies of skade wat direk of indirek as gevolg van enige van die volgende ontstaan nie:

- 3.7.9.1 Ionisering, uitstraling, radioaktiwiteit van enige kernbrandstof of van enige kernafval van die verbranding van kernbrandstof. Verbranding sluit enige self-onderhoudende proses van kernsplitsing in;
- 3.7.9.2 Besoedeling en kontaminasie weens kernmateriaal in enige vorm, insluitende kernafval;
- 3.7.9.3 Kernsplitsing of kernversmelting;



3.7.9.4 Kernwapens of kernontploffing.

Ons vergoed jou nie vir hierdie eise nie, selfs al het 'n ander gebeurtenis of oorsaak (nieteenstaande die volgorde van gebeurtenisse) bygedra tot die verlies, skade, liggaamlike besering of aanspreeklikheid.

Voorbeeld:

Daar is 'n ontploffing by 'n kernaanleg. Die ontploffing veroorsaak dat 'n watertoring buite die aanleg omval. Die water stroom in jou huis in en veroorsaak skade aan jou matte. Ons sal jou nie vir hierdie skade vergoed nie.

3.7.10

Oorlog, oproer, arbeidstakings of terrorisme

Ons sal nie enige eise aanvaar vir gebeurtenisse wat direk of indirek as gevolg van enige een of meer van die volgende ontstaan nie:

- 3.7.10.1 Arbeidsversteurings, oproer, staking, burgerlike opskudding, uitsluiting of openbare wanorde of enige optrede wat daarop gemik is om dit te veroorsaak.
- 3.7.10.2 Oorlog en oorlog-aktiwiteite, byvoorbeeld inval, optrede deur buitelandse vyande en burgeroorlog (of oorlog verklaar is of nie).
- 3.7.10.3 Krygswet, muitery, militêre oproer of 'n staat van beleg of enige gebeurtenis wat dit mag veroorsaak.
- 3.7.10.4 Revolusie, wat protesaksie, rebellie, burgerlike ongehoorsaamheid en vreesaanjaging van die publiek insluit.
- 3.7.10.5 Optrede of pogings om die regering of enige provinsiale-, plaaslike- of stamowerheid deur mag of deur middel van vrees, terrorisme of geweld omver te werp.
- 3.7.10.6 Terrorisme of dreigemente van terrorisme, of 'n poging om terrorisme of bedreiging van terrorisme te veroorsaak. Terrorisme sluit in die gebruik van geweld of dreigemente van geweld om enige politieke doelwit te bereik, of om enige sosiale of ekonomiese verandering teweeg te bring, of in protes teen enige staat of regering of enige provinsiale-, plaaslike- of stamowerheid. Dit sluit ook in optrede, of dit nou onskadelik vir menslike lewe is of nie, deur enige persoon of groep persone (of hulle alleen of in 'n groep optree) vir politieke, godsdienstige, persoonlike of ideologiese redes.
- 3.7.10.7 Enige gebeurtenisse waarvoor daar 'n vonds gestig is in terme van die Wet op Oorlogskadeversekering en -vergoeding, nr. 85 van 1976 of enige soortgelyke wet.
- 3.7.10.8 Die optrede van enige wettige owerheid om enige van die aktiwiteite wat hierbo genoem is, te beheer, voorkom, onderdruk of andersins te hanteer.



3.7.11

Sanksies

Ons dek geen gebeurtenis of eis wat ons aan enige sanksie, verbod of beperking onder regulasies van die Verenigde Nasies, of die handel- of ekonomiese sanksies, wetgewing of regulasies van die Europese Unie, Verenigde Koninkryk of die Verenigde State van Amerika sal blootstel nie.

3.7.12

Kuberverliese

Ons dek nie verlies, skade, aanspreeklikheid, koste of uitgawes van enige aard waartoe direk of indirek bygedra is deur of wat direk of indirek veroorsaak is deur, voortspruit uit of verband hou met 'n kubervoorval nie.

'n Kubervoorval sluit in:

- enige verlies of wysigings van, of skade aan of verminderde funksionaliteit, beskikbaarheid of werking van 'n rekenaarstelsel; 'n rekenaarstelsel sluit in: rekenaar, apparatuur (hardeware), programmatuur (sagteware), kommunikasiestelsels, elektroniese toestelle insluitend slimfoon, skootrekenaar, tablet, draagbare toestel, bediener, wolk of mikrobeheerder insluitend enige soortgelyke stelsel of enige konfigurasie van voormelde en insluitend enige geassosieerde toevoer, afvoer, datageheuestoel, netwerktoerusting of rugsteunfasiliteit;
- enige verlies van gebruik, verminderde funksionaliteit, herstel, vervanging, restaurasie of reproduksie van data. Data sluit in: data, feite, konsepte, kode of enige ander inligting van enige aard wat opgeteken of gestuur word in 'n vorm wat deur 'n rekenaarstelsel gebruik, oopgemaak, verwerk, gestuur of bewaar word.

Ons dek ook nie die volgende nie:

3.7.12.1 Enige waarde van die data; en

3.7.12.2 Enige stappe wat gedoen word om 'n kuberdaad te beheer, voorkom, onderdruk of reg te stel.

3.7.13

Uitsluiting t.o.v. Onderbreking van die Kragnetwerk

Ondanks enige ander bepaling van hierdie polis, insluitend enige uitsluiting, uitsondering, uitbreiding, versekeringsbepaling of enige ander bepaling wat andersins hierdie algemene uitsluiting sal herroep, dek hierdie polis nie die volgende nie: enige verlies, skade, eis, aanspreeklikheid, koste, blootstelling, uitgawe of ander bedrag van enige aard, insluitend enige voortspruitende verliese ingevolge enige afdeling van hierdie polis, wat direk of indirek, ongeag enige ander oorsaak of gebeurtenis wat gelyktydig of in enige ander volgorde daartoe bydra, veroorsaak word deur, toeskryfbaar is aan, ten gevolge is van, betrekking het op, voortspruit uit, volg op of enigsins verband hou met die volgende:

- Onderbreking van die Kragnetwerk (soos hieronder omskryf); en/of
- die herstel of heraansluiting van die kragtoevoer ná Onderbreking van die Kragnetwerk.



Onderbreking van die Kragnetwerk beteken 'n onderbreking of opskorting van kragtoevoer vanaf enige elektriese kragnetwerk aan enige eindgebruiker, op enige wyse, vanaf enige bron hoegenaamd, en om watter rede ook al, hetsy weens skade, onvermoë en/of faling (hetsy gedeeltelik of algeheel) van enige elektriese kragverskaffer om krag op te wek, te gelei of te versprei, of andersins.

Hierdie uitsluiting geld ook vir voortvloeiende verliese ten opsigte van enige openbare nutsdiensmaatskappye wat deur Onderbreking van die Kragnetwerk geaffekteer word, insluitend maar nie beperk nie tot die ontwrigting van water-, telekommunikasie- en rioolstelsels. Dit is ook van toepassing op ander voortvloeiende verliese soos die verslegting van voorraad, voedsel of ander items.

Hierdie uitsluiting is nie van toepassing nie op:

- enige verlies of skade aan eiendom, behalwe eiendom wat op enige wyse gebruik word vir, in werking gestel word in, of deel uitmaak van die opwekking of produksie van elektrisiteit, wat gedek word ingevolge enige afdeling of uitbreiding ten opsigte van openbare nutsmaatskappye (indien deur die Versekerde gekies) in hierdie polis
- enige verlies, skade, eis, aanspreeklikheid, koste, blootstelling, uitgawe of ander bedrag van enige aard, veroorsaak deur, toeskryfbaar aan, as gevolg van, met betrekking tot, voortspruitend uit, voortvloeiend uit, na aanleiding van, of wat op enige wyse verband hou met kragstuwing na aanleiding van beurtkrag soos hieronder omskryf:
 - o beurtkrag beteken die opsetlike totale of gedeeltelike weerhouding van kragvoorsiening (vanaf enige bron) deur 'n kragverskaffer, wat in fases toegepas word, en wat nie 'n munisipaliteit (insluitend plaaslike, distriks-, streeks- of enige ander vlak wat deur wetgewing geskep is) of provinsie of die land op wesenlik dieselfde tydstop affekteer nie.
 - o kragstuwing beteken 'n tydelike toename (in watter mate ook al) in die stroom of stroomspanning van 'n elektriese stroombaan, kragnetwerk of kragtoevoer.

3.7.14

Seksuele mishandeling, aanranding, teistering of molestering

Ons dek jou nie vir verlies, skade of aanspreeklikheidseise voortspruitend uit seksuele mishandeling, aanranding, teistering of molestering, insluitend onwelkome seksuele toenadering, versoeke vir seksuele gunste en enige onwelkome mondelinge, visuele of fisieke kontak van 'n seksuele aard.

3.8

Sasria

Sasria SOC Bpk. gee dekking vir al die afdelings wat jou versekering eiendom dek, soos in die bylae van hierdie polis genoem.

Sasria dek jou teen enige toevallige of opsetlike skade van jou versekerde eiendom wat veroorsaak is deur enige persoon of groep persone wat deelneem aan oproer, staking, uitsluiting, openbare wanorde, burgerlike beroering, arbeidsoproer of enige optrede wat 'n politieke, sosiale of ekonomiese doelwit, oogmerk of oorsaak het, of protes teen enige staat of regering.



Hierdie dekking is slegs beperk tot gebeurtenisse in die Republiek van Suid-Afrika.
'n Volledige beskrywing van dekking en uitsluiting is by jou bylae ingesluit.



SPESIFIEKE AFDELINGS

4. INHOUD AFDELING

4.1 Definisies in hierdie afdeling

beurtkrag	beteken die opsetlike totale of gedeeltelike weerhouding van kragvoorsiening (vanaf enige bron) deur 'n kragverskaffer, wat in fases toegepas word, en wat nie 'n munisipaliteit (insluitend plaaslike, distriks-, streeks- of enige ander vlak wat deur wetgewing geskep is) of provinsie of die land op wesenlik dieselfde tydstip affekteer nie.
botsing	beteken dat enige van die volgende voorwerpe gewelddadig en kragdadig met jou privaat woning kontak maak en skade aan jou inhoud berokken: • enige vliegtuig of lugtoestelle (bv., 'n warmlugballon) of enige voorwerp wat daarvan afval; • voertuie; • vallende bome of takke; • diere.
buitegeboue	beteken aparte, toegebooue geboue by die adres wat in die bylae verskyn, wat nie met die hoofgebou verbind is nie. Buitegeboue moet 'n dak en mure hê. Voorbeelde van buitegeboue sluit tuiskantore, privaat motorhuise en toegebooue lapas in. Tensy dit anders in die bylae aangedui is, moet die buitegeboue gebou wees van bakstene, klip, of beton met 'n leiklip-, teël-, metaal-, beton-, Harvey-teël-, asbes- of veselsementdak. As die buitegebou 'n riet-of grasdak het, word dit as 'n buitegebou beskou selfs al is dit verbind met die privaat woning met 'n middeldeur, of as dit binne 4 meter vanaf die hoofwoning is en die grootte van die dak minder is as 15% van die dakgrootte van die hele privaat woning. Die buitegeboue moet geleë wees by die adres wat in die bylae verskyn.



geld	beteken banknote, munte wat nie deel is van 'n versameling nie, tjeks, posorders, bankorders, reiskaartjies, reisigerstjeks, posseëls, spaarseëls, sertifikate, skuldbriewe en ander verhandelbare instrumente. Geld sluit nie goud- of silwer stawe in nie.
huishoudelike personeel	beteken mense wat jy by jou privaat woning in diens neem.
huurder	beteken 'n persoon wat jou privaat woning of 'n gedeelte van jou privaat woning ingevolge 'n mondelinge, skriftelike of digitale kontrak huur of bewoon.
inhoud	beteken die inhoud van jou privaat woning wat aan jou behoort of waarvoor jy regtens verantwoordelik is. Dit sluit die volgende in: • persoonlike besittings soos klere; • toerusting en toestelle, bv., oudiovisuele toerusting, stofsuikers, yskaste; • meubels; • los en vaste toebehore wat aan jou as huurder van die privaat woning behoort, uitgesluit geisers en sonkrag-geisers; • buitelug- en tuin items; • geld tot die vergoedingsperk wat in die bylae verskyn; • sake-goedere en toerusting wat in die privaat woning en buitegeboue gehou word tot die vergoedingsperk wat in die bylae verskyn gedurende enige kalenderjaar. • huishoudelike outomatiseringstoestelle, insluitend alle stelselkomponente wat aan jou as huurder of eienaar van die privaat woning behoort. • draagbare kragopwekkers wat aan jou as huurder of eienaar van die privaat woning behoort, met dien verstande dat hierdie items nie meer spesifiek elders in hierdie polis verseker is of deur enige ander nie-lewensversekeringspolis gedek word nie; • sonpanele en reserwekragstelsel/s (wat die vaste bykomstige toerusting soos vaste batterystelsels en omskakelaars insluit) wat aan jou as huurder van die privaat woning behoort.



jy / jou	beteken die polishouer, die mede-polishouer in die bylae genoem, die polishouer se eggenoot en die polishouer of eggenoot se kinders wat finansiëel afhanklik is van hulle en permanent by hulle woon. Dit sluit ook enige ander familieledede in wat permanent by die polishouer woon en finansiëel van die polishouer afhanklik is. Om verseker te wees, moet hierdie familieledede in die bylae as mede-polishouers genoem word.
kragstuwing	beteken 'n tydelike toename (in watter mate ook al) in die stroom of stroomspanning van 'n elektriese stroombaan, kragnetwerk of kragtoevoer.
kwaadwillige beskadiging	beteken die onwettige en opsetlike beskadiging van jou eiendom deur 'n ander persoon wat nie in jou privaat woning woon nie. Dit sluit nie skade in wat deur diefstal of poging tot diefstal veroorsaak is nie.
onbewaak	beteken dat jy nie by jou privaat woning of voertuig is nie (soos die geval mag wees) en niemand in beheer gelaat het van jou eiendom met die uitdruklike opdrag om daarna om te sien nie.
onbewoon	beteken dat vir 'n tydperk van 60 agtereenlopende dae per jaar, niemand in jou privaat woning woon nie.
ongediertes	beteken enige diere of insekte wat normaalweg as peste beskou word. Voorbeelde van ongediertes sluit rotte, muise, kokerrotte of eekhorings in. Hierdie definisie van ongediertes sluit nie wilde bobbejane of wilde ape in nie.
privaat woning	beteken die hoof gebou en geboue wat met 'n middeldeur aan die hoof gebou verbind is (aangrensende geboue), wat geleë is by die adres wat in die bylae verskyn. Dit is die huis waar jy permanent woon. Tensy dit anders in die bylae aangedui is, moet die hoofwoning en aangrensende geboue gebou wees van bakstene, klip, metaal of beton met 'n leiklip-, teël-, metaal-, beton-, Harvey-teël-, asbes- of veselsementdak.
professionele doeleindes	beteken dat die item gebruik word om geld te verdien, eerder as 'n stokperdjie.
risiko-adres	beteken die adres waar jou versekerde eiendom geleë is, soos in die bylae aangedui.



sake-goedere	beteken enige inhoud van jou privaat woning wat aan jou behoort of waarvoor jy verantwoordelik is en wat gebruik word vir sake- of professionele doeleindes. Sake-goedere sluit nie voorraad in nie.
sonpanele	beteken 'n toestel wat met behulp van fotovoltaiëse selle (PV-selle) sonlig in elektrisiteit omsit. PV-selle word vervaardig uit stowwe wat elektrone genereer wanneer hulle aan lig blootgestel word. Die elektrone vloei deur 'n stroombaan en genereer gelykstroom (GS)-elektrisiteit, wat gebruik kan word om verskillende toestelle van krag te voorsien of in batterye gestoor kan word. Sonpanele staan ook bekend as sonselpanele, sonkragpanele of PV-modules.
standaard konstruksie	beteken 'n gebou met mure van baksteen, klip of beton met 'n leiklip-, teël-, metaal-, beton-, Harvey-teël-, asbes- of veselcementdak.
toevallige verlies of skade	beteken skielike en onvoorsiene verlies van of skade aan die inhoud van jou privaat woning, wat nie deur 'n versekerde gebeurtenis gedek is nie.
troeteldier	beteken 'n huishoudelike kat, hond of voël wat aangehou word vir geselskap.
tuinskuur	beteken 'n klein buitegebou wat nie van standaardkonstruksie is nie. Ons verseker nie jou tuinskuur indien dit uit skadunet of plastiekmateriaal bestaan nie.
vervangingswaarde	beteken die koste om die versekerde eiendom met soortgelyke nuwe eiendom te vervang as dit verlore of beskadig is.
wilde bobbejane of wilde ape	beteken primate wat vryelik in die natuur woon en nie as troeteldiere of plaasdiere aangehou word of enigsins in aanhouding gehou word nie.

4.2 Wat ons verseker

4.2.1 Jou inhoud

Ons dek die inhoud van jou privaat woning en buitegeboue teen verlies of skade wat deur versekerde gebeurtenisse veroorsaak is. Die inhoud moet vir privaatdoeleindes aangewend word en aan jou behoort, of jy moet verantwoordelik wees vir die items.

4.2.2 Ons dek geld tot die vergoedingsperk wat in die bylae verskyn

4.2.3 Ons dek ook jou inhoud in enige van die volgende geboue:

4.2.3.1 Buitegeboue. (behalwe vir diefstal sonder tekens van inbraak).



- 4.2.3.2 Waar jy tydelik woon.
- 4.2.3.3 Waar jy werksaam is tot die vergoedingsperk wat in die bylae verskyn).
- 4.2.3.4 'n Sakeperseel waar jou inhoud opgemaak, opgeknip, herstel, skoongemaak of gekleur word tot die vergoedingsperk wat in die bylae verskyn.
- 4.2.3.5 'n Kommersiële bergingsfasiliteit waar jy jou inhoud vir veilige bewaring gelaat het.
- 4.2.3.6 Enige hotel, gastehuis, klub of bankkluis.

4.3 Soort dekking

Verwys asseblief na jou bylae om seker te maak watter soort dekking jy het.

4.3.1 Volle dekking insluitend insakking of grondverskuiwing

As jy volle dekking met beperkte insakking of grondverskuiwing het, dek ons jou inhoud teen al die versekerde gebeurtenisse en uitgebreide dekkings, maar nie teen verlies of skade wat veroorsaak word deur inkrimping, uitsetting of deining van klei- en soortgelyke soorte grond weens die vog- of waterinhoud daarvan nie.

4.3.2 Volle dekking uitsluitend insakking of grondverskuiwing

As jy volle dekking met uitsluiting van beperkte insakking of grondverskuiwing het, dek ons jou inhoud teen al die versekerde gebeurtenisse en uitgebreide dekkings. Ons dek egter nie jou inhoud teen verlies of skade wat deur insakking of grondverskuiwing veroorsaak is nie.

4.3.3 Beperkte dekking

As jy beperkte dekking het, dek ons jou inhoud teen al die versekerde gebeurtenisse, insluitend beperkte insakking of grondverskuiwing.

Ons verseker nie verlies of skade wat deur diefstal of poging tot diefstal veroorsaak word nie.

Ons dek ook die volgende uitgebreide dekkings:

- 4.3.3.1 Sake-goedere tot die vergoedingsperk wat in die bylae verskyn.
- 4.3.3.2 Verlies van of skade aan inhoud in 'n tuinskuur (nie teen diefstal of poging tot diefstal nie).
- 4.3.3.3 Alternatiewe verblyf (nie teen diefstal of poging tot diefstal nie).
- 4.3.3.4 Alternatiewe verblyf vir troeteldiere (nie teen diefstal of poging tot diefstal nie).
- 4.3.3.5 Brandbluskoste.
- 4.3.3.6 Verlies van water as gevolg van lekkasie.
- 4.3.3.7 Opruimingskoste na 'n versekerde gebeurtenis.
- 4.3.3.8 Verhoging weens inflasie.



- 4.3.3.9 Tydelike verhoging van jou Inhoud vergoedingsperk.
- 4.3.3.10 Koste vir voorbereiding van eise.
- 4.3.3.11 Kolhou.
- 4.3.3.12 Voltal.
- 4.3.3.13 Huurdersaanspreeklikheid.

4.4 Versekerde gebeurtenisse

Ons dek jou inhoud teen verlies of skade wat deur enige van die volgende versekerde gebeurtenisse veroorsaak is:

4.4.1 Brand, weerlig of ontploffing

4.4.2 Kwaadwillige beskadiging

Ons dek egter nie kwaadwillige beskadiging wat veroorsaak is deur iemand wat in jou privaat woning woon nie.

4.4.3 Storm, vloed, wind, water, hael of sneeu

Ons dek egter nie enige van die volgende nie:

- 4.4.3.1 Verlies of skade wat veroorsaak is deur enige proses wat water gebruik of aanwend.
- 4.4.3.2 Verlies van of skade aan eiendom wat buite is, tensy die eiendom ontwerp of bedoel is om buite te gebruik.

4.4.4 Aardbewing

4.4.5 Oopbars of oorloop van pype, olie verhittingsapparate, waterapparate of warmwatersilinders soos geisers (behalwe vir skade aan die apparate self)

4.4.6 Botsing

4.4.7 Insakking of grondverskuiwing

Ons dek skade aan jou inhoud wat veroorsaak is deur geleidelike insinking van grond (insakking), gronddeining (geleidelike opswel van grond) of verskuiwing van die grond wat jou privaat woning stut.

Ons dek egter nie verlies of skade wat deur enige van die volgende veroorsaak of vererger is nie:

- 4.4.7.1 Foutiewe ontwerp, onvoldoende inpaktering of opvulling, swak konstruksie.
- 4.4.7.2 Verwydering of verswakking van stutte.
- 4.4.7.3 Strukturele veranderinge, aanbouings of herstelwerk.
- 4.4.7.4 Uitgrawings van die oppervlak of ondergronds, behalwe vir mynbedrywighede.
- 4.4.7.5 Normale afsakking, inkrimping of uitsetting van die geboue.



4.4.7.6 Inkrimping, uitsetting of deining van klei en soortgelyke soorte grond weens die vog- of waterinhoud daarvan.

As ons jou eis vir insakking, grondverskuiwing of gronddeining van die hand wys omdat ons sê dat jou eis nie deur hierdie versekerde gebeurtenis gedek is nie en jy stem nie saam met ons besluit nie, moet jy bewys dat die skade wel deur hierdie versekerde gebeurtenis gedek is.

Hierdie dekking is onderhewig aan die bybetaling wat langs dit in die bylae verskyn.

4.4.8 Diefstal of poging tot diefstal

As jou privaatwoning egter onbewoon is, of verhuur of uitgeleen word, moet daar sigbare tekens van kragdadige toegang tot of uitgang vanuit jou privaatwoning wees

Ons vergoeding vir verlies of skade wat deur diefstal of poging tot diefstal veroorsaak is, word by die volgende geboue beperk tot die bedrae in die bylae verskyn:

4.4.8.1 Buitegeboue, tensy daar sigbare tekens van kragdadige toegang tot of uitgang vanuit die buitegeboue is, of daar dreigemente van geweld teen jou of jou huishoudelike personeel is.

4.4.8.2 Waar jy werksaam is, tensy daar sigbare tekens van kragdadige toegang tot of uitgang vanuit die gebou is, of daar dreigemente van geweld teen jou is.

Ons dek egter nie die volgende items teen diefstal of poging tot diefstal by jou werkplek nie:

- juweliersware of horlosies;
- draagbare kommunikasietoestelle, bv., selfone of satellietnavigasie toestelle (gps toestelle);
- draagbare rekenaars en tablette, bv., ipads, skootrekenaars, palmrekenaars of elektroniese notaboeke.

4.4.8.3 By 'n sakeperseel waar jou inhoud opgemaak, verander, opgeknep, herstel, skoongemaak of gekleur word slegs as daar sigbare tekens van kragdadige toegang tot of uitgang vanuit die gebou is.

4.5 Uitgebreide dekkings wat deel vorm van die vergoedingsperk

4.5.1 Toevallige skade insluitend kragstuwingsdekking (uistluitend beurtkrag) (as die soort versekering Volle dekking is)

Ons dek jou inhoud teen toevallige skade insluitend skade in wat deur kragstuwings veroorsaak word geleë by die risiko-adres wat in die bylae aangedui word.

Hierdie dekking is beperk tot die vergoedingsperk wat in die bylae verskyn vir enige enkele voorval of reeks voorvalle.



Jy moet die bybetaling betaal wat in die bylae aangedui word.

Ons dek egter nie enige van die volgende nie:

4.5.1.1 Verlies of skade veroorsaak is deur:

- 'n kleur-, skoonmaak- of opknappingsproses;
- huishoudelike plae (soos knaagdiere, miere en motte);
- meganiese, elektriese of elektroniese onklaarraking;
- waardevermindering, slytasie en geleidelike agteruitgang;
- kragstuwing ná beurtkrag of enige onderbreking van die kragnetwerk op enige wyse.

4.5.1.2 Verlies of skade aan:

- enige inhoud van yskaste en vrieskaste;
- tuintoerusting, -meubels of –gereedskap (wat gereedskap vir 'n swembad of dammetjie insluit);
- sporttoerusting wat beskadig is terwyl jy dit gebruik het;
- draagbare rekenaartoe­rusting, insluitend skootrekenaars, iPads en tablette;
- draagbare kommunikasietoe­rusting, bv., selfone;
- sonpanele en reserwekragstelsel/s (wat die vaste bykomstige toerusting soos vaste batterystelsels en omskakelaars insluit) wat aan jou as huurder van die privaat woning behoort.

4.5.1.3 Krake, krappe of duike van glasware, meubels, juweliersware of ander breekbare items.

4.5.1.4 Verlies of skade wat gedek is deur enige vervaardiger se waarborg, koop­pooreenkoms of dienskontrak.

4.5.2 Terwyl jy na 'n nuwe woning verhuis (as die soort versekering Volle dekking is)

Ons dek jou inhoud teen verlies of skade vat deur diefstal, brand, botsing of omslaan van die voertuig veroorsaak is terwyl jy permanent na 'n nuwe woning verhuis of as meubels na jou privaat woning vervoer word.

Botsing beteken die onopsetlike botsing van een voertuig met 'n ander voertuig, 'n stilstaande voorwerp of 'n persoon, wat skade aan die voertuig veroorsaak.

Hierdie dekking is onderhewig aan die voorwaarde dat die trek deur 'n professionele trekmaatskappy behartig moet word.

4.5.3 Terwyl jy inhoud vervoer (as die soort versekering Volle dekking is)

Ons dek jou inhoud teen die volgende:

4.5.3.1 Diefstal terwyl dit na of vanaf 'n kommersiële bergingsfasiliteit of bankkluisfasiliteit vervoer word.



4.5.3.2 Verlies of skade wat deur brand, botsing of omslaan van die motor veroorsaak is, terwyl jy dit na of vanaf enige plek vervoer waar jy dit gekoop, laat herstel of opknap het.

Botsing beteken die onopsetlike botsing van een voertuig met 'n ander voertuig, 'n stilstaande voorwerp of 'n persoon, wat skade aan die voertuig veroorsaak.

Hierdie dekking is beperk tot die bedrag wat in die bylae verskyn.

4.5.4 Toevallige skade aan glas (as die soort versekering Volle dekking is)

Ons dek toevallige skade aan spieëls of glas in of aan meubels of toestelle.

4.5.5 Toevallige skade aan oudiovisuele toerusting (as die soort versekering Volle dekking is)

Ons dek toevallige skade aan enige van die volgende:

4.5.5.1 Televisiestelle en -skerm.

4.5.5.2 Dekodeerders en ander toestelle vir die aflaai van visuele data.

4.5.5.3 Satellietkottels en lugdrade.

4.5.5.4 Toerusting vir die kopiëring van klank en aflaai van oudio data (bv. DVD-spelers of mediaspelers).

4.5.5.5 Proximas en multimedia projektors.

Ons dek egter nie enige van die volgende nie:

4.5.5.6 Oudiovisuele toerusting wat nie in jou privaat woning is nie.

4.5.5.7 Verlies of skade wat veroorsaak is deur kragstuwings ná beurtkrag of enige onderbreking van die kragnetwerk op enige wyse.

4.5.6 Diefstal uit 'n voertuig (as die soort versekering Volle dekking is)

Ons dek verlies van of skade aan jou inhoud wat deur diefstal vanuit 'n voertuig veroorsaak is.

Hierdie dekking is beperk tot die bedrag wat in die bylae verskyn.

Hierdie dekking is onderhewig aan die volgende voorwaardes.

4.5.6.1 Die voertuig se vensters moet toe wees.

4.5.6.2 Enige versekerde items moet in die gesluite bagasieruim, gesluite kasse of onder 'n uittrekbare of verwyderbare bagasieruimbedekking van die voertuig wees; en

4.5.6.3 Jy moet die voertuig gesluit het voordat dit onbewaak gelaat is.

Ons dek egter nie diefstal of poging tot diefstal van enige persoonlike besittings uit 'n onbewaakte voertuig nie.

4.5.7 Sakegoedere

Ons dek jou sakegoedere by jou privaat woning teen verlies of skade wat deur 'n versekerde gebeurtenis veroorsaak is.



Indien jy jou sakegoedere by jou privaat woning vir privaat doeleindes gebruik, sal ons die gebruik nog steeds as besigheidsgebruik beskou.

Hierdie dekking is beperk tot die bedrag wat in die bylae verskyn.

Hierdie dekking is onderhewig aan die voorwaarde dat verlies of skade wat deur diefstal of poging tot diefstal veroorsaak is, slegs gedek sal wees as daar sigbare tekens van kragdadige toegang tot of uitgang vanuit jou privaat woning is.

Ons dek egter nie enige van die volgende nie:

4.5.7.1 Handelsvoorraad.

4.5.7.2 Aanspreeklikheid wat ontstaan vanuit jou sake-aktiwiteite by jou privaat woning.

4.5.8 Verlies van of skade aan inhoud van 'n tuinskuur

Ons dek jou inhoud teen verlies of skade wat deur 'n versekerde gebeurtenis veroorsaak is terwyl dit in 'n tuinskuur gehou word.

Hierdie dekking is beperk tot die bedrag wat in die bylae verskyn, tensy die inhoud van die tuinskuur spesifiek in die bylae aangedui word.

Hierdie dekking is onderhewig aan die voorwaarde dat daar sigbare tekens van kragdadige toegang tot of uitgang vanuit die tuinskuur moet wees as die verlies of skade deur diefstal veroorsaak is.

4.6 Uitgebreide dekkings bykomend tot die vergoedingsperk

Die volgende dekkings is bykomend tot die vergoedingsperk van jou Inhoud wat in die bylae verskyn.

4.6.1 Diefstal vanaf die perseel van jou privaat woning (as die soort versekering Volle dekking is)

Ons dek die volgende items diefstal vanaf die perseel van jou privaat woning:

4.6.1.1 Wasgoed.

4.6.1.2 Tuin- en swembadmeubels en toerusting, swembad veiligheidsnette en -bedekkings.

4.6.1.3 Braaitoerusting.

4.6.1.4 Wipmatte.

4.6.1.5 Kragopwekkers/omskakelaars (inverters) in die buitelug;

4.6.1.6 Sonpanele en reserwekragstelsel/s (wat die vaste bykomstige toerusting soos vaste batterystelsels en omskakelaars insluit) wat aan jou as huurder van die privaat woning behoort.

Jy moet die bybetaling betaal wat in die bylae aangedui word.

Hierdie dekking is beperk tot die bedrae wat in die bylae verskyn.



4.6.2 Skade aan die tuin (as die soort versekering Volle dekking is)

Ons dek die vervangingskoste van bome, struik en plante op die perseel van jou privaat woning na skade wat veroorsaak is deur:

- 4.6.2.1 Brand.
- 4.6.2.2 Brandbestryding.
- 4.6.2.3 Ontploffing.
- 4.6.2.4 Botsing deur voertuie, vliegtuie, ander lugtoestelle of ander voorwerpe wat uit die lug val; of
- 4.6.2.5 Kwaadwillige beskadiging.

Hierdie dekking is beperk tot die bedrag wat in die bylae verskyn.

4.6.3 Gaste se eiendom (as die soort versekering Volle dekking is)

Ons dek die persoonlike eiendom van 'n gas wat tydelik by jou woon teen verlies of skade wat deur 'n versekerde gebeurtenis veroorsaak is.

Hierdie dekking is beperk tot die bedrag wat in die bylae verskyn.

Hierdie dekking is onderhewig aan die volgende voorwaardes:

- 4.6.3.1 Jou gas moet geen ander versekering hê wat die verlies of skade dek nie.
- 4.6.3.2 Die versekerde gebeurtenis moes by jou privaat woning plaasgevind het.

Ons dek egter nie verlies van of skade aan geld nie.

4.6.4 Huishoudelike personeel se eiendom (as die soort versekering Volle dekking is)

Ons dek die persoonlike eiendom van jou huishoudelike personeel teen verlies of skade wat deur 'n versekerde gebeurtenis veroorsaak is.

Hierdie dekking is beperk tot die bedrag wat in die bylae verskyn.

Hierdie dekking is onderhewig aan die volgende voorwaardes:

- 4.6.4.1 Jou huishoudelike personeel moet geen ander versekering hê wat die verlies of skade dek nie.
- 4.6.4.2 Die versekerde gebeurtenis moes by jou privaat woning of buitegeboue plaasgevind het.

Ons dek egter nie verlies van of skade aan geld nie.

4.6.5 Dokumente (as die soort versekering Volle dekking is)

Ons dek die koste van materiaal en arbeid om jou persoonlike dokumente te vervang na verlies of skade wat deur 'n versekerde gebeurtenis veroorsaak is.

Hierdie dekking is beperk tot die bedrag wat in die bylae verskyn.

Ons dek egter geen waarde wat jy heg aan die inhoud van die dokumente nie.



4.6.6 Indiensname van 'n veiligheidswag (as die soort versekering Volle dekking is)

Ons dek die koste om 'n veiligheidswag in diens te neem na verlies of skade wat deur 'n versekerde gebeurtenis veroorsaak is.

Hierdie dekking is beperk tot die bedrag wat in die bylae verskyn.

4.6.7 Sleutels, slotte en elektroniese veiligheidstoestelle (as die soort versekering Volle dekking is)

Ons dek die koste om verlore of beskadigde sleutels (wat kaartsleutels insluit), slotte en afstandbeheerkontroles van jou privaat woning te vervang.

Hierdie dekking is beperk tot die bedrag wat in die bylae verskyn.

4.6.8 Alternatiewe verblyf

As jou privaat woning as gevolg van 'n versekerde gebeurtenis nie geskik is om in te woon nie, dek ons alternatiewe verblyf van soortgelyke waarde en ligging as jou privaat woning.

Hierdie dekking is beperk tot die bedrag van vergoeding wat in jou bylae vir Inhoud aangedui word en vir die tydperk wat dit redelik nodig is om jou privaat woning weer geskik te maak om te bewoon.

Hierdie dekking is onderhewig aan die voorwaarde dat ons sal besluit wanneer jou privaat woning na verlies of skade nie geskik is om in te woon nie.

4.6.9 Alternatiewe verblyf vir troeteldiere

Ons dek noodverblyf vir jou huishoudelike troeteldiere as jou privaat woning as gevolg van 'n versekerde gebeurtenis nie geskik is om in te woon nie.

Hierdie dekking is beperk tot die bedrag wat in die bylae verskyn.

Hierdie dekking is onderhewig aan die voorwaarde dat ons sal besluit wanneer jou privaat woning na verlies of skade nie geskik is om in te woon nie.

4.6.10 Veeartskoste (as die soort versekering Volle dekking is)

Ons dek veeartskoste vir toevallige liggaamlike besering as jou troeteldier in 'n padongeluk of as gevolg van geweld deur inbrekers beseer is.

Hierdie dekking is beperk tot die bedrag wat in die bylae verskyn.

Ons dek egter nie veeartskoste as die beseerde troeteldier deur enige ander versekering, wat troeteldierversekering insluit, gedek word nie.

4.6.11 Toevallige dood van besering in jou privaat woning (as die soort versekering Volle dekking is)

Ons sal jou boedel betaal as jy toevallige liggaamlike besering in jou privaat woning opdoen en jy binne 90 dae as 'n direkte gevolg van die besering sterf.

Hierdie dekking is beperk tot die bedrag wat in die bylae verskyn.



4.6.12

Toevallige bederf van die inhoud van yskaste en vrieskaste (as die soort versekering Volle dekking is)

Ons dek toevallige bederf van die inhoud van jou yskaste of vrieskaste in jou privaat woning en buitegeboue indien die bederf voortspruit uit 'n temperatuurverandering van die yskas of vrieskas wat veroorsaak is deur jou toedoen (hetsy opsetlik of nie), aanpassing van die yskas of vrieskas se temperatuurbeheer of enige ander gedrag deur jou wat 'n verandering in die temperatuur van die yskas of vrieskas veroorsaak.

Hierdie dekking is beperk tot die bedrag wat in die bylae verskyn.

Ons dek egter nie enige van die volgende nie:

4.6.12.1 Skade aan die yskaste of vrieskaste self of enige onderdeel of komponent daarvan.

4.6.12.2 Bederf van die inhoud van jou yskaste of vrieskaste:

- omdat jy nie genoeg elektrisiteit, krag of brandstof gekoop het nie of nie daarvoor betaal het nie;
- weens beurtkrag;
- weens 'n kragstuwing ná:
 - beurtkrag; of
 - enige onderbreking in die kragtoevoernetwerk van enige aard.

Jy moet die bybetaling betaal wat in die bylae aangedui word.

4.6.13

Bergingskoste na skade (as die soort versekering Volle dekking is)

Ons dek die noodsaaklike koste om jou inhoud te beskerm en berg nadat 'n versekerde gebeurtenis plaasgevind het. Dit sluit die vervoerkoste van jou inhoud na die bergingsfasiliteit in.

Hierdie dekking is beperk tot die bedrag wat in die bylae verskyn.

4.6.14

Besittings van ouers in 'n aftree-oord (as die soort versekering Volle dekking is)

Ons dek verlies of skade wat veroorsaak word deur 'n versekerde gebeurtenis, uitsluitend kragstuwings ná beurtkrag of enige onderbreking van die kragnetwerk op enige wyse aan die persoonlike besittings van jou ouers terwyl hulle weg van jou privaat woning in 'n geregistreerde aftree-oord woon.

Hierdie dekking is beperk tot die bedrag wat in die bylae verskyn.

Hierdie dekking is onderhewig aan die volgende voorwaardes:

4.6.14.1 Verlies of skade wat deur diefstal of poging tot diefstal veroorsaak is, sal slegs gedek wees as daar sigbare tekens van kragdadige toegang tot of uitgang vanuit die aftree-oord is.

4.6.14.2 Jou ouers moet nie ander versekering hê wat die verlies of skade dek nie.



4.6.15 Brandbluskoste

Ons dek die redelike koste wat die brandweer hef om 'n brand by jou privaat woning te blus of voorkom.

Hierdie dekking is beperk tot die bedrag wat in die bylae verskyn.

4.6.16 Verlies van water deur lekkasie

Ons dek die koste van waterverlies vanuit lekkende pype by jou privaat woning of op die perseel van jou privaat woning as jy verantwoordelik is vir hierdie koste.

Hierdie dekking is beperk tot die bedrag wat in die bylae verskyn en tot twee aparte voorvalle per kalenderjaar.

Hierdie dekking is onderhewig aan die volgende voorwaardes:

- 4.6.16.1 Die waterlesing moet minstens 50% meer wees as die gemiddeld van die vorige vier lesings.
- 4.6.16.2 As jy 'n lekkasie ontdek (hetsy deur fisiese bewys of as gevolg van 'n abnormaal hoë waterrekening), moet jy dadelik stappe neem om die pype te herstel, anders sal ons nie vir die koste van waterverlies betaal nie.

Ons dek egter nie die koste van waterverlies van enige van die volgende nie:

- 4.6.16.3 Lekkende krane, warmwatersilinders of toilette.
- 4.6.16.4 Swembaddens of lekkasies van die inlaat- of uitlaatpype van die swembad.
- 4.6.16.5 Lekkasies wat plaasvind gedurende die tydperk wat jou privaat woning vir meer as 30 agtereenvolgende dae onbewoon gelaat word.

4.6.17 Opruimingskoste na 'n versekerde gebeurtenis

Ons dek die redelike koste om puin vanaf jou privaat woning en die perseel, wat onder hierdie polis verseker is, te verwyder na verlies of skade wat deur 'n versekerde gebeurtenis veroorsaak is.

Hierdie dekking is beperk tot die bedrag wat in die bylae verskyn.

4.6.18 Tydelike verhoging van jou Inhoud vergoedingsperk

Ons verhoog die vergoedingsperk van jou Inhoud afdeling vir die tydperk vanaf 15 Desember tot 15 Januarie.

Die persentasie verhoging verskyn in die bylae.

4.6.19 Koste vir voorbereiding van eise

Ons sal jou die koste betaal om enige dokumente, bewyse of besonderhede te kry wat jy nodig het om 'n geldige eis ingevolge die afdeling van hierdie polis voor te berei.

Hierdie dekking is beperk tot die bedrag wat in die bylae verskyn.



4.6.20

Kolhou

Ons sal jou vergoed vir die behaal van 'n kolhou tydens die versekeringstydperk, terwyl jy gholf as 'n amateur speel.

Hierdie dekking is beperk tot die bedrag wat in die bylae verskyn.

Hierdie dekking is onderhewig aan die volgende voorwaardes:

- 4.6.20.1 Jy moet die kolhou op 'n geregistreerde gholfbaan behaal.
- 4.6.20.2 Jy moet speel ingevolge erkende gholfreëls.
- 4.6.20.3 Die sekretaris van die toepaslike gholfklub moet skriftelik bevestig dat jy die kolhou behaal het.

4.6.21

Voltal

Ons sal jou vergoed vir die behaal van 'n voltal tydens die versekeringstydperk, terwyl jy rolbal as 'n amateur speel.

Hierdie dekking is beperk tot die bedrag wat in die bylae verskyn.

Hierdie dekking is onderhewig aan die volgende voorwaardes:

- 4.6.21.1 Jy moet die voltal behaal tydens 'n amptelike kompetisie.
- 4.6.21.2 Die spel moet op 'n geregistreerde rolbalbaan plaasvind.
- 4.6.21.3 Jy moet speel ingevolge die erkende reëls van die spel en al 8 of 9 rolballe moet tel.
- 4.6.21.4 Die sekretaris van die toepaslike rolbalklub moet skriftelik bevestig dat jy 'n voltal behaal het.
- 4.6.21.5 As meer as een persoon 'n voltal tydens dieselfde kompetisie behaal, sal ons jou vir slegs een voltal vergoed.

4.7

Huurdersaanspreeklikheid

4.7.1

Huurdersaanspreeklikheid

Ons dek jou regs aanspreeklikheid wat gedurende die versekeringstydperk gebeur as die huurder of bewoner van die privaat woning teen die volgende:

- 4.7.1.1 Toevallige dood van 'n ander persoon.
- 4.7.1.2 Toevallige liggaamlike besering of siekte van 'n ander persoon.
- 4.7.1.3 Toevallige verlies van of skade aan eiendom wat aan 'n ander persoon behoort.
- 4.7.1.4 Verlies van of skade aan die privaat woning wat deur 'n versekerde gebeurtenis veroorsaak is.
- 4.7.1.5 Toevallige skade aan die privaat woning (wat sanitêre ware, vaste glas en vaste toebehore insluit).
- 4.7.1.6 Toevallige skade aan water-, riool-, gas-, elektrisiteit- of telefoonverbindings.



Ons betaling sal die volgende insluit:

4.7.1.7 Die bedrae waarvoor jy aanspreeklik is.

4.7.1.8 Regskoste van die ander persoon waarvoor jy aanspreeklik is.

4.7.1.9 Koste wat jy aangaan om die eis teen jou met ons toestemming te skik of verdedig.

4.7.2 Vergoedingsperk

Die vergoedingsperk ten tye van die verlies, skade, liggaamlike besering, siekte of dood, verskyn in die bylae. Hierdie bedrag is van toepassing op enige enkele gebeurtenis of 'n reeks van gebeurtenisse wat die gevolg is van 'n enkele gebeurtenis.

4.7.3 Wat ons nie onder Huurdersaanspreeklikheid dek nie

Ons dek nie die volgende nie:

4.7.3.1 Aanspreeklikheid wat deur enige van die volgende persone geëis word:

- jy of enige lid van jou familie wat normaalweg by jou woon;
- jou direkteure, lede, trustees, begunstigdes of lede van hulle families wat normaalweg by hulle woon (as jy 'n maatskappy, beslote korporasie of trust is);
- jou werknemers wat optree in die verloop van hulle diens by jou tydens die gebeurtenis.

4.7.3.2 Aanspreeklikheid wat verband hou met verlies van of skade aan eiendom wat deur enige van die volgende persone besit, opgepas of beheer word:

- jy of enige lid van jou familie wat normaalweg by jou woon;
- jou direkteure, lede, trustees, begunstigdes of lede van hulle families wat normaalweg by hulle woon (as jy 'n maatskappy, beslote korporasie of trust is);
- jou werknemers wat optree in die verloop van hulle diens by jou tydens die gebeurtenis.

4.7.3.3 Aanspreeklikheid wat verband hou met enige van die volgende:

- jou werk, sake of beroep;
- jou eienaarskap of besetting van grond of geboue wat nie jou privaat woning is nie;
- vliegtuie, voertuie of watervaartuie wat jy of jou werknemers besit, oppas of beheer;
- die vibrasie, verwydering, verswakking of inmenging van die stut van enige grond, gebou of ander eiendom;
- brande wat versprei vanaf jou plaas, plaas of kleinhoewe wat jy as huurder of huiseienaar bewoon.



4.8 Opsionele dekking onder hierdie afdeling

Hierdie dekking is opsioneel. Verwys asseblief na jou bylae om te sien of jy dit het.

4.8.1 Toevallige skade insluitend kragstuwing - verhoogde dekking (uitsluitend beurtkrag) (as die soort versekering Volle dekking is)

Ons dek jou inhoud teen toevallige skade insluitend skade in wat deur kragstuwings veroorsaak word geleë by die risiko-adres wat in die bylae aangedui word.

Hierdie dekking is beperk tot die bedrag wat in die bylae aangedui word vir enige enkele gebeurtenis of reeks gebeurtenisse wat die gevolg van 'n enkele voorval is en vervang die vergoedingsperk in die bylae onder 4.5.1 hierbo.

Jy moet die bybetaling betaal wat in die bylae verskyn.

Ons dek egter nie enige van die volgende nie:

4.8.1.1 Verlies of skade veroorsaak is deur:

- 'n kleur-, skoonmaak- of opknappingsproses;
- huishoudelike plae (soos knaagdiere, miere en motte);
- meganiese, elektriese of elektroniese onklaarraking;
- waardevermindering, slytasie en geleidelike agteruitgang;
- kragstuwing ná beurtkrag of enige onderbreking van die kragnetwerk op enige wyse.

4.8.1.2 Verlies of skade aan:

- enige inhoud van yskaste en vrieskaste;
- tuintoerusting, -meubels of -gereedskap (wat gereedskap vir 'n swembad of dammetjie insluit);
- sporttoerusting wat beskadig is terwyl jy dit gebruik het;
- draagbare rekenaartoeusting, insluitend skootrekenaars, iPads en tablette;
- draagbare kommunikasietoeusting, bv., selfone.
- sonpanele en reserwekragstelsel/s (wat die vaste bykomstige toerusting soos vaste batterystelsels en omskakelaars insluit) wat aan jou as huurder van die privaat woning behoort.

4.8.1.3 Verlies of skade:

- indien die hoof elektriese verdeelbord van die privaat woning nie beskerm word deur 'n Tipe 2- stuwingsbeskermingstoestel wat deur 'n gekwalifiseerde elektrisiën volgens SANS 10142-1:2008-regulasies geïnstalleer is nie; en
- indien die stuwingsbeskermingstoestel in die geval van 'n eis nie in werkende toestand is nie.



’n Tipe 2- stuwingsbeskermingstoestel kan die verspreiding van oorspanning in die elektriese installasies voorkom en toerusting wat daaraan gekoppel is, beskerm.

- 4.8.1.4 Krake, krappe of duike van glasware, meubels, juweliersware of ander breekbare items.
- 4.8.1.5 Verlies of skade wat gedek is deur enige vervaardiger se waarborg, koop-ooreenkoms of dienskontrak.

4.8.2 Kragstuwingsdekking veroorsaak deur beurtkrag

Ons dek verlies of skade aan jou huisinhoud en sonkrag-installasie, geleë by die risiko-adres wat in die bylae aangedui is, wat veroorsaak word deur kragstuwings ná beurtkrag en die herstel of heraansluiting van die kragtoevoer ná beurtkrag.

4.8.2.1 Indien jy ’n huiseienaar of ’n huurder is, verskaf ons nie dekking nie:

- indien die hoof elektriese verdeelbord van die privaat woning nie met ’n Tipe 2-stuwingsbeskermingstoestel beskerm word nie; en
- indien die sonkrag-installasie nie minstens met ’n Tipe 2-stuwingsbeskermingstoestel beskerm word nie; en
- indien die stuwingsbeskermingstoestel/le in die geval van ’n eis nie in werkende toestand is nie.

Beide bogenoemde toestelle moet deur ’n gekwalifiseerde elektrisiën ooreenkomstig SANS 10142-1:2008-regulasies geïnstalleer wees.

’n Tipe 2-stuwingsbeskermingstoestel kan die verspreiding van oorspanning in die elektriese installasies voorkom en toerusting wat daaraan gekoppel is, beskerm.

Hierdie dekking is beperk tot die bedrag wat in die bylae aangedui word vir enige enkele gebeurtenis of reeks gebeurtenisse wat die gevolg van ’n enkele voorval is.

Hierdie dekking is ook onderhewig aan die bybetaling wat in die bylae aangedui word.

4.9 Spesiale bepalinge en voorwaardes onder hierdie afdeling

4.9.1 Hoe ons jou sal vergoed

Ons sal jou vergoed vir verlies van of skade aan jou inhoud deur enige een of kombinasie van die volgende:

- 4.9.1.1 Die koste van die verlies of skade te betaal.
- 4.9.1.2 Wat ookal verlore of beskadig is te vervang.
- 4.9.1.3 Wat ookal beskadig is te herstel.

Jy moet ons goedkeuring kry voordat enige herstelwerk of vervangings gedoen word. Indien jy nie ons goedkeuring kry nie, kan ons jou eis afwys.

Ons baseer die vergoeding op die vervangingswaarde van soortgelyke nuwe inhoud tydens die verlies of skade.



4.9.2 Vergoedingsperke

- 4.9.2.1 Die vergoedingsperke vir elke item of gebeurtenis wat ons verseker, verskyn in jou bylae. Die maksimum wat ons vir enige enkele eis sal betaal, is die vergoedingsperk vir jou inhoud wat in die bylae verskyn.
- 4.9.2.2 As jy eis vir verlies van of skade aan edelmetale, edelstene, juweliersware, horlosies, pelse, skilderye, matte of tapyte, sal jou jou slegs vergoed:
- tot een derde van die Inhoud-vergoedingsperk; en
 - tot die "kluiswaarborgperk" vir juweliersware en horlosies wat nie in 'n kluis toegesluit word wanneer jy hulle nie dra nie.

4.9.3 Bybetaling

Daar is 'n bybetaling in die bylae vir Inhoud. Dit is die bedrag wat jy moet betaal voordat ons jou sal vergoed.

Hierdie bybetaling is nie van toepassing op eise vir Huurdersaanspreeklikheid nie.

4.9.4 Lande waar jy onder hierdie afdeling verseker is

Dekking deur hierdie afdeling geld slegs vir die Republiek van Suid-Afrika.

4.9.5 Maak seker dat jy nie onderverseker is nie

Dit is jou verantwoordelikheid om al jou inhoud vir die vervangingswaarde daarvan te verseker. Die vervangingswaarde is wat dit sou kos om jou inhoud met soortgelyke nuwe items te vervang ten tye van die verlies of skade.

Wanneer jy eis, sal ons die vervangingswaarde bepaal waarvoor jou eiendom verseker moes wees. As die vervangingswaarde hoër is as die vergoedingsperk wat in die bylae verskyn, beteken dit dat jy onderverseker is. As jy onderverseker is, sal ons jou nie vir die volle bedrag van jou eis vergoed nie, maar slegs vir die persentasie van versekering wat jy gekoop het. Ons bereken die verskil tussen die vervangingswaarde en die vergoedingsperk en pas dit proporsioneel op jou eis toe. Jy sal verantwoordelik wees vir die verskil.

Voorbeeld:

Die vervangingswaarde van jou eiendom is R 300 000. Die vergoedingsperk is egter R 225 000.

Jy het dus die item vir slegs 75% van sy waarde verseker.

Nou is daar skade van R 50 000 aan die item. Ons sal jou slegs vergoed vir 75% van die skade, minus enige toepaslike bybetaling (d.w.s R 37 500 minus die bybetaling). Jy is verantwoordelik vir die verskil.

4.9.6 Jy moet bewys van eienaarskap gee

As ons daarvoor vra, moet jy vir ons aanvaarbare bewys gee dat jy 'n item besit het, of aanvaarbare bewys gee van die waarde daarvan.



4.9.7 Jy moet bewys van waardasies gee vir juweliersware en horlosies

Wanneer jy eis, moet jy vir ons 'n professionele waardasiesertifikaat vir alle versekerde juweliersware en horlosies gee. Die waardasie moet gedoen wees voor die datum van die verlies of skade.

As jy nie 'n waardasiesertifikaat deur 'n professionele waardeerder / professionele juwelier laat doen nie, sal jou eis beperk word tot die bedrag wat vir elke item in die bylae verskyn.

4.9.8 Jy moet juweliersware en horlosies in 'n kluis toesluit

Jy moet juweliersware en horlosies oor 'n sekere waarde in 'n kluis toesluit. Dit word die "kluiswaarborgperk" genoem soos in jou bylae aangedui word.

As jy nie die juweliersware of horlosie dra nie, moet jy dit veilig in 'n muur- of vloergemonteerde kluis toesluit. Die sleutels van jou kluis moet ook veilig en buite sig bewaar word. As jy nie die item in 'n kluis toesluit wanneer jy dit nie dra nie, sal ons jou nie vergoed vir meer as die "kluiswaarborgperk" vir verlies of skade wat deur diefstal of poging tot diefstal veroorsaak is nie. Die "kluiswaarborgperk" word in die bylae genoem.

4.9.9 Jy moet bewys van waarde gee vir munte, munt- of seëlversamelings

Wanneer jy eis, moet jy vir ons 'n professionele waardasie gee vir al jou versekerde goudmunte, munt- of seëlversamelings. Die waardasie moes gedoen wees voor die datum van die verlies of skade.

As jy nie 'n waardasiesertifikaat het nie, sal jou eis beperk wees tot die vervangingswaarde van een munt of seël.

4.9.10 Pare en stelle

Ons sal jou nie vergoed vir enige bykomende, spesiale waarde wat 'n item het omdat deel vorm van 'n paar of stel nie. Ons sal jou slegs vergoed vir die eweredige waarde van die gedeelte van die stel wat verlore of beskadig is.

Hierdie voorwaarde is nie van toepassing as 'n enkele item van 'n paar of stel wat verlore of beskadig is, nie vervang of herstel kan word sonder om die hele paar of stel te vervang of herstel nie.

4.9.11 Vertel ons as jy vir meer as 60 dae weggaan

Jy moet ons vertel as jy van plan is om jou privaat woning vir meer as 60 agtereenvolgende dae gedurende enige kalenderjaar onbewoon te laat, sodat ons jou premies of die bepalinge van jou dekking kan aanpas.

As jy ons nie vertel nie, mag ons jou eisbedrag aanpas om te vergoed vir die aangepaste premie, of bykomende bybetalings toepas of 'n eis wat jy mag hê.

4.9.12 Inspeksies

Ons mag 'n inspekteur vra om jou privaat woning enige tyd te inspekteer.

Na aanleiding van die bevindinge van hierdie inspeksie, mag ons enige van die volgende na 31 dae kennisgewing doen:

4.9.12.1 Die bepalinge van jou versekeringskontrak verander.



4.9.12.2 Jou versekering kanselleer.

4.9.12.3 Jou versekering ongeldig verklaar, wat beteken dat ons die polis vanaf die begindatum van die polis sal kanselleer, asof dit nooit bestaan het nie.

4.9.13

Veiligheidsmaatreëls

4.9.13.1 Diefwering

Indien jy gemeld het dat jy diefwering aan alle eksterne oopmaakvensters het, sal ons jou vir diefstal of poging tot diefstal vergoed indien toegang deur die oopmaakvenster verkry is.

Indien toegang egter deur 'n eksterne oopmaakvenster verkry is en daar geen diefwering is nie, moet jy 'n bykomende bybetaling vir diefstal betaal.

Die bykomende bybetaling vir diefstal word in jou bylae aangedui.

4.9.13.2 Alarmstelsel met afslag vir alarm

Indien die bylae toon dat jy 'n alarm het en jy aangedui het dat jy afslag vir jou alarm wil hê, sal ons jou inhoud teen diefstal of poging tot diefstal dek slegs as al die volgende voorwaardes ten tyde van die diefstal of poging tot diefstal nagekom is:

- die alarm is by jou privaat woning geïnstalleer en dit werk; en
- die alarm is geaktiveer wanneer jou privaat woning onbewaak gelaat word; en
- nie een van die passiewe infrarooi bewegingsopspoorders is omseil nie.

Ons beskou nie bewoning van 'n buitegebou as bewoning van die huis nie.

4.9.13.3 Alarmstelsel sonder afslag vir alarm

Indien die bylae toon dat jy 'n alarm het en jy aangedui het dat jy nie afslag vir jou alarm wil hê nie, sal ons jou inhoud teen diefstal of poging tot diefstal dek indien al die volgende voorwaardes ten tyde van die diefstal of poging tot diefstal nagekom is:

- die alarm is by jou privaat woning geïnstalleer en dit werk; en
- die alarm is geaktiveer wanneer jou privaat woning onbewaak gelaat word; en
- nie een van die passiewe infrarooi bewegingsopspoorders is omseil nie.

Indien die alarm nie geaktiveer is gedurende die tyd wanneer jou privaat woning onbewaak gelaat word nie, moet jy die addisionele bybetaling vir diefstal of poging tot diefstal betaal wat in die bylae aangedui is.



Ons beskou nie bewoning van 'n buitegebou as bewoning van die huis nie.

4.9.14 Verhoging weens inflasie

Ons verhoog die vergoedingsperk onder jou Inhoud afdeling elke jaar met die hernuwing van jou polis met 'n persentasie om die inwerking van inflasie teen te werk. Dit beteken dat jou premies ook mag verhoog.

Die persentasie verhoging verskyn in die bylae.

Dit bly jou verantwoordelikheid om seker te maak dat die vergoedingsperke voldoende is om die waarde van al die versekerde items onder hierdie afdeling te dek.

4.10 Wat ons nie onder hierdie afdeling verseker nie

Ons sal jou nie onder hierdie afdeling vir enige van die volgende vergoed nie:

4.10.1 Omstandighede waar ons nie jou inhoud teen diefstal of poging tot diefstal dek nie

Ons dek nie verlies of skade wat deur diefstal of poging tot diefstal veroorsaak is nie, tensy daar sigbare tekens van kragdadige toegang tot of uitgang vanuit jou privaat woning, of dreigemente van geweld teen jou of jou huishoudelike personeel was:

- 4.10.1.1 Van geld (let asseblief daarop dat geld slegs gedek is terwyl dit in jou privaat woning, soos vermeld in die bylae, is);
- 4.10.1.2 Terwyl jou privaat woning geleen, verhuur of onderverhuur is;
- 4.10.1.3 Terwyl jou privaat woning 'n skouhuis is;
- 4.10.1.4 Terwyl jou privaat woning enige opknapping of verbouings ondergaan.

4.10.2 Items wat ons nie dek nie

Ons dek geen van die volgende nie:

- 4.10.2.1 Diere (behalwe vir veeartskoste soos spesifiek omskryf in hierdie afdeling);
- 4.10.2.2 Motorvoertuie en hulle vaste toebehore;
- 4.10.2.3 Woonwaens en sleepwaens en hulle vaste toebehore;
- 4.10.2.4 Vliegtuie en watervaartuie, asook die vaste toebehore en toerusting daarvan;
- 4.10.2.5 Handelsvoorraad wat jy besit of waarvoor jy verantwoordelik is;
- 4.10.2.6 Selfone.
- 4.10.2.7 Verlies van of skade aan jou rekenaar wat vir die ontginning van kriptogebruik word nie.



4.10.3 Geleidelike skade

Ons dek nie verlies of skade wat veroorsaak is deur of ontstaan vanuit enige van die volgende nie:

- 4.10.3.1 Slytasie.
- 4.10.3.2 Enige oorsaak wat oor 'n tydperk gebeur soos roes, muf, wegvreting of verrotting.
- 4.10.3.3 Wortels of onkruid.
- 4.10.3.4 Ongediertes, insekte of besmetting deur enige ander peste.
- 4.10.3.5 Waardevermindering of enige ander oorsaak wat geleidelik inwer.
- 4.10.3.6 Die uitwerking van lig of klimaatstoestande.

4.10.4 Elektroniese, elektriese of meganiese onklaarraking, brekasie of weiering

Ons dek nie verlies of skade wat veroorsaak is deur of ontstaan vanuit die volgende nie:

- elektroniese, elektriese of meganiese onklaarraking;
- brekasie of weiering; en
- kragstuwing ná beurtkrag of enige onderbreking van die kragnetwerk op enige wyse.

4.10.5 Waarborge, ooreenkomste of kontrakte

Ons dek nie verlies, skade of brekasie wat gedek is deur 'n vervaardiger se koop-ooreenkoms, waarborg of dienskontrak nie.

4.10.6 Items wat meer spesifiek verseker is

Ons dek nie verlies van of skade aan inhoud wat meer spesifiek verseker is onder 'n ander afdeling van hierdie polis nie.

4.10.7 Indien jy sonpanele op 'n gebou/buitegebou met 'n rietdak geïnstalleer het

Ons dek nie enige verlies van of skade aan jou inhoud indien jou sonkrag-installeringstelsel aan 'n rietdak gekoppel is nie.

Met dien verstande dat die verlies of skade deur die sonkrag-installasie veroorsaak word.

4.10.8 Indien jou dakstruktuur nie die gewig van die sonkrag-installeringstelsel kan dra nie

Ons dek geen verlies van of skade aan die sonkragstelsel-installasie waar die dakstruktuur nie in staat was om die bykomende gewig van die installasie te dra nie.



5. PERSOONLIKE AANSPREEKLIKHEID AFDELING

5.1 Definisie vir hierdie afdeling

jy / jou	beteken die polishouer, die mede-polishouer in die bylae genoem, die polishouer se eggenoot en enige familielid wat by die polishouer woon.
----------	---

5.2 Wat ons verseker

5.2.1 Toevallige dood, liggaamlike besering, siekte, verlies van of skade aan eiendom

Ons dek jou regsaanspreeklikheid wat gedurende die versekeringstydperk gebeur teen die volgende:

- 5.2.1.1 Toevallige dood van 'n ander persoon.
- 5.2.1.2 Toevallige liggaamlike besering of siekte van 'n ander persoon.
- 5.2.1.3 Toevallige verlies van of skade aan eiendom wat aan 'n ander persoon behoort.

5.2.2 Vergoeding

Ons betaling vir jou regsaanspreeklikheid vir toevallige dood, liggaamlike besering, siekte, verlies van of skade aan eiendom sluit die volgende in:

- 5.2.2.1 Die bedrae waarvoor jy aanspreeklik is.
- 5.2.2.2 Regskoste van die ander persoon waarvoor jy aanspreeklik is.
- 5.2.2.3 Koste wat jy met ons toestemming aangaan om die eis teen jou te skik of verdedig.

5.2.3 Vergoedingsperk

Die vergoedingsperk ten tye van die verlies, skade, liggaamlike besering, siekte of dood, verskyn in die bylae. Hierdie bedrag is van toepassing op enige enkele gebeurtenis of 'n reeks van gebeurtenisse wat die gevolg is van 'n enkele gebeurtenis.

5.3 Uitgebreide dekking wat deel vorm van die vergoedingsperk

5.3.1 Onregmatige inhegtenisname

Ons dek jou regsaanspreeklikheid as jy aanspreeklik gehou word vir onregmatige inhegtenisname wat gebeur tydens die versekeringstydperk terwyl jy 'n lid is van 'n buurtwag- of blokweg groep, of 'n soortgelyke organisasie sonder winsbejag.

Hierdie dekking sluit jou aanspreeklikheid in as gevolg van 'n aanranding of deursoeking wat verband hou met die onregmatige inhegtenisname.

Hierdie dekking is beperk tot die bedrag wat in die bylae verskyn vir enige kalenderjaar. Hierdie bedrag is van toepassing op enige enkele gebeurtenis of 'n reeks van gebeurtenisse wat die gevolg is van 'n enkele gebeurtenis.



Ons betaling sal die volgende insluit:

- 5.3.1.1 Die bedrae waarvoor jy aanspreeklik is.
- 5.3.1.2 Regskoste van die ander persoon waarvoor jy aanspreeklik is.
- 5.3.1.3 Koste wat jy met ons toestemming aangaan om die eis teen jou te skik of verdedig.

Ons dek egter nie jou regsaanspreeklikheid vir onregmatige inhegtenisname as die persoon wat jou aanspreeklik hou 'n dienskontrak of vakmanskapskontrak met gesluit het nie, of 'n lid van jou familie of huishouding is nie.

5.3.2 Bank- en SIMkaarte

Ons dek jou regsaanspreeklikheid as jy aanspreeklik gehou word vir verlies wat veroorsaak is deur die bedrieglike gebruik van jou kredietkaart, debietkaart of SIMkaarte tydens die versekeringstydperk.

Hierdie dekking is beperk tot die bedrag wat in die bylae verskyn vir enige kalenderjaar. Hierdie bedrag is van toepassing op enige enkele gebeurtenis of reeks gebeurtenisse wat die gevolg is van 'n enkele gebeurtenis.

Hierdie dekking is onderhewig aan die volgende voorwaardes:

- 5.3.2.1 Jy moet die verlies by die bank of ander toepaslike maatskappy so gou as redelik moontlik aanmeld.
- 5.3.2.2 Jy moet aan al die bepalings, voorwaardes en uitsluitings van die gebruik van die toepaslike kaart voldoen.

Ons dek nie jou aanspreeklikheid as die verlies veroorsaak is deur 'n familielid wat by jou woon nie.

5.4 Spesiale bepalings en voorwaardes onder hierdie afdeling

5.4.1 Die lande waar jy onder hierdie afdeling verseker is

Dekking onder hierdie afdeling is wêreldwyd.

5.4.2 Kontrakte met veiligheids-, gewapende reaksie- en tuindienste maatskappye

Dekking vir jou regsaanspreeklikheid onder hierdie afdeling sal nie ongeldig gemaak word deur kontrakte wat jy sluit met sekuriteitsmaatskappye, gewapende reaksie-eenhede en tuindienste by jou privaat woning wat in die bylae verskyn nie.

5.5 Wat ons nie onder hierdie afdeling verseker nie

Ons sal jou nie onder hierdie afdeling vir enige van die volgende vergoed nie:

5.5.1 Eise deur sekere mense

Ons dek nie jou regsaanspreeklikheid wat deur enige van die volgende persone geëis word nie:

- 5.5.1.1 Jy of enige lid van jou familie wat normaalweg by jou woon.



5.5.1.2 Jou direkteure, lede, trustees, begunstigdes of lede van hulle families wat normaalweg by hulle woon (as jy 'n maatskappy, beslote korporasie of trust is).

5.5.1.3 Jou werknemers wat optree in die verloop van hulle diens by jou tydens die gebeurtenis.

5.5.2 Aanspreeklikheid wat verband hou met eiendom wat sekere persone besit, opgepas of beheer word

5.5.2.1 Jy of enige lid van jou familie wat normaalweg by jou woon.

5.5.2.2 Jou direkteure, lede, trustees, begunstigdes of lede van hulle families wat normaalweg by hulle woon (as jy 'n maatskappy, beslote korporasie of trust is).

5.5.2.3 Jou werknemers wat optree in die verloop van hulle diens by jou tydens die gebeurtenis.

5.5.3 Aanspreeklikheid wat verband hou met jou beroep, sake en eiendom

Ons dek nie jou regs aanspreeklikheid wat verband hou met die volgende nie:

5.5.3.1 Jou werk, sake of beroep.

5.5.3.2 Jou eienaarskap of besetting van grond of geboue.

5.5.3.3 Jou eienaarskap of beheer van enige hommeltuig.

5.5.3.4 Vliegtuie, voertuie of watervaartuie wat jy of jou werknemers besit, oppas of beheer (behalwe vir modelvliegtuie, branderplanke of roeiski's);

5.5.4 Aanspreeklikheid wat vanuit 'n kontrak ontstaan

Ons dek nie jou regs aanspreeklikheid wat ontstaan as gevolg van 'n kontrak wat jy gesluit het nie, tensy jy aanspreeklik sou wees selfs al was daar nie 'n kontrak nie. Hierdie uitsluiting is nie van toepassing op kontrakte wat jy met sekuriteit-, gewapende reaksie of tuindienste maatskappye gesluit het nie.

5.5.5 Aanspreeklikheid wat verband hou met die stut van eiendom

Ons dek nie jou regs aanspreeklikheid wat verband hou met die vibrasie, verwydering, verswakking of inmenging met die stut van enige grond, gebou of ander eiendom nie.

5.5.6 Beslissings of skikkings ingevolge die reg van die Verenigde State van Amerika of Kanada

Ons dek nie jou regs aanspreeklikheid wat met die volgende verband hou nie:

5.5.6.1 Enige uitspraak of skikking wat in lande gemaak is wat die wetgewing van die Verenigde State van Amerika of Kanada volg.

5.5.6.2 Enige bevel wat gemaak is om 'n uitspraak of skikking wat in die Verenigde State van Amerika of Kanada gemaak is, af te dwing.



5.5.7 Aanspreeklikheid as gevolg van gebeurtenisse wat opsetlik veroorsaak is

Ons dek nie jou regsaanspreeklikheid as jy of enige persoon wat met jou saamsweer, die verlies, skade, dood of liggaamlike besering opsetlik veroorsaak het nie

5.5.8 Aanspreeklikheid wat verband hou met roerende- of onroerende eiendom

Ons dek nie jou regsaanspreeklikheid wat veroorsaak is deur die verhuring of uitverhuur van roerende of onroerende eiendom vir vergoeding nie.

5.5.9 Aanspreeklikheid voortspruitend uit die verspreiding van brande

Ons dek nie jou regsaanspreeklikheid wat veroorsaak word deur die verspreiding van brande vanaf jou plaas, plasie of kleinhoewe wat jy as huurder of huiseienaar bewoon nie.



6. GEBOUE AFDELING

6.1 Definisies vir hierdie afdeling

botsing	beteken dat enige van die volgende voorwerpe gewelddadig en kragdadig met jou privaat woning kontak maak en skade aan jou geboue berokken: • enige vliegtuig of lugtoestelle (bv. 'n warmlugballon) of enige voorwerp wat daarvan afval; • voertuie; • vallende bome of takke; • diere.
buitegeboue	beteken aparte, toegeboue geboue by die adres wat in die bylae verskyn, wat nie met die hoofgebou verbind is nie. Buitegeboue moet 'n dak en mure hê. Voorbeelde van buitegeboue sluit tuisantore, privaat motorhuise en toegeboue lapas in. Tensy anders vermeld in die bylae, moet die buitegeboue uit baksteen, klip of beton bestaan met 'n leiklip-, teël-, metaal-, beton-, Harvey-teël-, asbes- of veselsementdak. As die buitegebou 'n riet-of grasdak het, word dit as 'n buitegebou beskou selfs al is dit verbind met die privaat woning met 'n middeldeur, of as dit binne 4 meter vanaf die hoofwoning is en die grootte van die dak minder is as 15% van die dakgrootte van die hele privaat woning. Die buitegeboue moet geleë wees by die adres wat in die bylae verskyn.
huurder	beteken 'n persoon wat jou privaat woning huur of bewoon ingevolge 'n mondelinge, skriftelike of digitale kontrak.
jy / jou	beteken die persoon of persone wat in die bylae as die polishouer(s) en mede-polishouer(s) genoem word..
kragstuwing	beteken 'n tydelike toename (in watter mate ook al) in die stroom of stroomspanning van 'n elektriese stroombaan, kragnetwerk of kragtoevoer.



kwaadwillige beskadiging	beteken die onwettige en opsetlike beskadiging van jou eiendom deur 'n ander persoon wat nie in jou privaat woning woon nie. Dit sluit nie skade in wat deur diefstal of poging tot diefstal veroorsaak is nie.
onbewaak	beteken dat jy nie by jou privaat woning is nie en niemand in beheer gelaat het van jou privaat woning met die uitdruklike opdrag om na die eiendom om te sien nie.
onbewoon	beteken dat vir 'n tydperk van 60 agtereenlopende dae per jaar, niemand in jou privaat woning woon nie.
ongediertes	beteken enige diere of insekte wat normaalweg as peste beskou word. Voorbeelde van ongediertes sluit rotte, muis, kokerrotte of eekhorings in. Hierdie definisie van ongediertes sluit nie wilde bobbejane of wilde ape in nie.
ongemeubileer	beteken dat jou privaat woning nie toegerus is met kombuistoestelle, los en vaste toebehore, gordyne, matte en enige meubels wat vir die moderne lewe nodig is nie.
privaat woning / geboue	beteken die hoof gebou en buitegeboue wat geleë is by die adres wat in die bylae verskyn. Dit is die huis waar jy permanent woon. Tensy dit anders in die bylae aangedui is, moet die hoofwoning en aangrensende geboue gebou wees van bakstene, klip, metaal of beton met 'n leiklip-, teël-, metaal-, beton-, Harvey-teël-, asbes- of vesementdak. Die privaat woning sluit die volgende in: • die hoofwoning; • huishoudelike buitegeboue (wat tuisantore en privaat motorhuise insluit); • lapas of ander buitegeboue met 'n riet- of grasdak, wat aan die privaat woning verbind is met 'n middeldeur, of binne 4 meter vanaf die privaat woning is en met 'n dakgrootte van minder as 15% van die totale dakgrootte van die hele privaat woning; • paaie en opritte wat gebou is van baksteen, beton, asfalt, sintetiese gras of klip (maar nie gruis nie);



- mure, hekke, metaalpalissades en – heinings op die perseel, sowel as die hekmotors. ons dek egter nie heinings en hekke wat van draad of plante gemaak is nie. dit sluit wel in gepatenteerde veiligheids-heinings wat van draad gemaak is, byvoorbeeld clearvu of vi-thru.
- los en vaste toebehore wat aan jou as die eienaar van die privaat woning behoort, insluitend geisers en verwante vaste hulptoerusting in of aan die privaat woning.

Dit sluit egter nie sonkrag-geisers en sonverhittingspaneel en hul vaste hulptoerusting soos vaste batterypakke en wisselrigtoestelle (inverters) in nie.
- motorafdakke met uitsluiting van motorafdakke wat uit skadunet of plastiek materiaal bestaan;
- water-, riool-, gas-, elektrisiteit- en telefoonverbindinge;
- alarmstelsels, veiligheidsmoniteringstelsels (soos geslote baan televisies, moniteringskameras), interkomstelsels, elektriese omheining en infrarooi strale;
- jacuzzi's, stoombaddens, spa-baddens, huishoudelike waterpompe en die masjinerie en toebehore wat daarmee verband hou;
- vaste swembaddens, vaste filtreertoerusting, verhittingspompe, outomatiese swembadskoonmakers, veiligheidsnette en bedekkings;
- tennisbane;
- televisie- en radio antennes, satellietkottels;
- weerligmaste en -afleiers;
- vaste waterbergingsfasiliteite (bv., JoJo tenks);
- vaste waterversierings, dammetjies en tuinornamente (soos standbeelde);
- vaste gazebo's;
- riooltenks;
- kaaie en houtloopvlakke;
- huishoudelike outomatiseringstoestelle, insluitend alle stelselkomponente.



risiko-adres	beteken die adres waar jou versekerde eiendom geleë is, soos in die bylae aangedui.
sonpanele	beteken 'n toestel wat met behulp van fotovoltaiëse selle (PV-selle) sonlig in elektrisiteit omsit. PV-selle word vervaardig uit stowwe wat elektrone genereer wanneer hulle aan lig blootgestel word. Die elektrone vloei deur 'n stroombaan en genereer gelykstroom (GS)-elektrisiteit, wat gebruik kan word om verskillende toestelle van krag te voorsien of in batterye gestoor kan word. Sonpanele staan ook bekend as sonselpanele, sonkragpanele of PV-modules.
standaard konstruksie	beteken 'n gebou met mure van baksteen, klip of beton met 'n leiklip-, teël-, metaal-, beton-, Harvey-teël-, asbes- of veselsementdak.
toevallige verlies of skade	beteken skielike en onvoorsiene verlies van of skade aan die jou privaat woning.
troeteldier	beteken 'n huishoudelike kat, hond of voël wat aangehou word vir geselskap.
vaste masjinerie	beteken die volgende vaste masjinerie wat by jou privaat woning geïnstalleer is: • masjinerie wat verband hou met swembaddens (maar nie outomatiese swembadskoonmakers nie), jacuzzi's, spa-baddens, saunas of boorgate (maar nie windpompe nie); • besproeiingstelsels, filtreertoerusting, lugverkoelingstelsels en sentrale skoonmaakstelsels; • elektriese hekmotors of gemotoriseerde motorhuisdeure; • ingeboude stowe, instap yskaste of -vriestkaste; • sonpanele en reserwekragstelsels (wat die vaste bykomstige toerusting soos vaste batterypakke en omskakelaars insluit); • sonkrag-geisers en sonverhittingspanele (hul vaste aanvullende toerusting soos vaste batterypakke en wisselrigtoestelle (inverters) ingesluit); • vaste kragopwekkers / omskakelaars (inverters); • waterpompe of verhittingspompe; • huishoudelike boorgatmasjinerie; • roltrappe / hysbakke.



vervangingswaarde	beteken die koste om die versekerde eiendom met soortgelyke nuwe eiendom te vervang as dit verlore of beskadig is.
wilde bobbejane of wilde ape	beteken primate wat vryelik in die natuur woon en nie as troeteldiere of plaasdiere aangehou word of enigsins in aanhouding gehou word nie.

6.2 Wat ons verseker

- 6.2.1 Ons dek jou privaat woning teen verlies of skade wat deur versekerde gebeurtenisse veroorsaak is.
- 6.2.2 Ons dekking vir kaaie en loopvlakke wat van hout gemaak is en wat aan jou behoort of waarvoor jy verantwoordelik is, is beperk tot verlies of skade wat deur die volgende versekerde gebeurtenisse veroorsaak is:
- 6.2.2.1 Brand, weerlig of ontploffing.
 - 6.2.2.2 Storm, vloed, wind, water, hael of sneeu.
 - 6.2.2.3 Botsing; of
 - 6.2.2.4 Kwaadwillige beskadiging.

Hierdie dekking is onderhewig aan die bybetaling wat langs dit in die bylae verskyn.

6.3 Soort dekking

Verwys asseblief na jou bylae om seker te maak watter soort dekking jy het.

6.3.1 Volle dekking insluitend insakking of grondverskuiwing

As jy volle dekking met beperkte insakking en grondverskuiwing het, dek ons jou privaat woning teen al die versekerde gebeurtenisse en uitgebreide dekkings, maar nie teen verlies of skade wat veroorsaak word deur inkrimping, uitsetting of deining van klei- en soortgelyke soorte grond weens die vog- of waterinhoud daarvan nie.

6.3.2 Volle dekking uitsluitend insakking of grondverskuiwing

As jy volle dekking met uitsluiting van beperkte insakking en grondverskuiwing het, dek ons jou privaat woning teen al die versekerde gebeurtenisse en uitgebreide dekkings, maar nie teen verlies of skade wat deur insakking of grondverskuiwing veroorsaak is nie.

6.4 Versekerde gebeurtenisse

Ons dek jou privaat woning teen verlies of skade wat deur enige van die volgende versekerde gebeurtenisse veroorsaak is:

6.4.1 Brand, weerlig of ontploffing



6.4.2 Kwaadwillige beskadiging

Ons dek egter nie kwaadwillige beskadiging wat veroorsaak is deur iemand wat in jou privaat woning woon nie.

6.4.3 Storm, vloed, wind, water, hael of sneeu

Ons dek egter geen van die volgende nie:

6.4.3.1 Verlies of skade wat veroorsaak is deur:

- enige proses wat water gebruik of aanwend;
- beweging van die land wat die gebou stut, selfs al is hierdie beweging direk of indirek deur storm, vloed, wind, water, hael of sneeu veroorsaak. (Ons dek wel verlies of skade wat veroorsaak is deur beweging van die grond wat jou privaat woning stut, indien dit die gevolg is van lopende oppervlakwater);
- stygende vog of 'n styging in die grondwatervlak.

6.4.3.2 Verlies van of skade aan:

- keermure;
- hekke en heinings wat van hout gemaak is.

6.4.4 Aardbewing

6.4.5 Oopbars of oorloop van pype, olieverhittingsapparate, waterapparate of warmwatersilinders (bv., geisers)

Ons dek egter nie:

6.4.5.1 Lekkasie van pype, olieverhittingsapparate, waterapparate of warmwatersilinders wat nie met druk werk nie.

6.4.5.2 Verstopte afvoerpype.

6.4.6 Botsing

6.4.7 Diefstal of poging tot diefstal

As jou privaat woning egter onbewoon is, of verhuur of uitgeleen word, moet daar sigbare tekens van kragdadige toegang tot of uitgang vanuit jou privaat woning wees.

6.4.8 Insakking of grondverskuiwing

Ons dek skade aan jou privaat woning wat veroorsaak is deur geleidelike insinking van grond (insakking), gronddeining (geleidelike opswel van grond) of verskuiwing van die grond wat jou privaat woning stut.

Ons dek egter nie enige van die volgende nie:

6.4.8.1 Verlies of skade wat veroorsaak of vererger is deur:

- foutiewe ontwerp, onvoldoende kompaktering of opvulling, swak konstruksie;
- verwydering of verswakking van stutte;



- strukturele veranderinge, aanbouings of herstelwerk;
- uitgrawings van die oppervlak of ondergronds, behalwe vir mynbedrywighede;
- normale afsakking, inkrimping of uitsetting van die geboue;
- inkrimping, deining of uitsetting van klei en soortgelyke soorte grond weens die vog- of waterinhoud daarvan.

6.4.8.2 Verlies van of skade aan enige van die volgende strukture:

- rioolpype of watergange;
- grensmure, tuinmure, skerm- en keermure of heinings;
- hekke of hekpale;
- opritte of plaveisel;
- swembaddens of swembadrande;
- tennisbane.

6.4.8.3 Die koste om die fondasies te stut of te versterk.

As ons jou eis vir insakking, gronddeining of grondverskuiwing van die hand wys omdat ons sê dat jou eis nie deur hierdie versekerde gebeurtenis gedek is nie en jy stem nie saam met ons besluit nie, moet jy bewys dat die skade wel deur hierdie versekerde gebeurtenis gedek is.

Hierdie dekking is onderhewig aan die bybetaling wat langs dit in die bylae verskyn.

6.5 Uitgebreide dekkings wat deel vorm van die vergoedingsperk

6.5.1 Toevallige skade aan vaste masjinerie wat in jou privaat woning gebruik word

Ons dek toevallige brekasie insluitend meganiese en elektriese onklaarraking aan vaste masjinerie wat jy vir huishoudelike doeleindes gebruik by jou privaat woning geleë by die risiko-adres wat in die bylae aangedui word.

Hierdie dekking is beperk tot die bedrag wat in die bylae verskyn.

Ons dek egter nie enige van die volgende nie:

6.5.1.1 Verlies of skade wat veroorsaak is deur:

- waardevermindering, geleidelike oorsake, slytasie of roes;
- foutiewe ontwerp of vakmanskap of die verkeerde gebruik van gereedskap of toerusting;
- skoonmaak, herstel of opknapping;
- kragstuwings.

6.5.1.2 Verlies of skade aan:

- geisers (insluitend hul vaste aanvullende toerusting);



- sonkrag-geisers en sonverhittingspaneel (hul vaste aanvullende toerusting soos vaste batterypakke en wisselrigtoestelle (inverter) ingesluit);
- sonpaneel en reserwekragstelsels (wat die vaste bykomstige toerusting soos vaste batterypakke en omskakelaars insluit);

6.5.1.3 Verlies of skade wat gedek is deur 'n vervaardiger se waarborg of dienskontrak.

Jy moet die bybetaling betaal wat in die bylae vir hierdie dekking verskyn.

6.5.2 Toevallige skade aan jou privaat woning

Ons dek toevallige skade aan jou privaat woning geleë by die risiko-adres wat in die bylae aangedui word.

Hierdie dekking is beperk tot die bedrag wat in die bylae verskyn.

Jy moet die bybetaling betaal wat in die bylae vir hierdie dekking verskyn.

Ons dek egter nie enige van die volgende nie:

6.5.2.1 Verlies of skade wat veroorsaak is deur:

- enige kleur-, skoonmaak- of opknappingsproses;
- konfiskering of terughouding deur enige regsproses;
- besoedeling of kontaminasie;
- kragstuwings;
- of vererger is deur foutiewe ontwerp, gebrekkige vakmanskap of gebrekkige herstel aan jou privaat woning.

6.5.2.2 Verlies of skade aan:

- vaste masjinerie;
- geisers (insluitend hul vaste aanvullende toerusting);
- sonkrag-geisers en sonverhittingspaneel (hul vaste aanvullende toerusting soos vaste batterypakke en wisselrigtoestelle (inverter) ingesluit);
- sonpaneel en reserwekragstelsels (wat die vaste bykomstige toerusting soos vaste batterypakke en omskakelaars insluit);
- televisie- en radio antennes, satellietkottels of weerligafleiers;
- vaste glas, stoofplate van glas, oonddeure of sanitêre ware;
- openbare toevoer of kragverbinding;

6.5.2.3 Gevolglike skade van enige aard;

6.5.2.4 Verlies of skade wat gedek is deur enige vervaardiger se waarborg, koop-ooreenkoms of dienskontrak.

6.5.2.5 Onderdele wat behoort aan of deel uitmaak van enige los en vaste toebehore of van die versekerde item wat 'n kort lewensduur het.



6.5.3 Televisie- en radio-antennes, satellietskottels en weerligafleiers

Ons dek toevallige verlies van of skade aan vaste radio- of televisie-antennes, satellietskottels of weerligafleiers of –maste.

6.5.4 Vaste glas, stoofplate van glas, oonddeure en sanitêre ware

Ons dek toevallige brekasie van vaste glas, stoofplate van glas, oonddeure en vaste sanitêre ware (byvoorbeeld toilette, wasbakke of baddens).

Ons dek egter nie die volgende nie:

6.5.4.1 Afsplintering, krappe of ander oppervlakskaie.

6.5.4.2 Enige van hierdie items terwyl dit nie in jou privaat woning is nie.

6.5.4.3 Enige van hierdie items gedurende die tydperke wat jou privaat woning onbewoon is.

6.5.5 Openbare toevoer- of kragverbindings

Ons dek toevallige verlies van of skade aan water-, riool-, gas-, elektrisiteit- en telefoonverbindings tussen jou privaat woning en die openbare toevoer. Hierdie verbindings moet aan jou behoort of jy moet daarvoor verantwoordelik wees.

6.5.6 Dekking voor oordrag van eiendom

Ons dek skade aan 'n privaat woning wat jy besig is om te koop, wat deur 'n versekerde gebeurtenis veroorsaak is. Hierdie dekking is vir die tydperk tussen jou ondertekening van die koopakte en die oordrag van die eiendom op jou naam deur die Aktekantoor.

Hierdie dekking is onderhewig aan die voorwaarde dat jy die eiendom wat jy koop op hierdie polis moet verseker.

Hierdie dekking is nie van toepassing as die privaat woning deur die verkoper of namens die verkoper verseker is nie.

6.6 Uitgebreide dekkings bykomend tot die vergoedingsperk

Die volgende dekkings is bykomend tot die vergoedingsperk van jou Geboue wat in die bylae verskyn.

6.6.1 Alternatiewe verblyf

Ons dek alternatiewe verblyf van soortgelyke waarde en ligging as jou privaat woning indien jou privaat woning nie geskik is om in te woon nie as gevolg van verlies of skade wat deur 'n versekerde gebeurtenis veroorsaak is.

Hierdie dekking is beperk tot die bedrag van vergoeding wat in jou bylae vir Geboue aangedui word en tot die tydperk wat dit redelikerwys nodig is om jou privaat woning weer geskik te maak om te bewoon.

Hierdie dekking is onderhewig aan die voorwaarde dat ons sal besluit wanneer jou privaat woning na verlies of skade nie geskik is om in te woon nie.



6.6.2 Huurinkomste wat jy verloor

As jou privaat woning as gevolg van 'n versekerde gebeurtenis nie geskik is om in te woon nie, sal ons betaal vir die huurinkomste wat jy verloor.

Hierdie dekking is beperk tot die bedrag van vergoeding wat in jou bylae vir Geboue aangedui word en vir die tydperk wat dit redelik nodig is om jou privaat woning weer geskik te maak om te bewoon.

Hierdie dekking is onderhewig aan die voorwaardes ons sal besluit wanneer jou privaat woning na verlies of skade nie geskik is om in te woon nie.

6.6.3 Vereistes van openbare owerhede

Ons dek die redelike koste van herstel of herbou van jou privaat woning om na 'n geldige eis onder hierdie afdeling aan die vereistes van openbare owerhede te voldoen.

Hierdie dekking is beperk tot die bedrag wat in die bylae verskyn.

Ons dek egter nie vereistes van openbare owerhede:

- 6.6.3.1 Wat verband hou met gebrekkige vakmanskap, ontwerp, beplanning of spesifikasies nie.
- 6.6.3.2 Waarvan jy kennis gekry het voor die datum van die eis nie.
- 6.6.3.3 Wat verband hou met gedeeltes van jou privaat woning of buitegeboue wat nie verlore is of beskadig is as gevolg van 'n versekerde gebeurtenis nie.

6.6.4 Brandbluskoste

Ons dek die redelike koste wat die brandweer hef om 'n brand by jou privaat woning te blus of voorkom.

Hierdie dekking is beperk tot die bedrag wat in die bylae verskyn.

6.6.5 Sloping en professionele gelde

Indien daar verlies van of skade aan jou privaat woning wat veroorsaak is deur 'n versekerde gebeurtenis, sal ons die volgende nodige en redelike koste dek:

- 6.6.5.1 Sloping van jou privaat woning.
- 6.6.5.2 Opruiming van die perseel.
- 6.6.5.3 Oprigting van skuttings wat benodig is gedurende boubedrywigheide.
- 6.6.5.4 Argitekte, bourekenaars en raadgewende ingenieurs se gelde; en
- 6.6.5.5 Plaaslike owerhede se inspeksiegelde.

Ons sal slegs hierdie koste betaal as jy ons skriftelike goedkeuring het om hierdie koste aan te gaan.

Hierdie dekking is beperk tot die bedrag wat in die bylae verskyn.



6.6.6 Indiensname van 'n veiligheidswag

Ons dek die koste om 'n veiligheidswag in diens te neem na verlies of skade wat deur 'n versekerde gebeurtenis veroorsaak is.

Hierdie dekking is beperk tot die bedrag wat in die bylae verskyn.

6.6.7 Verlies van water deur lekkasie

Ons dek die koste van waterverlies vanuit lekkende pype by jou privaat woning of op die perseel van jou privaat woning as jy verantwoordelik is vir hierdie koste.

Hierdie dekking is beperk tot die bedrag wat in die bylae verskyn en tot twee aparte voorvalle per kalenderjaar.

Hierdie dekking is onderhewig aan die volgende voorwaardes:

- 6.6.7.1 Die waterlesing moet minstens 50% meer wees as die gemiddeld van die vorige vier lesings.
- 6.6.7.2 As jy 'n lekkasie ontdek (hetsy deur fisiese bewys of as gevolg van 'n abnormaal hoë waterrekening), moet jy dadelik stappe neem om die pype te herstel, anders sal ons nie vir die koste van waterverlies betaal nie.

Ons dek egter nie die koste van waterverlies van enige van die volgende nie:

- 6.6.7.3 Lekkende krane, warmwatersilinders of toilette.
- 6.6.7.4 Swembaddens of lekkasies van die inlaat- of uitlaatpype van die swembad.
- 6.6.7.5 Lekkasies wat plaasvind gedurende die tydperk wat jou privaat woning vir meer as 30 agtereenvolgende dae onbewoon gelaat word.

6.6.8 Opsporing van lekkasies

Ons dek die redelike koste wat jy aangegaan het om die bron van 'n water-, gas- of olie lekkasies by jou privaat woning op te spoor.

Hierdie dekking is beperk tot die bedrag wat in die bylaag bylae verskyn.

Hierdie dekking is onderhewig aan die voorwaarde dat die eerste teken van 'n lekkasie bespeur moes wees na die begindatum van hierdie afdeling.

6.6.9 Verwyder van bome wat omgeval het

Ons dek die redelike koste om bome wat op die perseel van jou privaat woning as gevolg van 'n versekerde gebeurtenis omgeval het.

Hierdie dekking is beperk tot die bedrag wat in die bylae verskyn en tot een eis per kalenderjaar.

Hierdie dekking is onderhewig aan die voorwaarde dat jy ons skriftelike toestemming het om hierdie koste aan te gaan.



6.6.10 Sleutels, slotte en elektroniese veiligheidstoestelle

As die sleutels van buitedeure, vensters, kluis of alarms van jou privaat woning tydens die versekeringstydperk verlore of beskadig is, sal ons die koste dek om die sleutels (wat kaartsleutels insluit) en afstandbeheerkontroles te vervang en die slotte te verander.

Hierdie dekking is beperk tot die bedrag wat in die bylae verskyn.

6.6.11 Skade aan die tuin

Ons dek die vervangingskoste van bome, struik en plante op die perseel van jou privaat woning na skade wat veroorsaak is deur:

6.6.11.1 Brand.

6.6.11.2 Brandbestryding.

6.6.11.3 Ontploffing.

6.6.11.4 Botsing deur voertuie, vliegtuie, ander lugtoestelle of ander voorwerpe wat uit die lug val; of

6.6.11.5 Kwaadwillige beskadiging.

Hierdie dekking is beperk tot die bedrag wat in die bylae verskyn.

6.6.12 Spesiale verbouings van jou privaat woning

Ons sal die noodsaaklike en redelike koste betaal om jou privaat woning te verbou ten einde rolstoeltoegang tot jou privaat woning moontlik te maak, nadat jy weens 'n ongeluk permanent gestrem is en aan 'n rolstoel gekluister is.

Hierdie dekking is beperk tot die bedrag wat in die bylae verskyn.

Hierdie dekking is onderhewig aan die voorwaarde dat jy ons skriftelike toestemming het om hierdie koste aan te gaan.

6.6.13 Alternatiewe verblyf vir troeteldiere

Ons dek noodverblyf vir jou huishoudelike troeteldiere as jou privaat woning as gevolg van 'n versekerde gebeurtenis nie geskik is om in te woon nie.

Hierdie dekking is beperk tot die bedrag wat in die bylae verskyn.

Hierdie dekking is onderhewig aan die voorwaarde dat ons sal besluit wanneer jou privaat woning na verlies of skade nie geskik is om in te woon nie.

6.6.14 Koste vir voorbereiding van eise

Ons sal jou die koste betaal om enige dokumente, bewyse of besonderhede te kry wat jy nodig het om 'n geldige eis ingevolge die afdeling van hierdie polis voor te berei.

Hierdie dekking is beperk tot die bedrag wat in die skedule aangedui word.



6.7 Opsionele dekking onder hierdie afdeling

Hierdie dekking is opsioneel. Verwys asseblief na jou bylae om te sien of jy dit het.

6.7.1 Kragstuwingsdekking

Ons dek verlies of skade aan jou privaat woning geleë by die risiko-adres wat in die bylae aangedui word, wat veroorsaak word deur kragstuwings as gevolg van toevallige verandering in die kragtoevoer van 'n openbare kragtoevoer owerheid.

Ons dek jou egter nie:

- indien die hoof elektriese verdeelbord van die privaat woning nie met 'n Tipe 2-stuwingbeskermingstoestel beskerm word nie; en
- indien die sonkrag-installasie nie minstens met 'n Tipe 2-stuwingbeskermingsmeganisme beskerm word nie, en
- indien die stuwingbeskermingstoestel/le in die geval van 'n geldige eis nie in werkende toestand is nie.

Beide hierdie toestelle moet in ooreenstemming met SANS 10142-1:2008-regulasies deur 'n gekwalifiseerde elektriese geïnstalleer wees.

'n Tipe 2- stuwingbeskermingstoestel kan die verspreiding van oorspanning in die elektriese installasies voorkom en toerusting wat daaraan gekoppel is, beskerm.

Hierdie dekking is beperk tot die bedrag wat in die bylae aangedui word vir enige enkele gebeurtenis of reeks gebeurtenisse wat die gevolg van 'n enkele voorval is.

Hierdie dekking is ook onderhewig aan die bybetaling wat langs dit in die bylae verskyn.

6.8 Huiseienaarsaanspreeklikheid

6.8.1 Wat is verseker onder Huiseienaarsaanspreeklikheid

Ons dek jou regs aanspreeklikheid wat gedurende die versekeringstydperk gebeur as eienaar van jou privaat woning teen die volgende:

- 6.8.1.1 Toevallige dood van 'n ander persoon.
- 6.8.1.2 Toevallige liggaamlike besering of siekte van 'n ander persoon.
- 6.8.1.3 Toevallige verlies van of skade aan eiendom wat aan 'n ander persoon behoort.

Ons betaling sal die volgende insluit:

- 6.8.1.4 Die bedrae waarvoor jy aanspreeklik is.
- 6.8.1.5 Regskoste van die ander persoon waarvoor jy aanspreeklik is.
- 6.8.1.6 Koste wat jy aangaan om die eis teen jou met ons toestemming te skik of verdedig.



6.8.2 Vergoedingsperk

Die vergoedingsperk ten tye van die verlies, skade, liggaamlike besering, siekte of dood, verskyn in die bylae. Hierdie bedrag is van toepassing op enige enkele gebeurtenis of 'n reeks van gebeurtenisse wat die gevolg is van 'n enkele gebeurtenis.

6.8.3 Wat ons nie onder Huiseienaarsaanspreeklikheid dek nie

Ons dek nie die volgende nie:

- 6.8.3.1 Aanspreeklikheid wat deur enige van die volgende persone geëis word:
- jy of enige lid van jou familie wat normaalweg by jou woon;
 - jou direkteure, lede, trustees, begunstigdes of lede van hulle families wat normaalweg by hulle woon (as jy 'n maatskappy, beslote korporasie of trust is);
 - jou werknemers wat optree in die verloop van hulle diens by jou tydens die gebeurtenis. Hierdie uitsluiting is nie van toepassing op jou huishoudelike werknemers nie.
- 6.8.3.2 Aanspreeklikheid wat verband hou met verlies van of skade aan eiendom wat deur enige van die volgende persone besit, opgepas of beheer word:
- jy of enige lid van jou familie wat normaalweg by jou woon;
 - jou direkteure, lede, trustees, begunstigdes of lede van hulle families wat normaalweg by hulle woon (as jy 'n maatskappy, beslote korporasie of trust is);
 - jou werknemers wat optree in die verloop van hulle diens by jou tydens die gebeurtenis.
- 6.8.3.3 Aanspreeklikheid wat verband hou met enige van die volgende:
- jou werk, sake of beroep. hierdie uitsluiting is nie van toepassing as jou privaat woning verhuur word nie;
 - jou eienaarskap of besetting van grond of geboue wat nie jou privaat woning is nie;
 - vliegtuie, voertuie of watervaartuie wat jy of jou werknemers besit, oppas of beheer;
 - die vibrasie, verwydering, verswakking of inmenging van die stut van enige grond, gebou of ander eiendom;
 - brande wat versprei vanaf jou plaas, plasie of kleinhoewe wat jy as die huiseienaar bewoon.



6.9 Spesiale bepalinge en voorwaardes onder hierdie afdeling

6.9.1 Hoe ons jou sal vergoed

Ons sal jou vergoed vir verlies van of skade aan jou privaat woning deur enige een of kombinasie van die volgende:

- 6.9.1.1 Die koste van die verlies of skade te betaal.
- 6.9.1.2 Wat ookal verlore of beskadig is te vervang.
- 6.9.1.3 Wat ookal beskadig is te herstel.

Jy moet ons goedkeuring kry voordat enige herstelwerk of vervangings gedoen word. Indien jy nie ons goedkeuring kry nie, kan ons jou eis afwys.

Ons baseer die vergoeding op die vervangingswaarde van soortgelyke nuwe inhoud tydens die verlies of skade.

6.9.2 Vergoedingsperke

Die vergoedingsperke vir elke item of gebeurtenis wat ons verseker, verskyn in jou bylae. Die maksimum wat ons vir enige enkele eis sal betaal, is die vergoedingsperk vir jou geboue wat in die bylae verskyn.

6.9.3 Bybetaling

Daar is 'n bybetaling in die bylae vir Geboue. Dit is die bedrag wat jy moet betaal voordat ons jou sal vergoed.

Hierdie bybetaling is nie van toepassing op eise vir Huiseienaarsaanspreeklikheid nie.

6.9.4 Lande waar jy onder hierdie afdeling verseker is

Dekking deur hierdie afdeling geld slegs vir die Republiek van Suid-Afrika.

6.9.5 Ons sien om na die kredietverskaffer se regte

As daar 'n huislening of verband op jou privaat woning geregistreer is en jy het 'n eis, sal ons eers die kredietverskaffer tot die uitstaande leningsbedrag betaal. As daar 'n balans is, sal ons dit aan jou betaal.

Voorbeeld:

James koop 'n huis vir R 2 000 000 en leen geld om dit te betaal. Die kredietverskaffer registreer 'n huislening op die geboue vir die volle waarde daarvan. James neem versekering vir die volle waarde uit.

James het R 400 000 aan die kredietverskaffer terugbetaal toe die huis in 'n brand vernietig is. James eis van sy versekering. Ons vergoed die kredietverskaffer vir R1 600 000 en betaal R 400 000 (minus enige bybetaling) aan James vir die skade.

As jou optrede of versuim om op te tree daartoe lei dat ons jou eis weier, sal ons nog steeds die kredietverskaffer betaal indien:

- 6.9.5.1 Die kredietverskaffer nie geweet het dat jy opgetree het op 'n wyse wat hierdie versekering ongeldig maak nie.



6.9.5.2 Die kredietverskaffer ons vertel van jou optrede of versuim om op te tree sodra hulle daarvan bewus word; en

6.9.5.3 Die weiering van die eis nie die gevolg is van bedrog, oneerlikheid, wanvoorstelling of enige gebeurtenis wat doelbewus veroorsaak is deur jou of enige persoon wat met jou saamsweer nie.

6.9.6 Bypassende boumateriaal

Ons is nie verplig om jou privaat woning te herstel presies soos wat dit voor die verlies of skade was nie. Ons sal dit egter herstel so na wat redelike omstandighede dit toelaat.

Waar ons nie presies dieselfde materiaal kan kry nie, sal ons materiaal gebruik wat volgens ons so na as moontlik aan die beskadigde of verlore materiaal pas.

Ons sal dit slegs doen in daardie gedeelte van jou privaat woning waar die verlies of skade plaasgevind het. Ons sal nie betaal vir bypassende boumateriaal om 'n eenvormige effek regdeur jou privaat woning te kry nie.

6.9.7 Nakomingsertifikate

Dit is 'n vereiste dat die sonpanele en gasinstalleringe deur 'n geakkrediteerde diensverskaffer geïnstalleer en gediens moet word.

Jy moet in die installeringsfase of op die begindatum of hernuwingsdatum van jou polis die Nakomingsertifikaat van die geakkrediteerde installeerder aan ons stuur.

Ons dek jou nie vir verlies of skade of enige besering wat veroorsaak word omdat jy die sonpanele installeer nie.

6.9.8 Maak seker dat jy nie onderverseker is nie

Dit is jou verantwoordelikheid om jou privaat woning vir die vervangingswaarde daarvan te verseker. Die vervangingswaarde is wat dit sou kos om jou privaat woning met soortgelyke nuwe eiendom te vervang ten tye van die verlies of skade.

Wanneer jy eis, sal ons die vervangingswaarde bepaal waarvoor jou eiendom verseker moes wees. As die vervangingswaarde hoër is as die vergoedingsperk wat in die bylae verskyn, beteken dit dat jy onderverseker is. As jy onderverseker is, sal ons jou nie vir die volle bedrag van jou eis vergoed nie, maar slegs vir die persentasie van versekering wat jy gekoop het. Ons bereken die verskil tussen die vervangingswaarde en die vergoedingsperk en pas dit proporsioneel op jou eis toe. Jy sal verantwoordelik wees vir die verskil.

Voorbeeld:

Die vervangingswaarde van jou eiendom is R 2 000 000. Die vergoedingsperk is egter R 1 500 000.

Jy het die item slegs vir 75% van die waarde daarvan verseker.

Nou is daar R 500 000 se skade aan die eiendom. Ons sal jou slegs vergoed vir 75% van die skade, minus enige toepaslike bybetaling (d.i. R375 000 minus die bybetaling). Jy is verantwoordelik vir die verskil.



6.9.9 Huurders se gedrag

As 'n huurder wat in jou privaat woning woon op 'n manier optree wat hierdie polis ongeldig kan maak, sal ons jou nog steeds dekking onder hierdie polis gee indien:

- 6.9.9.1 Jy nie geweet het van of ingestem het tot die huurder se optrede of versuim nie.
- 6.9.9.2 Jy ons vertel van die optrede of versuim sodra jy daarvan uitvind; en
- 6.9.9.3 Die weiering van die eis nie die gevolg is van bedrog, oneerlikheid, wanvoorstelling of enige gebeurtenis wat doelbewus veroorsaak is deur jou of enige persoon wat met jou saamsweer nie.

6.9.10 Vertel ons as jy vir meer as 60 dae weggaan

Jy moet ons vertel as jy van plan is om jou privaat woning vir meer as 60 agtereenvolgende dae gedurende enige kalenderjaar onbewoon te laat, sodat ons jou premies of die bepalinge van jou dekking kan aanpas.

As jy ons nie vertel nie, mag ons jou eisbedrag aanpas om te vergoed vir die aangepaste premie, of bykomende bybetalings toepas of 'n eis wat jy mag hê.

6.9.11 Inspeksies

Ons mag 'n inspekteur vra om jou privaat woning enige tyd te inspekteer.

Na aanleiding van die bevindinge van hierdie inspeksie, mag ons enige van die volgende na 31 dae kennisgewing doen:

- 6.9.11.1 Die bepalinge van jou versekeringskontrak verander.
- 6.9.11.2 Jou versekering kanselleer.
- 6.9.11.3 Jou versekering ongeldig verklaar, wat beteken dat ons die polis vanaf die begindatum van die polis sal kanselleer, asof dit nooit bestaan het nie.

6.9.12 Verhoging weens inflasie

Ons verhoog die vergoedingsperk onder jou Geboue afdeling elke jaar met die hernuwing van jou polis met 'n persentasie om die inwerking van inflasie teen te werk. Dit beteken dat jou premies ook mag verhoog.

Die persentasie verhoging verskyn in die bylae.

Dit bly jou verantwoordelikheid om seker te maak dat die vergoedingsperke voldoende is om die waarde van al die versekerde items onder hierdie afdeling te dek.

6.10 Wat ons nie onder hierdie afdeling verseker nie

Ons sal jou nie onder hierdie afdeling vir enige van die volgende vergoed nie:

6.10.1 Geleidelike skade

Ons dek nie verlies of skade wat veroorsaak is deur of ontstaan vanuit enige van die volgende nie:



- 6.10.1.1 Slytasie.
- 6.10.1.2 Enige oorsaak wat oor 'n tydperk gebeur soos roes, muf, wegvreting of verrotting.
- 6.10.1.3 Wortels of onkruid.
- 6.10.1.4 Ongediertes, insekte of besmetting deur enige ander peste.
- 6.10.1.5 Waardevermindering of enige ander oorsaak wat geleidelik inwerk.
- 6.10.1.6 Die uitwerking van lig of klimaatstoestande.

6.10.2 As jy nie jou privaat woning in stand hou nie

Ons dek geen skade wat veroorsaak is omdat jy nie jou privaat woning in stand hou nie.

6.10.3 Wanneer jy verbouings aan jou privaat woning doen

Ons dek geen van die volgende terwyl jy strukturele veranderings of verbouings aan jou privaat woning doen nie:

- 6.10.3.1 Verlies van of skade aan glas of sanitêre ware (bv., toilette, wasbakke en baddens) wat deur die strukturele veranderings of verbouings veroorsaak is.
- 6.10.3.2 Alternatiewe verblyf.
- 6.10.3.3 Huurinkomste wat jy verloor.
- 6.10.3.4 Huiseienaarsaanspreeklikheid.

6.10.4 Maak seker dat jy gebouwetgewing en –regulasies nakom

Ons dek geen verlies, skade of aanspreeklikheid as gevolg van die feit dat jou privaat woning nie voldoen aan die Nasionale Bouregulasies of enige ander wetgewing wat van toepassing is op geboustandaarde of -instandhouding nie.

6.10.5 Foutiewe ontwerp, vakmanskap of herstelwerk

Ons dek geen verlies of skade wat veroorsaak of vererger word deur foutiewe ontwerp, vakmanskap of herstelwerk aan jou privaat woning nie.

6.10.6 Indien jy sonpanele op 'n gebou/buitegebou met 'n rietdak geïnstalleer het

Ons dek nie enige verlies van of skade aan jou privaat woning indien jou sonkrag-installeringstelsel aan 'n rietdak gekoppel is nie.

Met dien verstande dat die verlies of skade deur die sonkrag-installasie veroorsaak word.

6.10.7 Indien jou dakstruktuur nie die gewig van die sonkrag-installeringstelsel kan dra nie

Ons dek geen verlies van of skade aan die sonkragstelsel-installasie waar die dakstruktuur nie in staat was om die bykomende gewig van die installasie te dra nie.



7. PERSOONLIKE ONGEVALLE AFDELING

7.1 Definisies vir hierdie afdeling

begunstigde	beteken die persoon in die bylae genoem, wat jy gekies het om vergoeding te ontvang as jy sterf.
dood	beteken dood voorspruitend uit 'n eksterne gewelddadige en opsetlike gebruik van fisieke krag, dreigend of werklik, teen jouself of dood voortspruitend uit 'n motorvoertuigongeluk.
jy / jou	beteken die polishouer, die mede-polishouer in die bylae genoem, die polishouer se eggenoot, die ouers van die polishouer en die polishouer se eggenoot, die finansiële afhanklike kinders van die polishouer of polishouer se eggenoot, die voltydse huishoudelike werknemers van die polishouer en die polishouer se eggenoot, sowel as enige ander verwante persone wat in die bylae genoem word.
kind / kinders	beteken: • jou of jou eggenoot se biologiese kind onder die ouderdom van 19 jaar; • jou of jou eggenoot se stiefkind, wetlik aangenome kind of 'n aangenome kind ingevolge tradisionele of godsdienstige aannemingsgebruike van die mense van Suid-Afrika, onder die ouderdom van 19 jaar; • jou of jou eggenoot se kind van enige ouderdom wat permanent verstandelik of fisies gestrem is en finansiële afhanklik is van jou; • jou of jou eggenoot se kind wat jonger as 25 jaar is, en wat 'n voltydse student by 'n naskoolse instelling is wat geregistreer is ingevolge wetgewing van die Republiek van Suid-Afrika of wat skriftelik deur ons goedgekeur is.
liggaamlike besering	beteken 'n fisiese besering van die liggaam wat veroorsaak is deur 'n toevallige, gewelddadige, sigbare en uitwendige gebeurtenis.
ongeluk	beteken 'n gebeurtenis wat buite die liggaam plaasvind wat jy nie kon voorkom nie, nie beplan het nie en wat jy nie verwag het of kon voorsien nie.



permanente ongeskiktheid	beteken 'n liggaamlike besering wat veroorsaak is deur 'n ongeluk as gevolg waarvan jy permanent en algeheel nie meer in staat is om jou gewone beroep of enige ander beroep te beoefen waarvoor jou opvoeding, kennis, opleiding of ervaring geskik is nie.
repatriasie	beteken om jou liggaam terug te bring na die republiek van Suid-Afrika as jy as gevolg van 'n ongeluk sterf terwyl jy buite Suid-Afrika is.
tydelike ongeskiktheid	beteken 'n liggaamlike besering wat veroorsaak is deur 'n ongeluk, wat verhoed dat jy jou gewone beroep kan beoefen en wat vir langer as sewe agtereenvolgende dae, tot 'n maksimum van 104 weke, duur.
vingerbeentjie / toonbeentjie	beteken 'n beentjie wat die vingers en tone vorm.

7.2 Wat ons verseker

7.2.1 Ons gee vergoeding tot die bedrag wat in die bylae verskyn vir toevallige dood

7.2.2 Vergoedingsperke vir toevallige dood van kinders

Daar is wetlike vergoedingsperke vir die toevallige dood van kinders. Hierdie vergoedingsperke verskyn in die bylae.

7.3 Soort dekking

Verwys asseblief na jou bylae om seker te maak watter soort dekking jy het.

7.3.1 Volle dekking

As jy volle dekking het, sal ons jou na enige ongeluk vergoed.

7.3.2 Beperkte dekking

As jy beperkte dekking het, sal ons jou slegs na 'n motorongeluk vergoed.

7.4 Uitgebreide dekkings wat deel vorm van die vergoedingsperk

7.4.1 As jy verdwyn

As jy verdwyn, sal ons jou eis betaal asof jy gesterf het.

Hierdie dekking is onderhewig aan die volgende voorwaardes:

7.4.1.1 Ons moet 'n afskrif van die hofbevel van Vermoede van Dood ontvang.

7.4.1.2 Ons moet geen rede hê om te glo dat enige gebeurtenis anders as 'n ongeluk gebeur het nie.

7.4.1.3 As jy lewend gevind word enige tyd nadat ons die eis betaal het, moet jy al die vergoeding aan ons terugbetaal.



7.4.2 Blootstelling aan die elemente, dors en uithongering

Ons dek jou toevallige dood of liggaamlike besering wat veroorsaak is deur blootstelling aan die elemente, dors of uithongering na 'n ongeluk.

7.5 Uitgebreide dekking bykomend tot die vergoedingsperk

Die volgende dekking is bykomend tot die vergoedingsperk van jou Persoonlike ongevalle wat in die bylae verskyn.

7.5.1 Repatriasiekoste

As jy as gevolg van 'n ongeluk sterf terwyl jy buite die grense van die Republiek van Suid-Afrika is, dek ons die redelike koste om jou liggaam na Suid-Afrika terug te bring.

Hierdie dekking is beperk tot die bedrag wat in die bylae verskyn.

7.5.2 Dubbel vergoeding

Indien die polishouer en die polishouer se eggenoot sterf binne twaalf maande vanaf die ongeluk wat hulle dood veroorsaak het, sal ons dubbel vergoeding vir toevallige dood betaal.

Hierdie dekking is onderhewig aan die volgende voorwaardes:

- 7.5.2.1 Die sterftes moet deur dieselfde ongeluk veroorsaak wees.
- 7.5.2.2 Jy moet dekking vir dood, permanente ongeskiktheid en tydelike ongeskiktheid hê.
- 7.5.2.3 Jy moet oorlewende kinders onder die ouderdom van 18 jaar hê wat afhanklik is van jou en jou eggenoot.
- 7.5.2.4 Jy, jou eggenoot en jou kinders moet almal deel van dieselfde huishouding wees ten tye van die ongeluk.

7.6 Opsionele dekking onder hierdie afdeling

Hierdie dekking is opsioneel. Verwys asseblief na jou bylae om te sien of jy dit het.

7.6.1 Permanente ongeskiktheid

- 7.6.1.1 Jou toevallige permanente ongeskiktheid word volgens die volgende voordeleskaal vergoed:

Beskrywing van toevallige permanent ongeskiktheid	Persentasie van vergoedingsperk
Verlies van vier vingers:	70%
Verlies van duim:	
• Albei vingerbeentjies	25%
• Een vingerbeentjie	10%



Beskrywing van toevallige permanent ongeskiktheid	Persentasie van vergoedingsperk
Verlies van wysvinger: - Drie vingerbeentjies - Twee vingerbeentjies - Een vingerbeentjie	10% 8% 4%
Verlies van middelvinger: - Drie vingerbeentjies - Twee vingerbeentjies - Een vingerbeentjie	6% 4% 2%
Verlies van ringvinger: - Drie vingerbeentjies - Twee vingerbeentjies - Een vingerbeentjie	5% 4% 2%
Verlies van pinkie: - Drie vingerbeentjies - Twee vingerbeentjies - Een vingerbeentjie	4% 3% 2%
Verlies van middelhandbeen: - Eerste of tweede (bykomend) - Derde, vierde of vyfde (bykomend)	3% 2%
Verlies van tone: - Almal aan een voet - Groottoon, albei toonbeentjies - Groottoon, een toonbeentjie - Alle tone behalwe die groottoon as meer as een toon verlore is	30% 5% 2% 1% vir elke verlore toon
Gesigsverlies: - Een of albei oë - Een oog, behalwe vir persepsie van lig	100% 75%



Beskrywing van toevallige permanent ongeskiktheid	Persentasie van vergoedingsperk
Verlies van spraak	100%
Gehoerverlies: • Albei ore • Een oor	100% 25%
Verlies deur fisiese skeiding by of bokant die gewrig of enkel van een of meer ledemaat, of permanente en algehele verlies van gebruik van 'n ledemaat	100%
Beserings wat lei tot totale verlamming, permanente ongeskiktheid of dat jy permanent bedlêend is	100%

7.6.1.2 As jou toevallige permanente ongeskiktheid nie op hierdie tabel verskyn nie, sal ons 'n persentasie van ongeskiktheid aan jou besering toestaan wat belys is met die persentasies in hierdie tabel.

7.6.1.3 Brandwonde

Ons dek jou toevallig permanente ongeskiktheid wat deur brandwonde veroorsaak is, afhangend van die oppervlakarea van jou liggaam wat as gevolg van die brandwonde vermink is. Permanente verlies van gebruik van 'n liggaamsdeel word beskou as verlies van daardie liggaamsdeel.

Hierdie dekking is beperk tot die bedrag wat in die bylae verskyn.

Hierdie dekking is onderhewig aan die volgende voorwaardes:

- as die persentasie van die verminking as gevolg van die brandwonde minder is as 100% van die oppervlakarea, sal ons 'n persentasie van die vergoeding betaal wat ooreenkomstig is met die verminking wat jy gelyk het;
- ons sal jou slegs vergoed wanneer die permanente uitwerking van mediese of chirurgiese behandeling van jou brandwonde vasgestel is.

Ons dek nie jou brandwonde indien minder as 10% van die oppervlakarea geraak is nie.

7.6.2 Tydelike ongeskiktheid

Ons sal jou vergoed as jy tydelik ongeskik is as gevolg van 'n ongeluk.

Hierdie dekking is beperk tot die bedrag wat in die bylae verskyn, vir elke week van jou tydelike ongeskiktheid.



Ons sal nie jou tydelike ongeskiktheid betaal:

7.6.2.1 Vir langer as 104 weke nie.

7.6.2.2 As ons reken dat jy geskik is om jou normale sake of beroep voort te sit nie.

7.7 Spesiale bepalinge en voorwaardes onder hierdie afdeling

7.7.1 Hoe ons jou sal vergoed

In geval van jou toevallige dood, sal ons jou begunstigde of jou boedel betaal.

In geval van jou toevallige permanente ongeskiktheid of tydelike ongeskiktheid, sal ons jou betaal.

Ons sal betalings vir tydelike ongeskiktheid met tussenposes maak, indien die mediese praktisyn wat jou behandel vir ons 'n bevredigende mediese verslag gee ten tye van die tydelike ongeskiktheid.

7.7.2 Vergoedingsperke

As ons die volle vergoedingsperk vir toevallige dood of toevallige permanente ongeskiktheid betaal, sal hierdie afdeling van die polis dadelik eindig en jy kan geen verdere eise onder hierdie afdeling instel nie.

Ons sal slegs tot die vergoedingsperk vir toevallige permanente ongeskiktheid betaal wat deur een ongeluk veroorsaak is. Die totale bedrag wat ons sal betaal vir toevallige permanente ongeskiktheid vir enige enkele ongeluk, sal nie meer as 100% van die vergoedingsperk vir permanente ongeskiktheid wees nie.

Ons sal jou slegs betaal vir óf toevallige dood óf toevallige permanente ongeskiktheid wat deur dieselfde ongeluk veroorsaak is.

Ons sal jou slegs betaal vir óf toevallige permanente ongeskiktheid óf tydelike ongeskiktheid wat deur dieselfde ongeluk veroorsaak is. As ons jou vir tydelike ongeskiktheid betaal en jy eis dan vir toevallige permanente ongeskiktheid, mag ons die bedrag wat ons vir tydelike ongeskiktheid uitbetaal het, van die betaling vir toevallige permanente ongeskiktheid aftrek.

7.7.3 Vergoedingsperke vir die toevallige dood van 'n kind

Daar is wetlike vergoedingsperke vir die toevallige dood van kinders. Hierdie vergoedingsperke verskyn in die bylae.

7.7.4 Lande waar jy onder hierdie afdeling verseker is

Dekking onder hierdie afdeling is wêreldwyd.

7.7.5 Toevallige dood of ongeskiktheid moet binne 24 maande vanaf die ongeluk plaasvind

Jou toevallige dood of ongeskiktheid moet plaasvind binne 24 maande vanaf die ongeluk wat die liggaamlike besering veroorsaak het.



Vir toevallige dood, sal die 24-maande tydperk nie die tyd insluit wat jy vir meer as drie agtereenvolgende dae deur lewensondersteuningstoerusting aan die lewe gehou is nie. As die lewensondersteuningstoerusting vir minder as drie agtereenvolgende dae gebruik is, sal die 24-uur tydperk nie uitgestel word nie.

7.7.6 Jy moet aan ons sekere inligting gee

Jy moet ons dadelik in kennis stel indien:

7.7.6.1 Jy enige fisiese mediese toestand het wat jou raak.

7.7.6.2 Jy jou beroep na 'n gevaarliker beroep verander.

7.7.7 Jy moet geskikte mediese sorg kry

As jy enige fisiese besering opdoen wat tot 'n eis mag lei, moet jy binne 'n redelike tydperk mediese sorg kry.

Ons sal nie jou toevallige dood of ongeskiktheid dek wat op enige manier geraak is deur die feit dat jy nie die mediese behandeling ontvang het wat jy volgens ons mening moes ontvang het nie.

7.7.8 Jy moet instem tot mediese ondersoeke

Indien jy 'n eis het, moet jy so gereeld as wat ons van jou verlang, mediese ondersoeke ondergaan. Ons is verantwoordelik vir die koste van hierdie mediese ondersoeke en enige redelike uitgawes wat daarmee verband hou.

7.8 Wat ons nie onder hierdie afdeling verseker nie

Ons sal jou nie onder hierdie afdeling vir enige van die volgende vergoed nie:

7.8.1 Mediese toestande

Ons dek nie dood, liggaamlike besering of ongeskiktheid wat veroorsaak is deur 'n mediese toestand wat bestaan het voordat die persoon aanvanklik op hierdie afdeling bygevoeg is nie.

7.8.2 Deelname aan sekere aktiwiteite

Ons dek nie dood, liggaamlike besering of ongeskiktheid wat veroorsaak is deur jou deelname aan enige van die volgende aktiwiteite nie:

7.8.2.1 Enige sport as 'n beroepspeler.

7.8.2.2 Uiterste aktiwiteite soos parasweef, valskermspring, hangswaef, veldmotorfietsry, vierwielmotorfietsry of vryklim.

7.8.2.3 Stoei, boks of krygskuns.

7.8.2.4 Wedrenne, spoed- of uithoutoetse in of op kragaangedrewe voertuie of watervaartuie.

7.8.2.5 Vlieg, behalwe as jy 'n passasier 'n wettig gelisensieerde passasiersvliegtuig is.

7.8.2.6 Bergklim waar die gebruik van toue of 'n gids nodig is; of



7.8.2.7 Delf of sink van mynputte of –skagte, ondergrondse mynaktiwiteite of die vervaardiging of gebruik van plofstowwe.

7.8.3 Gebruik van Alkohol of verdowingsmiddel

Ons dek nie dood, ongeskiktheid of liggaamlike besering as gevolg van die volgende nie:

7.8.3.1 Die feit dat jy onder die invloed van alkohol of verdowingsmiddels was; of

7.8.3.2 Indien jou bloedalkoholvlak bokant die wettige perk is.

Indien jou alkoholvlak bokant die wettige perk is, sal ons aanneem dat jy onder die invloed van alkohol is.

Hierdie uitsluiting is nie van toepassing indien 'n gekwalifiseerde mediese praktisyn aan jou verdowingsmiddels voorgeskryf het en jy dit geneem het soos voorgeskryf is nie.

7.8.4 Opsetlike wangedrag

Ons dek nie dood, ongeskiktheid of liggaamlike besering as gevolg van jou opsetlike wangedrag, byvoorbeeld as jy 'n aanranding uitlok, die wet oortree of onrus stook nie.

7.8.5 Dood of liggaamlike besering wat jy opsetlik veroorsaak

Ons dek nie dood, ongeskiktheid of liggaamlike besering wat jy veroorsaak deur selfmoord, poging tot selfmoord, opsetlike selfbesering of blootstelling aan gevaar nie.

7.8.6 Militêre- of ander diens

Ons dek nie dood, ongeskiktheid of liggaamlike besering as gevolg van jou militêre-, vloot-, polisie- of lugmagdiens in enige land nie.

7.8.7 Deelname aan oproer, burgerlike onluste of 'n daad van terrorisme

Ons dek nie dood, ongeskiktheid of liggaamlike besering as gevolg van jou deelname aan enige oproer, burgerlike onluste of 'n daad van terrorisme nie.



8. ALLE RISIKO'S AFDELING

8.1 Definisies vir hierdie afdeling

algemene items	beteken: - jou klerasie en persoonlike besittings wat 'n persoon normaalweg sal dra of saamdra; - jou persoonlike sporttoerusting wat 'n persoon wat aan 'n sport deelneem, normaalweg sal dra of gebruik; - huishoudelike items, wat kruideniersware insluit, wat jy vervoer vanaf enige plek waar jy dit gekoop, laat herstel of laat opknip het.
geld	beteken banknote, munte wat nie deel uitmaak van 'n versameling nie, tjeks, posorders, bankwissels, reiskaartjies, reisigerstjeks, posseëls, spaarseëls, sertifikate, skuldbriewe en ander verhandelbare instrumente. Geld sluit nie staafgoud in nie.
gespesifiseerde items	beteken enige item wat spesifiek verseker is onder hierdie afdeling en in die bylae verskyn.
jy / jou	beteken die polishouer, mede-polishouer soos in die bylae genoem en lede van die polishouer se familie wat by hulle woon.
onbewaak	beteken dat jy nie by jou versekerde eiendom is nie en niemand in beheer van die versekerde eiendom gelaat het met die uitdruklike opdrag om die eiendom op te pas nie.
permanente toebehore van 'n woonwa of sleepwa	beteken items wat deur die vervaardiger van die woonwa of sleepwa aangebring is.
versekerde items	beteken algemene en gespesifiseerde items.

8.2 Wat ons verseker

Ons dek toevallige verlies van of skade aan:

8.2.1 Algemene items

Hierdie dekking is beperk tot die bedrag wat in die bylae verskyn vir enige enkele voorval en tot 25% van die vergoedingsperk vir enige enkele item.



Ons dek egter nie enige van die volgende items onder algemene items nie:

- 8.2.1.1 Draagbare kommunikasietoestelle, bv., selfone.
- 8.2.1.2 Motorradio's of klankstelsels.
- 8.2.1.3 Fietse, branderplanke, vlieërplanke, roeiski's, kajakke, kano's, branderski's of seilplanke.
- 8.2.1.4 Gereedskap.
- 8.2.1.5 Seël- of muntversamelings.
- 8.2.1.6 Geld of dokumente.
- 8.2.1.7 Gewere of vuurwapens.
- 8.2.1.8 Inhoud van woonwaens of sleepwaens.
- 8.2.1.9 Hommeltuie.

8.2.2 Gespesifiseerde items

Verwys asseblief na jou bylae om seker te maak waarvoor jy verseker is.

8.2.2.1 Fietse

Ons dek verlies van of skade aan jou gespesifiseerde fietse. Hierdie dekking sluit die bykomstighede van jou fietse in.

Hierdie dekking is beperk tot die bedrag wat in die bylae verskyn.

Hierdie dekking is onderhewig aan die voorwaarde dat die gespesifiseerde fiets in 'n gebou toegesluit moet wees, of met 'n fiets beveiligingsmeganisme of slot gesluit moet wees, of aan 'n voertuig vasgemaak moet wees met 'n fiets beveiligingsmeganisme of slot, wanneer die fiets onbewaak gelaat word of wanneer dit vervoer word. Dit is belangrik om kennis te neem dat ons nie 'n fiets wat aan 'n gebou of voertuig vasgemaak is met toue of bande wat maklik geknip of gesny kan word, as beveilig beskou nie.

As jy nie aan hierdie voorwaarde voldoen nie, sal ons nie verlies van of skade aan die fiets dek wat deur diefstal of poging tot diefstal veroorsaak is nie.

8.2.2.2 Inhoud van woonwaens of sleepwaens

Ons dek verlies van of skade aan jou gespesifiseerde of ongespesifiseerde inhoud van woonwaens of sleepwaens terwyl dit in die woonwa of sleepwa, of in 'n tent is wat aan die woonwa of sleepwa geheg is.

Hierdie dekking is beperk tot die bedrag wat in die bylae verskyn. Die maksimum wat ons vir enige enkele item van inhoud van woonwaens of sleepwaens sal betaal, verskyn ook in die bylae.



Ons dek egter nie die volgende nie:

- verlies of skade wat deur diefstal veroorsaak is terwyl die woonwa of sleepwa en hul aangehegte tente onbewoon is, tensy daar sigbare tekens van kragdadige toegang tot of uitgang vanuit die woonwa, sleepwa of tent is;
- verlies van of skade aan permanente toebehore;
- verlies of skade wat veroorsaak is deur bedrog of oneerlikheid van 'n persoon wat die woonwa of sleepwa geleen of gehuur het;
- seël- of muntversamelings, pelse, juweliersware, horlosies of enige item wat meer spesifiek verseker is.

8.2.2.3 Kontaklense / brille

Ons dek verlies van of skade aan jou gespesifiseerde kontaklense, brille of sonbrille.

Hierdie dekking is beperk tot die bedrag wat in die bylae verskyn.

8.2.2.4 Juweliersware / polshorlosies

Ons dek verlies van of skade aan jou gespesifiseerde juweliersware of polshorlosies.

Hierdie dekking is beperk tot die bedrag wat in die bylae verskyn.

Hierdie dekking is onderhewig aan die voorwaarde dat jy aan ons 'n professionele waardasiesertifikaat vir alle gespesifiseerde juweliersware en polshorlosies moet gee. Hierdie waardasiesertifikaat moet gedateer wees voor die datum van die verlies of skade.

As jy nie 'n waardasiesertifikaat het nie, sal jou vergoeding beperk wees tot die bedrag wat in die bylae verskyn.

8.2.2.5 Motorklanktoerusting

Ons dek verlies van of skade aan jou gespesifiseerde motorklanktoerusting.

Hierdie dekking is beperk tot die bedrag wat in die bylae verskyn.

8.2.2.6 Selfone / opspoortoestelle / motorfone

Ons dek verlies van of skade aan jou gespesifiseerde selfone, opspoortoestelle of motorfone. Hierdie dekking sluit die bykomstighede van hierdie draagbare kommunikasietoestelle in.

Hierdie dekking is beperk tot die bedrag wat in die bylae verskyn.

8.2.2.7 Gespesifiseerde klere / persoonlike besittings

Ons dek verlies van of skade aan jou gespesifiseerde klere en persoonlike besittings.

Hierdie dekking is beperk tot die bedrag wat in die bylae verskyn.



8.2.2.8 Versamelstukke / oudhede / kunswerke

Ons dek verlies van of skade aan jou gespesifiseerde versamelstukke. Voorbeelde van versamelstukke is seël- of muntversamelings, oudhede, kunswerke en Persiese tapyte.

Hierdie dekking is beperk tot die vergoedingsperk wat in die bylae aangedui word vir die hele versameling.

Die maksimum wat ons vir een seël of muntstuk sal betaal, verskyn ook in die bylae.

Hierdie dekking is onderhewig aan die voorwaarde dat verlies van of skade aan seëlversamelings slegs gedek is indien een of meer volledige bladsye van die versameling verlore of beskadig is.

Ons dek egter geen huidige, geldige muntstukke onder jou gespesifiseerde muntversamelings nie.

8.2.2.9 Elektriese toestelle / huishoudelike goedere

Ons dek verlies van of skade aan jou gespesifiseerde elektriese toestelle en huishoudelike goedere.

Hierdie dekking is beperk tot die bedrag wat in die bylae verskyn.

8.2.2.10 Ander nie-pad-gelisensieerde, gemotoriseerde toerusting

Ons dek verlies van of skade aan jou gespesifiseerde nie-pad-gelisensieerde, gemotoriseerde toerusting.

Hierdie dekking is beperk tot die bedrag wat in die bylae verskyn.

8.2.2.11 Fotografiese / videotoerusting

Ons dek verlies van of skade aan jou gespesifiseerde fotografiese- en videotoerusting. Hierdie dekking sluit die bykomstighede van jou fotografiese toerusting in.

Hierdie dekking is beperk tot die bedrag wat in die bylae verskyn.

8.2.2.12 Draagbare elektroniese toerusting

Ons dek verlies van of skade aan jou gespesifiseerde draagbare elektroniese toerusting. Hierdie dekking sluit die bykomstighede van jou elektroniese toerusting in.

Hierdie dekking is beperk tot die bedrag wat in die bylae verskyn.

8.2.2.13 Sport- / ontspanningstoerusting

Ons dek verlies van of skade aan jou gespesifiseerde sport- en ontspanningstoerusting. Hierdie dekking sluit die bykomstighede van jou sporttoerusting in.

Hierdie dekking is beperk tot die bedrag wat in die bylae verskyn.



8.2.2.14 Gereedskap / handgereedskapstukke

Ons dek verlies van of skade aan jou gespesifiseerde gereedskap of handgereedskap. Hierdie dekking sluit die bykomstighede van jou gereedskap of handgereedskap in.

Hierdie dekking is beperk tot die bedrag wat in die bylae verskyn.

8.2.2.15 Rolstoel / grassnyer / gemotoriseerde items

Ons dek verlies van of skade aan jou gespesifiseerde rolstoel, grassnyer of ander gemotoriseerde item.

Hierdie dekking is beperk tot die bedrag wat in die bylae verskyn.

8.2.2.16 Baba kinderwaentjie en veiligheidsitplekke / baba bykomstighede

Ons dek verlies van of skade aan jou gespesifiseerde baba kinderwaentjie, veiligheidsitplekke of ander baba bykomstighede.

Hierdie dekking is beperk tot die bedrag wat in die bylae verskyn.

8.2.2.17 Verlies van geld en/of dokumente

Ons dek verlies van of skade aan jou gespesifiseerde geld of dokumente.

Hierdie dekking is beperk tot die bedrag wat in die bylae verskyn.

8.2.2.18 Zippie nippies / kinderfietse

Ons dek verlies van of skade aan jou gespesifiseerde zippie nippies of kinderfietse.

Hierdie dekking is beperk tot die bedrag wat in die bylae verskyn.

8.2.2.19 Vuurwapens

Ons dek verlies van of skade aan jou gespesifiseerde vuurwapens. Hierdie dekking sluit die bykomstighede van jou vuurwapens in.

Hierdie dekking is beperk tot die bedrag wat in die bylae verskyn.

Ons dek egter nie verlies van of skade aan vuurwapens wat deur meganiese gebreke, oopbars of oopsplit van lope of enige skade wat gebeur terwyl die vuurwapen afgevuur, gelaai of ontlaai word nie.

8.2.2.20 Musiekinstrumente

Ons dek verlies van of skade aan jou gespesifiseerde musiekinstrumente.

Hierdie dekking is beperk tot die bedrag wat in die bylae verskyn.

Ons dek egter nie die volgende nie:

- gebreekte snare, drom- of trommelvliese;



- verlies van of skade aan die musiekinstrument terwyl dit vervoer word, tensy jy die gespesifiseerde musiekinstrument veilig bewaar in 'n tas wat gemaak is van hout, metaal, leer of 'n ander soortgelyke beskermende materiaal.

8.2.2.21 Noodsaaklike mediese toerusting

Ons dek verlies van of skade aan jou gespesifiseerde mediese toerusting.

Hierdie dekking is beperk tot die bedrag wat in die bylae verskyn.

8.2.2.22 CD- of DVD versamelings

Ons dek verlies van of skade aan jou gespesifiseerde CD of DVD versamelings.

Hierdie dekking is beperk tot die vergoedingsperk wat in die bylae aangedui word vir die hele versameling.

Die maksimum wat ons vir enige enkele CD of DVD sal betaal, verskyn ook in die bylae.

8.2.2.23 Kunsledemate en vervanging

Ons dek verlies van of skade aan jou gespesifiseerde kunsledemate.

Hierdie dekking is beperk tot die bedrag wat in die bylae verskyn.

8.2.2.24 Hommeltuie

Ons dek verlies van of skade aan jou gespesifiseerde hommeltuie.

Hierdie dekking is beperk tot die bedrag wat in die bylae verskyn.

Ons dek egter nie die volgende nie:

- verlies of skade wat gebeur terwyl jy die hommeltuig gebruik;
- hommeltuie wat deur die suid-afrikaanse burgerlugvaart owerheid geregleer word en vir kommersiële doeleindes gebruik word;
- enige aanspreeklikheid.

8.3 Uitgebreide dekking wat deel vorm van die vergoedingsperk

8.3.1 Afstandbelemmering of - blokkering en/of items wat uit onbewaakte voertuie gesteel word

Ons sal jou slegs vergoed vir los items wat uit 'n onbewaakte voertuig gesteel is indien:

- 8.3.1.1 Die versekerde item/s in die gesluite katterbak, paneelkissie of onder uittrekbare of verwyderbare bagasieruimbedekkings van die voertuig is; en
- 8.3.1.2 Die voertuig se vensters moet toe wees; en
- 8.3.1.3 Daar sigbare tekens van kragdadige toegang tot die voertuig is; en



8.3.1.4 Jy moet die voertuig gesluit het voordat dit onbewaak gelaat is.

Ons vergoed jou soos volg:

8.3.1.5 Die perk wat in die bylae verskyn vir gespesifiseerde items; en/of

8.3.1.6 25% van die vergoedingsperk vir ongespesifiseerde items.

Ons sal vir elke item nie meer betaal as die vergoedingsperk wat in die bylae verskyn nie.

Jy moet die bybetaling betaal wat in die bylae verskyn.

Ons dek egter wel items wat uit 'n onbewaakte voertuig gesteel is, selfs al is daar geen sigbare tekens van kragdadige toegang tot die voertuig nie, indien ons vermoed dat toegang tot die voertuig verkry is deur afstandbelemmering of -blokkering.

Hierdie dekking is onderhewig aan die volgende voorwaardes:

8.3.1.7 Die versekerde item/s moet in die bylae gespesifiseer wees.

8.3.1.8 Die voertuig se vensters moet toe wees.

8.3.1.9 Die versekerde items moet in die gesluite katterbak, paneelkissie of onder uittrekbare of verwyderbare bagasieruimbedekkings van die voertuig wees; en

8.3.1.10 Jy moet die voertuig gesluit het voordat dit onbewaak gelaat is.

Dit is egter nie op baba- of kleuterkarstoeltjies van toepassing nie.

Ons sal vir elke gespesifiseerde item nie meer betaal as die vergoedingsperk wat in die bylae verskyn nie.

Die maksimum wat ons vir afstandbelemmering of -blokkering sal betaal, verskyn ook in die bylae vir elke gebeurtenis.

Jy moet die bybetaling vir afstandbelemmering betaal wat in die bylae verskyn.

8.4 Spesiale bepalinge en voorwaardes onder hierdie afdeling

8.4.1 Hoe ons jou sal vergoed

Ons sal jou vergoed vir verlies van of skade aan jou versekerde items deur enige een of kombinasie van die volgende:

8.4.1.1 Die koste van die verlies of skade te betaal.

8.4.1.2 Wat ookal verlore of beskadig is te vervang.

8.4.1.3 Wat ookal beskadig is te herstel.

Jy moet ons goedkeuring kry voordat enige herstelwerk of vervangings gedoen word. Indien jy nie ons goedkeuring kry nie, kan ons jou eis afwys.

Ons baseer die vergoeding op die vervangingswaarde van soortgelyke nuwe items tydens die verlies of skade.



8.4.2 Vergoedingsperke

8.4.2.1 Algemene items

- ons sal jou vergoed tot 25% van die vergoedingsperk wat in die bylae verskyn vir enige enkele item.
- ons sal jou vergoed tot die vergoedingsperk wat in die bylae verskyn vir die hele eis.

8.4.2.2 Gespesifiseerde items

Ons sal jou vergoed tot die vergoedingsperk wat in die bylae verskyn.

8.4.3 Bybetaling

Daar is 'n bybetaling in die bylae vir Alle Risiko's. Dit is die bedrag wat jy moet betaal voordat ons jou sal vergoed.

8.4.4 Lande waar jy onder hierdie afdeling verseker is

Dekking onder hierdie afdeling is wêreldwyd.

8.4.5 Items in 'n bankkluis of erkende privaat kluis

As die bylae aandui dat jou gespesifiseerde items in 'n bankkluis of 'n erkende privaat kluis gehou word, sal ons daardie items slegs dek as hulle in die bankkluis of privaat kluis ten tye van die verlies of skade is.

Indien jy die item vanuit die bankkluis of privaat kluis verwyder, moet jy ons in kennis stel, die item as 'n gewone gespesifiseerde item verseker en enige bykomende premie betaal.

8.4.6 Maak seker dat jy nie onderverserker is nie

Dit is jou verantwoordelikheid om jou gespesifiseerde items vir die vervangingswaarde daarvan te verseker.

8.4.7 Jy moet bewys lewer van eienaarskap en waarde

As ons daarvoor vra, moet jy aan ons aanvaarbare bewys lewer dat jy 'n item besit. Jy moet ook aanvaarbare bewys van die waarde van 'n item gee, as ons daarvoor vra.

8.4.8 Pare en stelle

Ons sal jou nie vergoed vir enige bykomende, spesiale waarde wat 'n item het omdat deel vorm van 'n paar of stel nie. Ons sal jou slegs vergoed vir die eweredige waarde van die gedeelte van die stel wat verlore of beskadig is.

Hierdie voorwaarde is nie van toepassing as 'n enkele item van 'n paar of stel wat verlore of beskadig is, nie vervang of herstel kan word sonder om die hele paar of stel te vervang of herstel nie.

8.4.9 Verhoging weens inflasie

Ons verhoog die vergoedingsperk van jou Algemene items elke jaar met die hernuwing van jou polis met 'n persentasie om die inwerking van inflasie teen te werk. Dit beteken dat jou premies ook mag verhoog.

Die persentasie verhoging verskyn in die bylae.



8.5 Wat ons nie onder hierdie afdeling verseker nie

Ons sal jou nie onder hierdie afdeling vir enige van die volgende vergoed nie:

8.5.1 Items wat meer spesifiek verseker is

Ons sal jou nie onder Algemene items vergoed vir enige item wat gespesifiseer is of elders verseker is nie.

8.5.2 Voertuie, vliegtuie en watervaartuie

Ons dek geen van die volgende nie:

8.5.2.1 Voertuie en hulle toebehore (behalwe vir gespesifiseerde motorradio's en klankstelsels).

8.5.2.2 Sleepwaens of woonwaens.

8.5.2.3 Hangsweeftuie.

8.5.2.4 Vliegtuie.

8.5.2.5 Watervaartuie en hulle toebehore.

8.5.3 Rekenaars

Ons dek geen rekenaartoerusting of hulle bykomstighede nie, bv., skootrekenaars, palmrekenaars, notaboeke, tablette (bv., iPads), e-lesers of lessenaar-rekenaars.

8.5.4 Ongemonteerde edelstene

Ons dek nie enige verlies van of skade aan ongemonteerde edelstene nie.

8.5.5 Geleidelike oorsake

Ons dek geen verlies of skade wat veroorsaak is deur geleidelike oorsake soos slytasie, roes, muf, korrosie, verrotting, waardevermindering of agteruitgang nie.

8.5.6 Koste van reproduksie

Ons dek nie die koste van reproduksie van klank, data of visuele afbeeldings wat van enige media verlore geraak het nie.

8.5.7 Skoonmaak, kleur, opknapping of herstel

Ons dek nie verlies of skade wat veroorsaak is deur skoonmaak, kleur, opknapping of herstel nie.

8.5.8 Konfiskering of terughouding

Ons dek nie verlies van of skade aan items wat deur enige regsproses gekonfiskeer of teruggehou is nie.

8.5.9 Professionele en kommersiële gebruik

Ons dek nie verlies van of skade aan enige item wat gebruik word vir professionele of kommersiële doeleindes nie. Voorbeelde van items wat gebruik word vir professionele of kommersiële doeleindes, is die fotografiese toerusting wat 'n professionele fotograaf gebruik, die gereedskap wat 'n professionele nutsman gebruik of die gholfstokke wat 'n professionele gholfspeler gebruik.



8.5.10 Elektriese of meganiese onklaarraking

Ons dek nie elektroniese, elektriese of meganiese breekskade, brekasies of onklaarraking nie.

8.5.11 Die uitwerking van lig of klimaatstoestande

Ons dek nie skade wat veroorsaak is deur die uitwerking van lig of klimaatstoestande nie.

8.5.12 Vervaardiger se koopvooreenoms, waarborg of dienskontrak

Ons dek nie verlies, skade of brekasie wat gedek is deur 'n vervaardiger se koopvooreenoms, waarborg of dienskontrak nie.



9. MOTOR AFDELING

9.1 Definisies vir hierdie afdeling

afgeskryf	beteken dat jou voertuig beskadig is en na ons mening nie ekonomies herstelbaar is nie.
benoemde bestuurder/s	beteken die persoon/persone wat gemagtig is om die voertuig te bestuur en in jou bylae as die benoemde bestuurder/s aangeteken is. Daar kan tot twee benoemde bestuurders in die bylae genoem word.
bybetaling	beteken die bedrag wat jy eers moet betaal voordat ons 'n eis skik.
fabrieksgemonteerde voertuigtoebehore	beteken voertuigtoebehore wat gedurende die vervaardiging van die voertuig gemonteer word en by die vervaardiger se standaardspesifikasie van die betrokke voertuigmodel ingesluit is. Hierdie toebehore word gemonteer voor enige opsionele ekstras of toevoegings wat die oorspronklike koper van die vervaardiger kan aanvra voordat die voertuig gekoop word.
gereelde bestuurder	beteken jy of die persoon wat jou toestemming het om die voertuig te bestuur. Dit is die persoon wat die voertuig die meeste bestuur en in jou polisbylae aangeteken is.
gholfkarretjie	beteken 'n gemotoriseerde of battery-aangedrewe voertuig wat ontwerp is vir vervoer op 'n gholfbaan.
jy / jou	beteken die polishouer insluitend jou gade/leuensmaat en mede-polishouer wat in die bylae genoem word. Dit sluit enige persoon in wat jou toestemming het of gemagtig is om die voertuig te bestuur.
kleinhandelswaarde	beteken die prys waarteen 'n motorhandelaar 'n voertuig met sy fabrieksgemonteerde toebehore verkoop, wat gepubliseer is in 'n erkende en huidige motorhandel publikasie of databasis.
kode 3 / opgeboude voertuig	beteken 'n nuwe of gebruikte voertuig wat permanent ongeskik vir gebruik verklaar is, gewoonlik omdat die voertuig: • betrokke was in 'n voorval en ongeskik verklaar is om as 'n voertuig te gebruik;



	• sodanig beskadig is dat dit strukturele gebreke het en omvattende herbou benodig; • gesteel is.
krediettekort	beteken die verskil tussen die totale bedrag wat jy 'n geregistreerde kredietverskaffer skuld ingevolge 'n finansiering ooreenkoms onder die Nasionale Kredietwet, Wet 34 of 2005, en die waarde van die voertuig wat in die bylae verskyn.
ligte afleweringsvoertuig (LAV)	beteken 'n ligte afleweringsvoertuig (wat viertrek en tweetrek voertuie insluit) met 'n bruto massa van 3 500 kg of minder.
motor	beteken 'n privaat motorkar.
motorfiets	beteken 'n standaard pad twee- of driewiel motorfiets, 'n bromponie (met of sonder 'n syspan-wa), 'n drie- of vierwiel gemotoriseerde voertuig (byvoorbeeld 'n vierwieler of alle-terrein voertuig).
nie-fabrieksgemonteerde voertuigtoebehore	beteken voertuigtoebehore wat bygevoeg kan word wanneer die voertuig gekoop word, of nadat die voertuig gekoop is. Dit sluit verbeterings, opsionele ekstras en/of enige bykomende toebehore in. Hierdie toebehore verhoog gewoonlik die waarde van die voertuig. Hulle moet afsonderlik verseker word en sal in jou polisbylae aangedui word.
ooreengekome waarde	beteken die waarde waarop jy en ons ooreenkom om jou voertuig en sy fabrieksgemonteerde toebehore teen te verseker.
SAPVIN	Beteken die unieke nommer wat deur die SAPD se voertuigsirkulasiestelsel gegenereer is. 'n SAPVIN nommer word uitgereik as 'n voertuig nie 'n VIN- of enjinnommer het nie, die voertuig se VIN- of enjinnommers gedupliseer is of die voertuig se VIN- of enjinnommers verander, beskadig of vernietig is. SAPVIN is 'n afkorting vir Suid-Afrikaanse Polisie Voertuig Identifikasie Nommer.
totale verlies	beteken dat jou voertuig afgeskryf of gesteel is.
trekkers gebruik vir ontspanningsdoeleindes	beteken 'n selfaangedrewe trekker of grassnyer wat vir huishoudelike- of ontspanningsdoeleindes gebruik word (byvoorbeeld om die gras by jou privaat woning te sny).



vervangingsvoertuig	beteken enige motor of ligte afleweringsvoertuig wat jy huur, bruikuur of tydelik gebruik as 'n vervanging vir jou versekerde voertuig, terwyl die versekerde voertuig in is vir 'n diens of herstelwerk deur die motorhandel.
voertuig	beteken die versekerde voertuig soos in die bylae genoem, of die vervangingsvoertuig waar van toepassing. Die voertuig sluit fabrieksgemonteerde toebehore en onderdele in wanneer hulle in of aan die voertuig is.
voertuigtoebehore	beteken items wat op so 'n wyse in jou voertuig gemonteer word dat hulle nie verwyder kan word sonder om gereedskap te gebruik sonder om dit te beskadig nie.
woonwa of sleepwa	beteken 'n woonwa of sleepwa wat nie self-aangedrewe is nie. Dit sluit sy permanente toebehore in.

9.2 Wat ons verseker

Ons dek verlies van of skade aan die voertuig wat in die bylae verskyn.

Ons dek ook die vervangingsvoertuig. Die maksimum vergoeding wat ons vir 'n vervangingsvoertuig sal betaal, is die markwaarde van die versekerde voertuig op jou polis.

9.3 Gebruiksklas

Wanneer jy jou voertuig verseker, kies jy die gebruiksklas vir elke voertuig. Jy mag jou voertuig slegs gebruik vir die doeleindes soos beskryf in die gebruiksklas wat jy gekies het en soos in jou bylae aangedui. Indien jy die voertuig vir ander doeleindes gebruik, mag ons nie enige van jou eise aanvaar nie.

As jy jou voertuig se gebruiksklas verander, moet jy ons dadelik in kennis stel.

9.3.1 Huishoudelike gebruiksklas

As die bylae wys dat jou voertuig vir huishoudelike doeleindes gebruik word, mag jy dit gebruik vir sosiale- en privaat reis, reis na en vanaf werk, sowel as vir reis vir professionele- of beroepsdoeleindes een keer per week. As jy jou voertuig meer as een keer per week vir sake- of beroepsdoeleindes gebruik, kan dit nie onder Huishoudelike gebruiksklas gedek word nie.

9.3.2 Sake gebruiksklas

As die bylae wys dat jou voertuig vir sake-doeleindes gebruik word, mag jy dit gebruik vir sosiale- en privaat reis, reis na en vanaf werk, sowel as reis vir administratiewe professionele of beroepsdoeleindes. As jy die voertuig vir handel, vervoer of enige ander kommersiële doeleindes gebruik, kan dit nie onder hierdie polis gedek word nie en moet jy kommersiële dekking vir die voertuig uitneem.



9.4 Soort voertuigwaardes

Verwys asseblief na jou bylae om te sien watter soort voertuigwaarde van toepassing is op elke voertuig wat jy verseker.

9.4.1 Motors en ligte afleweringvoertuie

9.4.1.1 Kleinhandelswaarde

Kleinhandelswaarde is die prys waarteen 'n motorhandelaar 'n voertuig met sy fabrieksgemonteerde toebehore verkoop. Die kleinhandelswaarde word bepaal met verwysing na die kleinhandelswaarde in die Auto Dealer's Guide wat deur TransUnion Auto Information Solutions (Pty) Limited uitgegee word, of enige ander soortgelyke publikasie wat deur die maatskappy goedgekeur is. Die ouderdom, toestand en odometerlesing van die voertuig kan die waarde beïnvloed.

As die waarde van jou voertuig as Kleinhandelswaarde in die bylae verskyn, sal ons jou voertuig se versekerde bedrag en premie op elke hernuwingsdatum aanpas om met die mees onlangse kleinhandelswaarde te belyn.

As jou voertuig afgeskryf of gesteel is, sal ons die eis skik op die Kleinhandelswaarde ten tye van die eis.

Om seker te maak dat jou voertuig voldoende gedek is, moet jy die volgende items afsonderlik verseker:

- nie-fabrieksgemonteerde toebehore;
- krediettekort (enige bedrae wat jy nog op die voertuig skuld).

Jy moet seker maak dat die waardes van enige bykomende toebehore korrek en op datum is. Jy mag die waardes waarvoor die nie-fabrieksgemonteerde toebehore verseker is, enige tyd verander.

9.4.1.2 Ooreengekome waarde

Ooreengekome waarde word slegs gebruik vir voertuie wat nie 'n kleinhandelswaarde het soos in 'n erkende en huidige motorhandelpublikasie of databasis gepubliseer is nie (byvoorbeeld ingevoerde sportmotors of veteraanmotors).

As die waarde van jou voertuig as Ooreengekome waarde in die bylae verskyn, moet jy aan ons bewys van die waarde van die voertuig lewer in die vorm van 'n waardasie deur 'n erkende motorhandelaar. Jy moet vir ons hierdie bewys by elke hernuwingsdatum van die polis gee, ander sal die ooreengekome waarde onveranderd bly op hernuwing van hierdie polis.

Indien die toestand van die voertuig agteruitgaan na die Ooreengekome waarde waardasie, maar voor 'n eis, mag ons jou minder betaal as daar 'n eis is.



9.4.2 Motorfietse, woonwaens, sleepwaens, gholfkarretjies en trekkers vir ontspanningsdoeleindes

Die maksimum vergoeding wat ons sal betaal is die vergoedingsperk wat in die bylae verskyn of die kleinhandelswaarde ten tye van die eis, wat ookal die laagste is.

9.5 Soort motordekking

Verwys asseblief na jou bylae om te sien watter soort dekking jy het vir elke voertuig wat jy verseker.

9.5.1 Omvattend

As die soort voertuigversekering as Omvattend in die bylae genoem word, sal ons jou vir die volgende vergoed:

- 9.5.1.1 Enige verlies of skade.
- 9.5.1.2 Alle uitgebreide dekkings.
- 9.5.1.3 Aanspreeklikheid.

9.5.2 Derdeparty, brand en diefstal

As die soort voertuigversekering as Derdeparty, brand en diefstal in die bylae genoem word, sal ons jou slegs vir die volgende vergoed:

- 9.5.2.1 Verlies of skade wat deur brand, weerlig of ontploffing veroorsaak is.
- 9.5.2.2 Verlies of skade wat deur diefstal of poging tot diefstal veroorsaak is.
- 9.5.2.3 Verlies of skade wat deur kaping of poging tot kaping veroorsaak is.
- 9.5.2.4 Beskermingskoste.
- 9.5.2.5 Noodherstelwerk.
- 9.5.2.6 Insleep- en bergingskoste.
- 9.5.2.7 Aflewering na herstelwerk.
- 9.5.2.8 Spesiale aanpassing van jou motor of ligte afleweringsvoertuig.
- 9.5.2.9 Brandbluskoste.
- 9.5.2.10 Motorhuur (as jy dit gekies het).
- 9.5.2.11 Dekking vir voertuie wat vir meer as 3 dae per week in 'n buurland gebruik word (as jy dit gekies het).
- 9.5.2.12 Aanspreeklikheid.

9.5.3 Slegs derdeparty

As die soort voertuigversekering as Slegs derdeparty in die bylae genoem word, dek ons die voertuig slegs teen aanspreeklikheid.



9.6 Uitgebreide dekkings wat deel vorm van die vergoedingsperk

9.6.1 Vensterglas (as die soort versekering Omvattend is)

Ons dek die koste van vervang of herstel van die vensterglas van jou voertuig.

As jou venster beskadig is, moet jy ons 24-uur kontaksentrum telefonies by 0860 225 563 of deur ons nooddienste toep kontak om vervang of herstel van die vensterglas deur een van ons goedgekeurde diensverskaffers te reël.

Hierdie dekking is onderhewig aan 'n bybetaling vir vensterglas, wat in die bylae verskyn.

Ons sal jou nie onder hierdie dekking vergoed vir skade aan sondakke en ander glas wat deel vorm van die voertuig se bakwerk nie, want dit word nie as vensterglas beskou nie.

9.6.2 Vervang van jou motor of ligte afleweringsvoertuig (as die soort versekering Omvattend is)

Indien jou motor of ligte afleweringsvoertuig onderhewig is aan 'n totale verlies, sal ons jou voertuig vervang met 'n nuwe voertuig van dieselfde handelsmerk en model.

Hierdie dekking is onderhewig aan die volgende voorwaardes:

9.6.2.1 Jou motor of ligte afleweringsvoertuig mag nie ouer as een jaar vanaf die datum van eerste registrasie wees nie.

9.6.2.2 Jou motor of ligte afleweringsvoertuig mag nie meer as 30 000 kilometers gereis het nie.

9.6.3 Onderdele wat nie beskikbaar is nie (as die soort versekering Omvattend is)

Indien enige onderdeel wat benodig word om die voertuig te herstel, nie as 'n standaard onderdeel beskikbaar is in die Republiek van Suid-Afrika nie, sal ons jou tot die vervaardiger se pryslys ten tye van die verlies of skade vergoed. Hierdie bedrag sluit die redelike koste in om die voertuig na Suid-Afrika te vervoer.

9.6.4 Dekking as jy 'n nuwe voertuig koop (as die soort versekering Omvattend is)

As jy 'n nuwe voertuig koop om 'n voertuig wat onder hierdie afdeling van jou polis verseker is, te vervang, sal ons jou nuwe voertuig dek vir die eerste 72 uur nadat jy besit geneem het van die nuwe voertuig, selfs al verskyn dit nie in die bylae nie.

Hierdie dekking is onderhewig aan die voorwaarde dat jou nuwe voertuig by hierdie polis gevoeg moet word vanaf die datum wat jy besit geneem het van die voertuig en dat jy enige bykomende premie aan ons moet betaal.

9.7 Uitgebreide dekkings bykomend tot die vergoedingsperk

Die volgende dekkings is bykomend tot die vergoedingsperk soos dit in die bylae verskyn.



9.7.1 Beskermingskoste (as die soort versekering Omvattend of Derdeparty, brand en diefstal is)

Ons dek die redelike koste om die voertuig te beskerm na 'n geldige eis onder hierdie afdeling.

Hierdie dekking is beperk tot die bedrag wat in die bylae verskyn.

9.7.2 Noodherstelkoste (as die soort versekering Omvattend of Derdeparty, brand en diefstal is)

As jy 'n geldige eis onder hierdie afdeling het, mag jy sonder ons toestemming noodherstelkoste aan jou voertuig goedkeur.

Hierdie dekking is beperk tot die bedrag wat in die bylae verskyn.

Jy moet aan ons 'n volledige faktuur vanaf die hersteller gee.

9.7.3 Insleep-en bergingskoste (as die soort versekering Omvattend of Derdeparty, brand en diefstal is)

Ons dek die redelike koste om jou voertuig na 'n geldige eis onder hierdie afdeling in te sleep en te stoor.

As jou voertuig beskadig is, moet jy ons 24-uur kontaksentrum telefonies by 0860 247 365 of deur ons nooddienste toep kontak om insleep en berging by een van ons goedgekeurde diensverskaffers te reël.

As jy nie van ons goedgekeurde diensverskaffers gebruik maak nie, is hierdie dekking beperk tot die bedrag wat in die bylae verskyn.

9.7.4 Aflewering na herstelwerk (as die soort versekering Omvattend of Derdeparty, brand en diefstal is)

Ons dek die redelike koste om jou voertuig by jou privaat woning in die Republiek van Suid-Afrika af te lewer na 'n geldige eis onder hierdie afdeling.

Hierdie dekking is onderhewig aan die voorwaarde dat die voertuig in Suid-Afrika herstel moet word.

9.7.5 Spesiale aanpassing van jou motor of ligte afleweringsvoertuig (as die soort versekering Omvattend of Derdeparty, brand en diefstal is)

Ons sal die noodsaaklike en redelike koste betaal om jou motor of ligte afleweringsvoertuig aan te pas nadat jy weens 'n ongeluk permanent gestrem is en aan 'n rolstoel gekluister is.

Hierdie dekking is beperk tot die bedrag wat in die bylae verskyn.

Hierdie dekking is onderhewig aan die voorwaarde dat ons die aanpassing moet goedkeur voordat jy daarmee kan voortgaan.

9.7.6 Wrakverwydering (as die soort versekering Omvattend is)

Ons dek die redelike koste om op te ruim en rommel en wrakstukke van jou voertuig te verwyder na 'n geldige eis onder hierdie afdeling.



9.7.7 Noodkoste vir verblyf (as die soort versekering Omvattend is)

Ons dek verblyfkoste vir jou en eenpassasier na 'n geldige eis onder hierdie afdeling.

Hierdie dekking is beperk tot die bedrag wat in die bylae verskyn en tot 'n maksimum van twee dae.

Hierdie dekking is onderhewig aan die volgende voorwaardes:

9.7.7.1 Jou voertuig moet 'n motor of ligte afleweringsvoertuig wees.

9.7.7.2 Die verlies of skade moes gebeur het verder as 250 kilometer vanaf jou privaat woning soos in die bylae aangedui.

9.7.8 Dood as gevolg van 'n ongeluk (as die soort versekering Omvattend is)

Ons sal jou boedel betaal as jy beseer is in 'n ongeluk waarby jou voertuig betrokke was, wat lei tot 'n geldige eis onder hierdie afdeling en jy sterf binne 90 dae vanaf die ongeluk as gevolg van daardie besering.

Hierdie dekking is beperk tot die bedrag wat in die bylae verskyn.

9.7.9 Slotte, sleutels en afstandbeheerkontroles (as die soort versekering Omvattend is)

Ons dek verlies van of skade aan die slotte, sleutels (wat slimsleutels insluit) en afstandbeheerkontroles van jou voertuig.

Hierdie dekking is beperk tot die bedrag wat in die bylae verskyn.

9.7.10 Opsporingstelsel (as die soort versekering Omvattend is)

As jy 'n opsporingstelsel in jou versekerde voertuig gehad en die voertuig word afgeskryf of is gesteel en nie teruggevind nie, sal ons die koste dek om 'n opsporingstelsel in jou nuwe voertuig aan te bring.

Hierdie dekking is beperk tot die bedrag wat in die bylae verskyn.

Hierdie dekking is onderhewig aan die volgende voorwaardes:

9.7.10.1 Jy moet 'n geldige kontrak met 'n opsporingsmaatskappy hê vir die voertuig wat afgeskryf of gesteel is.

9.7.10.2 Alle betalings aan die opsporingsmaatskappy moet op datum wees ten tye van die verlies of skade.

9.7.10.3 Ons moet die installasie goedkeur voordat jy daarmee mag voortgaan.

9.7.11 Brandbluskoste (as die soort versekering Omvattend of Derdeparty, brand en diefstal is)

Ons dek die redelike koste om 'n brand wat jou voertuig bedreig, te blus of bestry.

Hierdie dekking is beperk tot die bedrag wat in die bylae verskyn.

Hierdie dekking is onderhewig aan die voorwaarde dat jy regtens aanspreeklik moet wees om die brandbluskoste te betaal.



9.7.12 Noodkoste (as die soort versekering Omvattend is)

Ons dek die koste wat jy vir nooddienste aan enige openbare owerheid moet betaal na 'n geldige eis onder hierdie afdeling van jou polis.

Hierdie dekking is beperk tot die bedrag wat in die bylae verskyn.

9.7.13 Terugvindingskoste (as die soort versekering Omvattend is)

Ons dek die koste om jou voertuig terug te kry nadat dit gesteel of gekaap is.

Hierdie dekking is beperk tot die bedrag wat in die bylae verskyn.

9.7.14 Verskil in bybetaling vir 'n gehuurde voertuig (as die soort versekering Omvattend is)

As jou motor of ligte aflewering voertuig verlore of beskadig is, ons het motorhuur vir jou gereël en die gehuurde voertuig is verlore of beskadig terwyl jy dit gebruik, sal ons die verskil betaal tussen jou standaard of gekose bybetaling onder hierdie afdeling en die bybetaling vir die gehuurde voertuig.

Hierdie dekking is beperk tot die vergoedingsperk wat in die bylae verskyn.

9.7.15 Koste vir voorbereiding van eise

Ons sal jou die koste betaal om enige dokumente, bewyse of besonderhede te kry wat jy nodig het om 'n geldige eis ingevolge die afdeling van hierdie polis voor te berei.

Hierdie dekking is beperk tot die bedrag wat in die bylae verskyn.

9.8 Voertuigaanspreeklikheid

9.8.1 Regsaanspreeklikheid vir voertuie wat onder hierdie polis verseker is

Ons dek jou regsaanspreeklikheid wat deur jou voertuig veroorsaak is, wat gedurende die versekeringstydperk gebeur, teen die volgende:

9.8.1.1 Toevallige dood van 'n ander persoon.

9.8.1.2 Toevallige liggaamlike besering van 'n ander persoon.

9.8.1.3 Toevallige verlies van of skade aan eiendom wat aan 'n ander persoon behoort.

Ons betaling sal die volgende insluit:

9.8.1.4 Die bedrae waarvoor jy aanspreeklik is.

9.8.1.5 Regskoste van die ander persoon waarvoor jy aanspreeklik is.

9.8.1.6 Koste wat jy aangaan om die eis teen jou met ons toestemming te skik of verdedig.

Die vergoedingsperk ten tye van die verlies, skade, liggaamlike besering, siekte of dood, verskyn in die bylae. Hierdie bedrag is van toepassing op enige enkele gebeurtenis of 'n reeks van gebeurtenisse wat die gevolg is van 'n enkele gebeurtenis.

Ons dek egter nie jou regsaanspreeklikheid as jy insleepwerk vir vergoeding doen nie.



9.8.2 Passasiersaanspreeklikheid

Ons dek jou regs aanspreeklikheid wat gedurende die versekeringstydperk gebeur, teen die volgende:

- 9.8.2.1 Toevallige dood van 'n passasier van die versekerde voertuig.
- 9.8.2.2 Toevallige liggaamlike besering van 'n passasier van die versekerde voertuig.

Die vergoedingsperk ten tye van die liggaamlike besering of dood, verskyn in die bylae. Hierdie bedrag is van toepassing op enige enkele gebeurtenis of 'n reeks van gebeurtenisse wat die gevolg is van 'n enkele gebeurtenis.

Die vergoedingsperk vir bestuurders van motors of ligte aflewering voertuie wat 25 jaar oud of jonger is, verskyn ook in die bylae.

Ons dek egter nie die volgende nie:

- 9.8.2.3 Passasiers agterin of agterop die ligte aflewering voertuig se laaibak.
- 9.8.2.4 Passasiers op motorfietse, bromponies of drie- en vierwiel gemotoriseerde voertuie.

9.8.3 Regsaanspreeklikheid terwyl ander mense jou voertuig bestuur of gebruik

Ons dek ook die regs aanspreeklikheid van enige persoon wat jou voertuig gedurende die versekeringstydperk bestuur of gebruik, teen die volgende:

- 9.8.3.1 Toevallige dood van 'n ander persoon.
- 9.8.3.2 Toevallige liggaamlike besering van 'n ander persoon.
- 9.8.3.3 Toevallige verlies van of skade aan eiendom van 'n ander persoon.

Hierdie dekking is onderhewig aan die volgende voorwaardes:

- 9.8.3.4 Die persoon wat jou voertuig bestuur of gebruik moet:
 - jou toestemming hê om dit te bestuur of gebruik;
 - geen regs aanspreeklikheidsdekking onder enige ander polis hê nie;
 - te enige tyd enige motorversekering geweier gewees het nie;
 - aan die bepalinge, voorwaardes en uitsluitings van hierdie polis voldoen.
- 9.8.3.5 Jy moet seker maak dat enige persoon wat jou voertuig bestuur of gebruik, bewus is van die bepalinge, voorwaardes en uitsluitings van hierdie polis.

9.8.4 Regsaanspreeklikheid vir motors of ligte aflewering voertuie wat nie op hierdie polis verseker is nie

Ons dek ook jou regs aanspreeklikheid terwyl jy 'n motor of ligte aflewering voertuig bestuur of gebruik wat nie gedurende die versekeringstydperk op hierdie polis verseker is nie, teen die volgende:



- 9.8.4.1 Toevallige dood van 'n ander persoon.
- 9.8.4.2 Toevallige liggaamlike besering van 'n ander persoon.
- 9.8.4.3 Toevallige verlies van of skade aan eiendom wat aan 'n ander persoon behoort.

Hierdie dekking is onderhewig aan die volgende voorwaardes:

- 9.8.4.4 Jy moet nie die eienaar van die voertuig wees nie.
- 9.8.4.5 Jy moet die voertuig ingevolge 'n kredietooreenkoms of soortgelyke ooreenkoms koop, huurkoop of huur nie.

Ons dek egter nie verlies van of skade aan die voertuig wat nie onder hierdie polis verseker is nie.

9.8.5 Vergoeding

Ons betaling vir jou voertuigaanspreeklikheid sluit die volgende in:

- 9.8.5.1 Die bedrae waarvoor jy aanspreeklik is.
- 9.8.5.2 Regskoste van die ander persoon waarvoor jy aanspreeklik is.
- 9.8.5.3 Koste wat jy met ons toestemming aangaan om die eis teen jou te skik of verdedig.

9.8.6 Vergoedingsperk

Die vergoedingsperk verskyn in die bylae. Hierdie bedrag is van toepassing op enige enkele gebeurtenis of 'n reeks van gebeurtenisse wat die gevolg is van 'n enkele gebeurtenis.

9.8.7 Regsverteenvoordiging vir aanspreeklikheidseise

Ons mag die volgende reël:

- 9.8.7.1 Verteenvoordiging vir jou by enige doodsondersoek as gevolg van 'n geldige voertuig verlies of skade-eis onder hierdie afdeling.
- 9.8.7.2 Regsverteenvoordiging vir jou verdediging by enige strafsak as gevolg van 'n geldige eis onder hierdie afdeling.

9.8.8 Wat is nie gedek onder voertuigaanspreeklikheid nie

Ons dek nie die volgende nie:

- 9.8.8.1 Dood of liggaamlike besering van sekere mense

Ons dek nie jou regs aanspreeklikheid wat veroorsaak is deur die dood of liggaamlike besering van enige van die volgende mense nie:

- jy, enige persoon wat jou voertuig met jou toestemming bestuur of gebruik en lede van jou familie wat normaalweg by jou woon;
- jou werknemers wat optree in die verloop van hulle diens by jou tydens die gebeurtenis. Hierdie uitsluiting is nie van toepassing op jou huishoudelike werknemers nie;



- enige persoon in of op 'n woonwa of sleepwa terwyl dit deur jou voertuig gesleep word;
- enige passasier wat ten tye van die gebeurtenis buite die bakwerk van die voertuig is;
- enige persoon wat opklim op of afklim van enige motorfiets, gholfkarretjie of trekker gebruik vir ontspanningsdoeleindes.

9.8.8.2 Verlies van of skade aan eiendom wat aan sekere mense behoort

Ons dek nie jou regs aanspreeklikheid wat veroorsaak is deur verlies van of skade aan enige van die volgende eiendom nie:

- wat jy, 'n persoon wat jou voertuig met jou toestemming gebruik of bestuur of enige lid van jou familie besit, na kyk of beheer;
- in of op 'n woonwa of sleepwa terwyl dit gesleep word.

9.8.8.3 Dekking ingevolge die Padongeluksfonds

Ons dek nie:

- jou aanspreeklikheid ingevolge die Padongeluksfonds;
- enige bedrae wat die Padongeluksfonds van jou wil verhaal nie; of
- indien die Padongeluksfonds jou nie kan vergoed nie.

9.8.8.4 As jy jou voertuig se rekenaar sagteware verander of nie opdateer nie

Ons dek nie jou aanspreeklikheid as dood, besering, verlies of skade die gevolg is van enige van die volgende nie:

- ongemagtigde veranderinge aan jou voertuig se rekenaar sagteware; of
- as jy nie jou voertuig se rekenaar sagteware laat opdateer volgens die vervaardiger se vereistes nie.

9.9 Opsionele dekking

Hierdie dekkings is opsioneel. Verwys asseblief na jou bylae om te sien of jy dit het.

9.9.1 Krediettekort (as die soort versekering Omvattend is)

Hierdie dekking is slegs beskikbaar vir motors, ligte afleweringsvoertuie en motorfietsse.

Ons dek enige krediettekort wat jy vir jou voertuig mag hê as die voertuig deur 'n geregistreerde kredietverskaffer gefinansier is deur 'n finansierings ooreenkoms ingevolge die Nasionale Kredietwet, Wet 34 van 2005.

Hierdie dekking is onderhewig aan die volgende voorwaardes:

- #### 9.9.1.1
- Die voertuig moet gesteel of gekaap wees en nie fisies aan jou of ons terugbesorg wees nie; of



9.9.1.2 Die voertuig moet afgeskryf wees.

9.9.1.3 Jy moet die volgende dokumente binne 30 dae vanaf die verlies of skade aan ons gee:

- 'n afskrif van die kredietooreenkoms.
- 'n rekeningstaat wat die uitstaande skikkingsbedrag wys ten tye van die verlies of skade.

Ons dek nie die volgende bedrae nie:

9.9.1.4 Betalings of rente wat voor die datum van verlies agterstallig geraak het.

9.9.1.5 Boetes vir vroeë afbetaling.

9.9.1.6 Enige ander bedrae wat aan jou terugbetaal kan word (byvoorbeeld bykomende betalings wat jy gemaak het om jou skuld te verlaag).

9.9.1.7 Enige regskoste wat jy die finansieringsmaatskappy skuld.

Voorbeeld:

Jy koop 'n motor vir R 250 000. Jy neem voertuigfinansiering by 'n geregistreerde kredietverskaffer om die motor in paaiemente af te betaal.

Gedurende die voertuig lening se terugbetalingstydperk word die voertuig afgeskryf. Op daardie stadium skuld jy die kredietverskaffer R 230 000, maar die kleinhandelswaarde van jou voertuig is R 220 000.

Normaalweg sal ons die kredietverskaffer R 220 000 (minus jou bybetaling) betaal en jy sal hulle steeds die uitstaande R 10 000 skuld. As jy dekking vir Krediettekort het, sal ons die R 220 000 (minus jou bybetaling) PLUS die uitstaande R 10 000 betaal.

9.9.2

Voertuighuurkoste (indien die soort versekering Omvattend of Derdeparty, brand en diefstal is)

Hierdie dekking is slegs beskikbaar vir motors en ligte afleweringsvoertuie.

Indien jy 'n geldige eis ingevolge onder hierdie afdeling het, sal ons die huur van 'n voertuig reël en die voertuighuurkoste betaal indien jou voertuig:

- nie bestuur kan word nie;
- herstel word;
- gesteel en nie teruggevind is nie.

Hierdie dekking is onderhewig aan die volgende voorwaardes:

9.9.2.1 Ons moet die voertuighuur by 'n goedgekeurde motorverhursmaatskappy van ons keuse vir jou reël en die voertuighuurkoste betaal.

9.9.2.2 Jy moet die bepalinge, voorwaardes en uitsluitings van die voertuigverhursmaatskappy aanvaar.

9.9.2.3 Ons sal nie die tydperk van voertuighuur verleng met die aantal dae wat onderdele vir die herstel van jou voertuig nie beskikbaar is nie.



- 9.9.2.4 Die soort voertuig wat ons sal reël, asook die tydperk van voertuighuur waarvoor jy vergoed sal word, verskyn in die bylae.

Die tydperk van voertuighuur waarvoor jy vergoed sal word sal op enige van die volgende datums begin:

- 9.9.2.5 Die datum waarop die voertuig nie bestuur kan word nie.
- 9.9.2.6 Die datum waarop die voertuig aan die motorbakhersteller oorhandig is vir herstewerk; of
- 9.9.2.7 Die datum waarop die diefstal van die voertuig by ons aangemeld is.

Die tydperk van voertuighuur waarvoor jy vergoed sal word, eindig op die vroegste van die volgende datums:

- 9.9.2.8 Die dag waarop jou voertuig ten volle herstel is.
- 9.9.2.9 Die dag waarop ons jou betaal vir die totale verlies van jou voertuig; of
- 9.9.2.10 Die laaste dag van die aantal dae wat in die bylae verskyn.

Hierdie dekking sluit nie die lopende koste (brandstof, olie, tolgelde of enige ander opsionele diensverskaffer gelde) van die gehuurde voertuig in nie.

9.9.3

4x4 of 4x2 dekking (as die soort versekering Omvattend is)

Hierdie dekking is slegs beskikbaar vir motors en ligte afleweringsvoertuie.

Die dekkings wat onder hierdie opsionele dekking verskyn is óf bykomend tot die uitgebreide dekkings, óf die waardes van die uitgebreide dekkings vervang die waardes wat in die bylae verskyn vir omvattende dekking sonder die opsionele 4x4 of 4x2 dekking. Dekking is dus nie bykomend tot hierdie vergoedingsperke nie, maar vervang dit waar van toepassing.

9.9.3.1 Noodherstelwerk

As jy 'n geldige eis onder hierdie afdeling het, mag jy sonder ons toestemming noodherstelkoste aan jou voertuig goedkeur.

Hierdie dekking is beperk tot die bedrag wat in die bylae verskyn.

Jy moet so gou as moontlik aan ons 'n volledige faktuur en fotografiese bewyse vanaf die hersteller gee.

9.9.3.2 Meganiese en elektriese onklaarraking van wenstoerusting

Ons dek skielike meganiese of elektriese onklaarraking, weiering of breekskade van die wenstoerusting van jou voertuig.

Hierdie dekking is beperk tot die bedrag wat in die bylae verskyn.

Ons dek egter nie die volgende weiering of brekasie nie:

- wat verband hou met gebrekkige ontwerp, gebrekkige onderdele, gebrekkige herstel of verkeerde werking van die wenstoerusting;



- as gevolg van slytasie of geleidelike agteruitgang van die toerusting se slytende onderdele, kabel of koppeltoestelle.

9.9.3.3 Kop-, stert- of kolligte

Ons dek die koste om enige kop-, stert- of gemonteerde kolligte wat toevallig beskadig is te vervang, selfs al is daar geen ander skade aan die voertuig nie..

Jy moet die bybetaling betaal wat in die bylae vir hierdie dekking verskyn.

9.9.3.4 Dokumente

Ons dek die volgende dokumente wat verlore of beskadig is:

- identiteitsdokumente, paspoorte, visums en inentingsertifikate;
- gedrukte padkaarte of permitte wat die voertuig toelaat om lande binne te gaan of verlaat.

Hierdie dekking is beperk tot die bedrag wat in die bylae verskyn.

9.9.3.5 Voertuighuurkoste

Indien jy 'n geldige eis onder hierdie afdeling van jou polis het, sal ons die werklike koste van die huur van 'n voertuig betaal indien jou voertuig:

- nie bestuur kan word nie;
- herstel word; of
- gesteel en nie teruggevind is nie.

Hierdie dekking is beperk tot die daaglikse vergoedingsperk wat in die bylae verskyn. Dit sluit die koste van aflewering van 'n voertuig deur 'n voertuigverhuringsmaatskappy in.

Hierdie dekking is onderhewig aan die voorwaarde dat jy die bepalinge, voorwaardes en uitsluitings van die voertuigverhuringsmaatskappy moet aanvaar.

Die tydperk van motorhuur sal op enige van die volgende datums begin:

- die datum waarop jou voertuig nie bestuur kan word nie;
- die datum waarop jou voertuig aan die motorbakhersteller oorhandig is vir herstelwerk; of
- die datum waarop die diefstal van jou voertuig by ons aangemeld is.

Die tydperk van voertuighuur eindig op die vroegste van die volgende datums:

- die dag waarop jou voertuig ten volle herstel is;



- die dag waarop ons jou betaal vir die totale verlies van jou voertuig; of
- na 'n maksimum van 30 dae.

9.9.3.6 Die lande waar jy verseker is

Bykomend tot die lande waar jy onder hierdie afdeling van die polis verseker is, sal ons ook jou voertuig dek in die Verenigde Republiek van Tanzanië, die Republieke van Kenia, Zambië en Angola (die Cabinda-enklawe uitgesluit).

As jou voertuig in enige van hierdie lande beskadig is, is jy verantwoordelik om die voertuig terug te bring na die Republiek van Suid-Afrika. Ons sal jou eis slegs oorweeg sodra die voertuig teruggebring is na Suid-Afrika.

As dit onekonomies is om jou voertuig te herstel en jy het nie die voertuig teruggebring na die Republiek van Suid-Afrika nie, moet jy aan ons bewys dat dit onekonomies is om die voertuig te herstel voordat ons jou eis sal aanvaar.

Ons sal die waarde van die wrak bepaal op 20% van die kleinhandelswaarde of ooreengekome waarde soos dit in die bylae verskyn en die waarde van die wrak van die eis se skikkingsbedrag aftrek.

9.9.4 **Dekking vir voertuie wat vir meer as drie dae per week in 'n buurland gebruik word (as die soort versekering Omvattend of Derdeparty, brand en diefstal is)**

Hierdie dekking is slegs beskikbaar vier motors en ligte afleweringsvoertuie.

As jy jou voertuig vir meer as drie dae per week in 'n buurland gebruik, sal ons die voertuig slegs dek as jy hierdie opsionele dekking het.

Ons sal jou voertuig dek indien dit verlore of beskadig is in die Republieke van Botswana, Mosambiek, Malawi, Namibië, Zambië, Zimbabwe en die Koninkryke van Eswatini en Lesotho.

As jou voertuig in enige van hierdie lande beskadig is, is jy verantwoordelik om die voertuig terug te bring na die Republiek van Suid-Afrika. Ons sal jou eis slegs oorweeg sodra die voertuig teruggebring is na Suid-Afrika.

As dit onekonomies is om jou voertuig te herstel en jy het nie die voertuig teruggebring na die Republiek van Suid-Afrika nie, moet jy aan ons bewys dat dit onekonomies is om die voertuig te herstel voordat ons jou eis sal aanvaar.

Ons sal die waarde van die wrak bepaal op 20% van die kleinhandelswaarde of ooreengekome waarde soos dit in die bylae verskyn en die waarde van die wrak van die eis se skikkingsbedrag aftrek.

9.9.5 **Bykomende dekking vir slotte, sleutels en afstandbeheerkontroles (as die soort versekering Omvattend is)**

Ons dek verlies van of skade aan die slotte, sleutels (wat slimsleutels insluit) en afstandbeheerkontroles van jou voertuig.



Hierdie dekking is beperk tot die bedrag wat in die bylae verskyn en vervang die vergoedingsperk in die bylae wat onder 9.7.9 hierbo verskyn.

9.10 **Spesiale bepalinge en voorwaardes onder hierdie afdeling**

9.10.1 **Hoe ons jou sal vergoed**

As jy 'n geldige eis het, mag ons besluit om jou op een of meer van die volgende maniere te vergoed:

9.10.1.1 Te betaal vir herstelwerk by die hersteller van ons keuse.

9.10.1.2 Die voertuig te vervang.

9.10.1.3 Die bedrag van die verlies, skade of aanspreeklikheid te betaal.

Jy moet ons goedkeuring kry voordat enige herstelwerk of vervangings gedoen word. Indien jy nie ons goedkeuring kry nie, kan ons jou eis afwys.

Ons sal besluit hoe ons jou sal vergoed. As ons besluit om jou voertuig wat nie meer onder waarborg is nie, te herstel, kan ons kies om nie-kritiese- of nie-veiligheidsonderdele te vervang met onderdele wat nie dieselfde bron het as die wat deur die oorspronklike vervaardiger van jou voertuig verskaf is nie, of met tweedehandse onderdele wat vernuwe is.

As ons besluit om die beskadigde voertuig te vervang deur jou kontant te betaal of die voertuig te vervang, behoort die beskadigde voertuig aan ons en ons het die reg om dit by jou te kom haal. Jy mag nie die beskadigde voertuig weggooi of hou sonder ons skriftelike toestemming nie.

9.10.2 **Vergoedingsperke**

9.10.2.1 **Kleinhandelswaarde**

As die soort voertuigwaarde van jou voertuig as Kleinhandelswaarde in die bylae verskyn, sal ons in die geval van 'n totale verlies jou vergoed vir die kleinhandelswaarde ten tye van die voorval wat tot 'n eis lei, minus enige bybetaling.

As die voorval plaasvind binne die eerste 12 maande vanaf die datum van eerste registrasie van jou voertuig en die voertuig is afgeskryf of gesteel, sal ons jou voertuig vervang met 'n nuwe voertuig van dieselfde model (of soortgelyke model as dieselfde model nie beskikbaar is nie), minus enige bybetaling.

9.10.2.2 **Ooreengekome waarde**

As die soort voertuigwaarde van jou voertuig as Ooreengekome waarde in die bylae verskyn en jou voertuig word gesteel of afgeskryf, sal ons jou vergoed vir die vergoedingsperk wat in die bylae verskyn, minus enige bybetaling.



9.10.2.3 Kode 3 voertuig, opgeboude voertuig of 'n voertuig met SAPVIN nommers

As jou voertuig 'n Kode 3 voertuig, opgeboude voertuig of 'n voertuig met SAPVIN nommers is, is ons vergoedingsperk beperk tot 70% van die kleinhandelswaarde ten tye van die verlies of skade minus enige bybetaling, indien die soort voertuigwaarde as Kleinhandelswaarde of Versekerde bedrag waarde in die bylae verskyn. As die soort voertuigwaarde as Ooreengekome waarde in die bylae verskyn, sal ons die ooreengekome waarde wat in die bylae verskyn betaal, minus enige aanpassings vir waardevermindering (waar van toepassing) en bybetaling.

9.10.3 Bybetaling

Daar is 'n bybetaling in die bylae vir Motor. Dit is die bedrag wat jy moet betaal voordat ons jou sal vergoed.

Hierdie bybetaling is nie van toepassing of eise vir Voertuigaanspreeklikheid nie.

As jy 'n eis het as gevolg van 'n voorval waarvoor jy nie te blameer is nie, is ons nie verantwoordelik daarvoor om jou bybetaling vanaf die skuldige party te verhaal nie. Ons mag egter kies om dit wel te doen. Indien ons jou bybetaling ten volle of gedeeltelik verhaal, sal ons dit ten volle of gedeeltelik aan jou terugbetaal.

9.10.4 Lande waar jy onder hierdie afdeling verseker is

Tensy anders aangedui in die bylae, is hierdie afdeling van hierdie polis van toepassing op die Republieke van Suid-Afrika, Botswana, Mosambiek, Malawi, Namibië, Zambië, Zimbabwe en die Koninkryke van Eswatini en Lesotho.

Indien verlies of skade aan die voertuig buite die Republieke van Suid-Afrika, Botswana, Mosambiek, Malawi, Namibië en Zimbabwe en die Koninkryke van Eswatini en Lesotho voorkom, is jy verantwoordelik vir alle koste wat jy aangaan om die voertuig terug te bring Suid-Afrika toe. Ons vergoed jou nie vir hierdie koste nie.

Totdat die voertuig teruggebring is na Suid-Afrika, sal ons nie 'n eis vir verlies of skade aan die voertuig oorweeg nie.

9.10.5 Jy moet na jou voertuig omsien

Jy moet alle redelike stappe neem om jou voertuig teen verlies of skade te beskerm.

Jy moet ook seker maak dat jou voertuig te alle tye padwaardig is ingevolge toepaslike wetgewing.

9.10.6 Jy moet jou voertuig beveilig

9.10.6.1 Veiligheidstelsels

As die bylae aandui dat jou voertuig 'n veiligheidstelsel het, is dit jou verantwoordelikheid om seker te maak dat die veiligheidstelsel geïnstalleer is.



Ons sal slegs diefstal, poging tot diefstal of kaping dek as jy die volgende voorwaardes nakom:

- jy moet vir ons bewys gee dat die veiligheidstelsel wel geïnstalleer was ten tye van die diefstal, poging tot diefstal of kaping;
- jy moet die diensooreenkomste en aanbevelings van die vervaardigers en installeerders van die veiligheidstelsel nakom.

9.10.6.2 Satelliet-opsporingstelsels

As die bylae aandui dat jou voertuig 'n satellietopsporingtoestel het, is dit jou verantwoordelikheid om seker te maak dat die opsporingstelsel geïnstalleer is.

Ons sal slegs diefstal, poging tot diefstal of kaping dek as jy die volgende voorwaardes nakom:

- jy moet dadelik die owerhede en die voertuigopsporingsmaatskappy in kennis stel van die gebeurtenis;
- jy mag onder geen omstandighede inmeng (dit sluit die nie-betaling van gelde in) met die opsporing- of reaksie maatskappy se vermoë of bereidwilligheid om jou voertuig effektief op te spoor en terug te vind nie;
- jy mag nie jou diensooreenkoms kanselleer nie.

9.10.7 Jy moet instem tot inspeksies

Ons mag 'n inspekteur-agent vra om jou voertuig enige tyd te inspekteer. As jy nie instem tot die inspeksie nie, mag ons besluit om nie jou voertuig te verseker nie. Ons behou die reg voor om, na aanleiding van die uitslag van die inspeksie, die bepalinge, voorwaardes en uitsluitings te verander of die versekering te kanselleer.

9.10.8 Jy moet ons van enige verkeersoortredings vertel

Jy moet ons dadelik skriftelik in kennis stel as jou bestuurderslisensie, of die bestuurderslisensie van enige een wat jy toelaat om die voertuig te bestuur, geëndosseer, opgeskort of gekanselleer is. Dit sluit in skuldigbevinding of aanklagte teen jou of enige een wat jy toelaat om die voertuig te bestuur, vir enige van die volgende:

9.10.8.1 Nalatige bestuur.

9.10.8.2 Roekelose bestuur.

9.10.8.3 Bestuur onder die invloed van alkohol of verdowingsmiddels; of

9.10.8.4 Bestuur met 'n bloedalkoholvlak oor die wettige perk.

9.10.9 Slegs die polishouer kan onder hierdie afdeling eis

Slegs die polishouer mag onder hierdie afdeling van die polis eis. As die dekking van toepassing is op iemand wat nie die polishouer is nie, moet die polishouer namens daardie persoon eis.



Ons het geen verdere verantwoordelikheid onder hierdie afdeling nadat ons jou vergoed het nie.

9.10.10 Die polishouer sal eerste vergoed word

As meer as een persoon 'n reg op versekering onder hierdie afdeling het, sal die vergoedingsperk van toepassing wees op die totale vergoeding wat ons gee. Die polishouer ontvang vergoeding voor enige ander persone wat onder hierdie afdeling verseker is.

9.10.11 Voertuigdeling

Ons sal jou voertuig dek as jy betaling aanvaar om geleenthede te gee aan passasiers as deel van 'n voertuigdeling ooreenkoms vir sosiale saamrygeleenthede.

Hierdie is onderhewig aan die volgende voorwaardes:

9.10.11.1 Jou voertuig moet 'n motor of 'n ligte afleweringsvoertuig wees.

9.10.11.2 Die passasiers word nie vervoer as deel van 'n passasier-vervoerbesigheid nie.

9.10.11.3 Daar word geen wins gemaak op die totale betaling nie.

9.10.12 Klanktoerusting

Ons dek die klanktoerusting van jou voertuig as dit afsonderlik verseker is as bybore onder hierdie afdeling en as die soort versekering van jou voertuig Omvattend is.

Jy moet die bybetaling betaal wat in die bylae verskyn.

9.10.13 Laat weet ons as die gereelde bestuurder verander

Die gereelde bestuurder is die persoon wat in enige maandtydperk jou voertuig die meeste bestuur. Hierdie persoon sal in jou polisbylae aangeteken wees.

Indien die gereelde bestuurder verander, moet jy ons onmiddellik laat weet. Die bepalinge, voorwaardes en premies word op grond van die gereelde bestuurder se profiel bereken.

Indien die bepalinge, voorwaardes en premies gegrond is op foutiewe inligting wat deur jou verskaf is, sal ons 'n foutiewe premie ontvang en jou dekking sal daardeur geraak word.

Dit beteken jy moet die volgende betaal:

9.10.13.1 Die premieverskil; en

9.10.13.2 Die bykomende bybetaling wat in die bylae verskyn.

9.11 Wat ons nie onder hierdie afdeling verseker nie

Ons sal jou nie onder hierdie afdeling vir enige van die volgende vergoed nie:



9.11.1 Geleidelike skade

Ons dek nie verlies, skade of aanspreeklikheid wat veroorsaak is deur of vanuit enige van die volgende nie:

9.11.1.1 Waardevermindering as gevolg van herstelwerk.

9.11.1.2 Slytasie.

9.11.1.3 Roes, muf, korrosie of verrotting.

9.11.2 Sekere skade aan buitebande

Ons dek nie die volgende skade aan buitebande nie:

9.11.2.1 Kwaadwillige beskadiging;.

9.11.2.2 Skade wat veroorsaak is deur rem te trap.

9.11.2.3 Skade wat veroorsaak is deur verwringing van die buiteband.

9.11.2.4 Lekplekke, snye of barste wat veroorsaak is deur padgeware insluitend slaggate.

9.11.3 Inbesitname of beslaglegging deur owerhede

Ons dek nie verlies, skade of aanspreeklikheid wat veroorsaak is deur enige owerheid wat wetlik die van voertuig of enige deel daarvan besit neem of daarop beslag lê nie.

9.11.4 Buite die lande

Ons dek geen gebeurtenis wat buite die lande waar jy onder hierdie afdeling verseker is gebeur nie, behalwe terwyl jou voertuig op water vervoer word tussen die hawes van hierdie lande.

9.11.5 Voldoening aan die Nasionale Padverkeerswet Regulasies (1996) en latere wysigings

Ons dek nie enige verlies, skade of aanspreeklikheid aangegaan terwyl jy of enige persoon jou voertuig bestuur of gebruik en enige van die bepalings of vereistes van die Nasionale Padverkeerswet 93 van 1996 (soos gewysig) of enige van die regulasies daarvan oortree nie. Dit sluit die Padverkeersregulasies van 1999 (soos gewysig) in.

Voorbeelde van hierdie bepalings sluit in, maar is nie beperk nie tot:

9.11.5.1 Bestuur onder die invloed van alkohol of verdowingsmiddels, of met 'n bloedalkoholvlak bo die wetlike perk.

9.11.5.2 Bestuur sonder 'n voertuiglisensie wat geldig is in die land waar die voertuig bestuur of gebruik word.

9.11.5.3 Bestuur van die voertuig sonder 'n bestuurders- of leerlinglisensie wat geldig is in die land waar die voertuig bestuur of gebruik word.

9.11.5.4 Nie-voldoening aan die toepaslike wette oor lisensies in die land waar die voertuig bestuur of gebruik word.



- 9.11.5.5 Bestuur van jou voertuig teen 'n baie vinniger snelheid as die voorgeskrewe snelheidspers.
- 9.11.5.6 Verbystek van 'n ander voertuig op 'n vaste wit streep, blinde bult, hoek of draai.
- 9.11.5.7 Verontagsaming van belangrike padverkeerstekens of verkeersligte.
- 9.11.5.8 Bestuur van jou voertuig terwyl dit nie padwaardig is nie.

Die nie-nakoming van voorwaarde 9.11.5.5, 9.11.5.6, 9.11.5.7 of 9.11.5.8 moet 'n wesenlike oorsaak van die verlies, skade of aanspreeklikheid wees. Indien ons jou eis weens nie-nakoming van enige van hierdie voorwaardes afwys, moet jy bewys dat die nie-nakoming nie 'n wesenlike oorsaak van die verlies, skade of aanspreeklikheid is nie.

9.11.6 Indien jy die ongelukstoneel verlaat

Ons mag nie verlies, skade of aanspreeklikheid dek as jy of enige persoon wat jou voertuig bestuur of gebruik die ongelukstoneel verlaat voordat die toepaslike owerhede by die toneel aangekom het nie.

9.11.7 Diefstal van voertuigtoebehore en onderdele in die voertuig

Ons sal nie voertuigtoebehore en onderdele in die kajuit van die voertuig of in die kattebak dek nie, tensy daar sigbare tekens van kragdadige toegang tot die voertuig is.

9.11.8 Verkoop van jou voertuig deur 'n derde party

Ons sal nie verlies van of skade aan jou voertuig dek indien dit in besit is van 'n derde party wat die voertuig namens jou verkoop nie.

9.11.9 Soort gebruike wat ons nie dek nie

Ons dek nie enige verlies, skade of aanspreeklikheid wat opgedoen is terwyl jou voertuig vir enige van die volgende gebruik word nie:

- 9.11.9.1 Kommersiële vervoer (byvoorbeeld koeriers of die vervoer van voorraad of lewende hawe).
- 9.11.9.2 Vervoer van betalende passasiers.
- 9.11.9.3 Passasiers oplaai vir wins.
- 9.11.9.4 Vervoer van handelsvoorraad.
- 9.11.9.5 Die gee van rylisse teen vergoeding.
- 9.11.9.6 Uitverhuur van die voertuig teen vergoeding.
- 9.11.9.7 Wedrenne of spoedrenne.
- 9.11.9.8 Tydrenne of rytoetse wat bestuur van enige aard behels (hierdie uitsluiting is nie van toepassing as jy die opsionele 4x4 of 4x2 dekking gekies het nie).
- 9.11.9.9 Gimkanas, pret-dag geleenthede of enige geleenthede wat deur of onder die vaandel van 'n motorklub op 'n renbaan gebou word.



9.11.9.10 Enige doel wat verband hou met die motorhandel, behalwe as jou voertuig in die sorg van 'n lid van die motorhandel is vir onderhoud of herstel.

9.11.10 Meganiese, elektroniese of elektriese onklaarraking

Ons dek nie meganiese, elektroniese of elektriese onklaarraking van jou voertuig nie.

9.11.11 Voorafbestaande skade aan voertuig

Ons sal nie aanspreeklik wees om vir herstelwerk van voorafbestaande skade te betaal nie. Hierdie uitsluiting sal nie geld indien bewys van herstelwerk aan sodanige skade gelewer kan word nie.

Bewys van herstelwerk moet voor die datum van jou volgende geldige eis gelewer gewees het.

9.11.12 Ongemagtigde wysigings aan sagteware of as jy nie sagteware opdateer nie

Ons dek nie skade aan jou voertuig wat veroorsaak is deur enige van die volgende nie:

9.11.12.1 Ongemagtigde veranderinge aan jou voertuig se rekenaar sagteware; of

9.11.12.2 As jy nie jou voertuig se rekenaar sagteware laat opdateer volgens die vervaardiger se vereistes nie.



10. WATERVAARTUIG AFDELING

10.1 Definisies vir hierdie afdeling

afgeskryf	beteken dat jou watervaartuig beskadig is en na ons mening nie ekonomies is om te herstel nie.
jy / jou	beteken die polishouer(s), die mede-polishouer wat in die bylae genoem word, die polishouer se eggenoot en enige ander persoon wat die watervaartuig met die polishouer se toestemming gebruik.
kredietverskaffer	beteken 'n geregistreerde kredietverskaffer, met wie jy 'n finansiering ooreenkoms ingevolge die Nasionale Kredietwet, Wet 34 van 2005 aangegaan het.
peiling	beteken om na te gaan vir skade nadat die watervaartuig gestrand het.
totale verlies	beteken dat die watervaartuig afgeskryf of gesteel is.
uit vaart geneem	beteken dat die watervaartuig nie in gebruik is nie en uit die water is.
watervaartuig	beteken 'n boot wat op water gebruik word vir vermaak en privaat doeleindes, met 'n maksimum spoed van 100 km per uur. Dit sluit byvoorbeeld waterponies, rubberbootjies, seiljagte en roeibote in. Vir sekere watervaartuie moet jy die romp, die enjin, die toebehore en spesiale toerusting in die bylae spesifiseer. Ander watervaartuie, byvoorbeeld waterponies, word as 'n geheel verseker. In hierdie gevalle sluit die watervaartuig die romp, bowerk monterings, vaste toebehore, masjinerie, enjins, motore, toebehore, bykomstige watervaartuig, bykomstighede en enige toerusting wat normaalweg met die watervaartuig verkoop word, in.

10.2 Wat ons verseker

Ons dek verlies van of skade aan die watervaartuig wat in die bylae verskyn.



10.3 Soort watervaartuig waardes

10.3.1 Nuwe waarde

As jou watervaartuig minder as vier jaar oud is, sal ons die koopprys van dieselfde of soortgelyke model betaal, tot die vergoedingsperk wat in die bylae verskyn.

10.3.2 Markwaarde

As jou watervaartuig vier jaar oud of ouer is, sal ons die huidige markwaarde van die watervaartuig betaal, tot die vergoedingsperk wat in die bylae verskyn.

10.4 Uitgebreide dekkings wat deel vorm van die vergoedingsperk

10.4.1 Verlies of skade gedurende seiljag wedvaarte

Ons dek verlies van of skade aan jou seiljag wat veroorsaak is deur strand, sink, brand, botsing of kontak met enige iets anders as water (wat ys insluit) terwyl jou seiljag aan 'n wedvaart deelneem.

10.5 Uitgebreide dekkings bykomend tot die vergoedingsperk

Die volgende dekkings is bykomend tot die vergoedingsperk van jou Watervaartuig soos dit in die bylae verskyn.

10.5.1 Peilingskoste

Ons dek die redelike koste om die onderwatergedeelte van die romp te peil nadat die watervaartuig gestrand het. Hierdie koste moet redelik wees en vir die doeleindes van peiling wees.

Ons sal hierdie koste dek selfs al is daar geen skade aan die romp nie.

Hierdie dekking is beperk tot die bedrag wat in die bylae verskyn.

10.5.2 Voorkoming of beperking van verlies

Ons dek alle redelike noodkoste wat jy aangaan om verlies of skade wat onder hierdie afdeling gedek sal wees, te voorkom of beperk. Dit sluit die koste in om die watervaartuig te herwin.

Hierdie dekking is beperk tot die bedrag wat in die bylae verskyn.

10.5.3 Brandbluskoste

Ons dek die redelike koste om 'n brand wat jou watervaartuig bedreig, te blus of bestry.

Hierdie dekking is beperk tot die bedrag wat in die bylae verskyn.

Hierdie dekking is onderhewig aan die voorwaarde dat jy regtens aanspreeklik moet wees om die brandbluskoste te betaal.



10.6 Watervaartuigaanspreeklikheid

10.6.1 Regsaanspreeklikheid vir watervaartuie wat onder hierdie polis verseker is

Ons dek jou regsaanspreeklikheid wat deur jou watervaartuig veroorsaak is, wat gedurende die versekeringstydperk gebeur, teen die volgende:

- 10.6.1.1 Toevallige dood van 'n ander persoon.
- 10.6.1.2 Toevallige liggaamlike besering van 'n ander persoon.
- 10.6.1.3 Toevallige verlies van of skade aan eiendom wat aan 'n ander persoon behoort.

10.6.2 Regsaanspreeklikheid terwyl ander mense jou watervaartuig loads of gebruik

Ons dek ook die regsaanspreeklikheid van enige persoon wat jou watervaartuig gedurende die versekeringstydperk loads of gebruik, teen die volgende:

- 10.6.2.1 Toevallige dood van 'n ander persoon.
- 10.6.2.2 Toevallige liggaamlike besering van 'n ander persoon.
- 10.6.2.3 Toevallige verlies van of skade aan eiendom van 'n ander persoon.

Hierdie dekking is onderhewig aan die volgende voorwaardes:

- 10.6.2.4 Die persoon wat jou watervaartuig loads of gebruik moet:
 - jou toestemming hê om dit te loads of gebruik
 - geen regsaanspreeklikheidsdekking onder enige ander polis hê nie;
 - te enige tyd enige aanspreeklikheid versekering geweier gewees het nie;
 - aan die bepalinge, voorwaardes en uitsluitings van hierdie polis voldoen.
- 10.6.2.5 Jy moet seker maak dat enige persoon wat jou watervaartuig loads of gebruik, bewus is van die bepalinge, voorwaardes en uitsluitings van hierdie polis.

10.6.3 Regsaanspreeklikheid vir waterskiërs

Ons dek ook die regsaanspreeklikheid van enige waterskiër terwyl hulle gesleep word of voorberei om gesleep te word deur jou watervaartuig gedurende die versekeringstydperk teen die volgende:

- 10.6.3.1 Toevallige dood van 'n ander persoon.
- 10.6.3.2 Toevallige liggaamlike besering van 'n ander persoon.
- 10.6.3.3 Toevallige verlies van of skade aan eiendom wat aan 'n ander persoon behoort.



10.6.4 Verwydering of vernietiging van jou watervaartuig se wrak

Ons dek jou regs aanspreeklikheid as gevolg van die feit dat jy die wrak van jou watervaartuig verwyder of vernietig, of as gevolg daarvan dat jy nie die wrak van jou watervaartuig verwyder of vernietig het nie.

10.6.5 Vergoeding

Ons betaling vir jou voertuigaanspreeklikheid sluit die volgende in:

- 10.6.5.1 Die bedrae waarvoor jy aanspreeklik is.
- 10.6.5.2 Regskoste van die ander persoon waarvoor jy aanspreeklik is.
- 10.6.5.3 Koste wat jy met ons toestemming aangaan om die eis teen jou te skik of verdedig.
- 10.6.5.4 Koste wat verband hou met amptelike ondersoeke en lykskouings wat jy met ons toestemming aangegaan het.

Die vergoedingsperk ten tye van die verlies, skade, liggaamlike besering, siekte of dood verskyn in die bylae. Hierdie bedrag is van toepassing op enige enkele gebeurtenis of 'n reeks van gebeurtenisse wat die gevolg is van 'n enkele gebeurtenis.

10.6.6 Wat is nie gedek onder watervaartuigaanspreeklikheid nie

Ons dek nie die volgende nie:

10.6.6.1 Dood of liggaamlike besering van sekere mense

Ons dek nie jou regs aanspreeklikheid wat veroorsaak is deur die dood of liggaamlike besering van enige van die volgende mense nie:

- jy, die waterskiër, enige persoon wat jou watervaartuig met jou toestemming loods of gebruik en lede van jou familie wat normaalweg by jou woon;
- enige persoon wat jy of enige iemand anders wat betrokke is met die watervaartuig in diens neem en wat optree in die verloop van hulle diens by jou tydens die gebeurtenis;
- enige persoon wat deur 'n skeepswerf, herstelwerf, skeepshelling, seiljagklub, marina, verkoopsagentskap of soortgelyke organisasie in diens geneem is en wat optree in die verloop van hulle diens tydens die gebeurtenis;
- betalende passasiers.

10.6.6.2 Verlies van of skade aan eiendom wat aan sekere mense behoort

Ons dek nie jou regs aanspreeklikheid wat veroorsaak is deur verlies van of skade aan enige van die volgende eiendom nie:

- eiendom wat jy, die waterskiër, 'n persoon wat jou watervaartuig met jou toestemming loods of bestuur of enige lid van jou familie besit, na kyk of beheer;
- eiendom van betalende passasiers.



10.6.6.3 Aanspreeklikheid wat verband hou met lugsport

Ons dek nie jou aanspreeklikheid wat verband hou met vlieërvlieg of enige ander lugsport nie. Dit sluit aanspreeklikheid wat ontstaan terwyl enige persoon gereed maak om deur die watervaartuig gesleep te word of terwyl hulle deur die watervaartuig gesleep word. Ons dek wel aanspreeklikheid wat ontstaan wanneer die persoon terug is op die watervaartuig en nie meer aan die sport deelneem nie.

10.6.6.4 Aanspreeklikheid wat verband hou met die vervoer van die watervaartuig

Ons dek nie jou aanspreeklikheid wat verband hou met die vervoer van die watervaartuig met 'n voertuig, trein, skip of vliegtuig nie.

10.7 Spesiale bepalinge en voorwaardes onder hierdie afdeling

10.7.1 Hoe ons jou sal vergoed

Ons sal jou vergoed vir verlies van of skade aan jou watervaartuig deur enige een of kombinasie van die volgende:

10.7.1.1 Die herstel van jou watervaartuig by 'n goedgekeurde hersteller te betaal.

10.7.1.2 Die toepaslike watervaartuig onderdele te vervang.

10.7.1.3 Die bedrag van die verlies, skade of aanspreeklikheid te betaal.

Jy moet ons goedkeuring kry voordat enige herstelwerk of vervangings gedoen word. Indien jy nie ons goedkeuring kry nie, kan ons jou eis afwys.

10.7.2 Vergoedingsperke

Ons sal tot die vergoedingsperk wat in die bylae verskyn betaal vir enige verlies van of skade aan jou watervaartuig. Jy moet seker maak dat die vergoedingsperk enige bedrae wat jy skuld aan 'n geregistreerde kredietverskaffer wat die koop van jou watervaartuig gefinansier het, insluit.

10.7.2.1 As ons herstel of vervang

As ons jou watervaartuig herstel of vervang, sal ons dit so na as moontlik aan die oorspronklike toestand herstel of vervang. Ons kan nie belowe dat ons 'n presiese herstel sal behaal nie.

Ons sal nie 'n glansafwerking van 'n glasversterkte plastiekromp pas nie.

10.7.3 As jy nog geld op die watervaartuig skuld

As jy die watervaartuig op skuld gekoop het en jy het 'n totale verlies eis, sal ons eers jou uitstaande skuld betaal. Ons sal die geregistreerde kredietverskaffer, wat die koop van die watervaartuig gefinansier het, betaal. Die kredietooreenkoms moet onder die Nasionale Kredietwet (Wet 34 van 2005) val.

As jy minder skuld as die vergoedingsperk van jou watervaartuig wat in die bylae verskyn, sal ons eers die kredietverskaffer betaal en dan die balans aan jou betaal.



As jy meer skuld as die vergoedingsperk van jou watervaartuig wat in die bylae verskyn, sal ons die kredietverskaffer die bedrag wat jy skuld betaal, tot die vergoedingsperk van jou watervaartuig wat in die bylae verskyn.

Ons sal die volgende bedrae aftrek van die bedrag wat jy nog skuld:

- 10.7.3.1 Enige paaielemente wat laat is.
- 10.7.3.2 Enige rente op laat betalings.
- 10.7.3.3 Enige terugbetaling van premies vir gekanselleerde versekering vir jou watervaartuig.
- 10.7.3.4 Die bybetaling.
- 10.7.3.5 Enige verhoogde paaielemente wat gebeur omdat jy nie die oorblywende kapitale waarde na die verlies kan realiseer nie.

Ons sal nie in totaal meer betaal as die vergoedingsperk van die watervaartuig wat in die bylae verskyn nie, minus die bybetaling.

Ons dek nie die volgende bedrae nie:

- 10.7.3.6 Die bedrag wat jy skuld indien jy die verkoop of bruikhuur enigsins herfinansier het.
- 10.7.3.7 Wat jy skuld indien een van die paaielemente in jou ooreenkoms, behalwe die finale oorblywende paaielement, meer as 10% van enige ander paaielement verskil.

10.7.4 Bybetaling

Daar is 'n bybetaling in die bylae vir Watervaartuie. Dit is die bedrag wat jy moet betaal voordat ons jou sal vergoed.

Hierdie bybetaling is nie van toepassing of eise vir Watervaartuigaanspreeklikheid nie.

10.7.5 Lande waar jy onder hierdie afdeling verseker is

Dekking deur hierdie afdeling geld slegs vir die Republieke van Suid-Afrika, Botswana, Mosambiek, Malawi, Namibië, Zambië, Zimbabwe en die Koninkryke van Eswatini en Lesotho .

Ons ek ook jou watervaartuig binne 12 seemyl vanaf die kus van die Republieke van Suid-Afrika, Namibië en Mosambiek.

10.7.6 As jou watervaartuig buite die Republiek van Suid-Afrika beskadig is

As jou watervaartuig beskadig is buite die Republiek van Suid-Afrika, maar binne die lande waar jy verseker is, is jy verantwoordelik vir al die koste om die watervaartuig terug te bring na Suid-Afrika. Ons sal jou nie vir hierdie koste vergoed nie.

Ons sal jou eis slegs oorweeg sodra jou watervaartuig teruggebring is na die Republiek van Suid-Afrika.



As jou watervaartuig verlore of totaal vernietig is, moet jy dit dadelik by ons en die naaste polisiestasie aan die area waar die verlies of skade plaasgevind het, aanmeld.

10.7.7 Jy moet na jou watervaartuig omsien

Jy moet alle redelike stappe neem om jou watervaartuig teen verlies of skade te beskerm.

Jy moet ook seker maak dat jou watervaartuig te alle tye seewaardig en in 'n goeie toestand is.

10.7.8 Buiteboordmotors

10.7.8.1 Terwyl jy die watervaartuig gebruik

Ons dek slegs verlies van jou buiteboordmotors terwyl jy dit gebruik, as hulle veilig aan jou watervaartuig vasgeheg is

10.7.8.2 Diefstal van buiteboordmotors

Ons dek slegs verlies van jou buiteboordmotors wat deur diefstal veroorsaak is as:

- hulle veilig aan jou watervaartuig gesluit is deur middel van enige teen-diefstal toestel (wat 'n slot insluit); of
- hulle saam met die watervaartuig gesteel is; of
- daar sigbare tekens van kragdadige toegang tot of uitgang vanuit die stoorplek is.

10.7.9 Skade aan rubber- en soortgelyke vaartuie

As jou watervaartuig 'n opblaasbare, semi-onbuigbare of soortgelyke vaartuig is en daar is skade aan die rubber, sal ons slegs betaal vir die koste om die skade te lap of herstel.

10.7.10 Diefstal van masjinerie, ratwerk of toerusting

Ons dek slegs verlies van of skade aan masjinerie, ratwerk of toerusting wat deur diefstal veroorsaak is as:

10.7.10.1 Dit saam met die watervaartuig gesteel is; of

10.7.10.2 Daar sigbare tekens van kragdadige toegang tot of uitgang vanuit die watervaartuig of sy stoorplek is.

10.7.11 Verlies veroorsaak deur brand of ontploffing

Ons dekking vir skade aan watervaartuie met binneboordmasjinerie wat veroorsaak is deur brand of ontploffing, is onderhewig aan die volgende voorwaardes:

10.7.11.1 Daar moet brandblusstelsels in die enjinkamer of enjinruimte, die tenkspasie en die skeepskombuis aangebring wees.

10.7.11.2 Die brandblusstelsels moet óf outomaties wees óf oor kontroles by die stuurposisie beskik.



10.7.11.3 Die brandblusstelsels moet korrek geïnstalleer wees en in goeie werkende toestand gehou word.

10.7.12 SAMSA Regulasies

Ons mag hierdie afdeling van jou polis kanselleer vanaf die begindatum van hierdie afdeling as jou watervaartuig en die gebruik daarvan nie voldoen aan die volgende vereistes soos uiteengesit in die Handelskeepsvaartregulasies van 20017 nie:

10.7.12.1 Indien die watervaartuig nie die ontwerp- en konstruksievereistes volg nie.

10.7.12.2 Indien die persoon wat die watervaartuig loods nie 'n geldige Bevoegdheidsertifikaat het nie (tensy daardie persoon onder die toesig was van 'n persoon met 'n geldige Bevoegdheidsertifikaat).

10.7.12.3 Indien die watervaartuig nie 'n geldige Bruikbaarheidsertifikaat of Plaaslike Algemene Veiligheidsertifikaat het nie.

Hierdie SAMSA vereistes is nie van toepassing as die watervaartuig enige van die volgende is nie:

10.7.12.4 'n Seilvaartuig wat minder as 9 meter lank is.

10.7.12.5 'n Kragaangedrewe watervaartuig van minder as 15 perdekrag.

10.7.12.6 'n Watervaartuig wat slegs deur mensekrag aangedryf word.

10.7.13 As die watervaartuig uit vaart geneem is

Ons sal nie jou premies terugbetaal vir tydperke wat jou watervaartuig uit vaart geneem is nie.

10.7.14 As die watervaartuig ouer as 10 jaar is

As jou watervaartuig ouer as 10 jaar is, moet dit deur 'n onafhanklike, professionele inspekteur ondersoek word. Die ondersoek moet gedoen word terwyl die watervaartuig uit die water is. Ons sal nie vir die ondersoek betaal nie. Ons mag nuwe ondersoekverslae te enige tyd na hierdie ondersoek aanvra, wat vir jou koste sal wees.

Na aanleiding van die bevindinge van hierdie ondersoek, mag ons enige van die volgende na 31 dae kennisgewing doen:

10.7.14.1 Die bepalinge, voorwaardes en uitsluitings van jou versekering verander; of

10.7.14.2 Hierdie afdeling kanselleer.

As jy nie die ondersoek laat doen nie, mag ons kies om nie enige eis onder hierdie afdeling van jou polis te betaal nie.

10.7.15 Maak seker dat jy nie onderverseker is nie

Dit is jou verantwoordelikheid om jou watervaartuig vir die vervangingswaarde daarvan te verseker.



As die vervangingswaarde ten tye van die verlies of skade meer is as die versekerde bedrag, sal ons nie die volle bedrag van jou eis betaal nie. Ons bereken die verskil tussen die vervangingswaarde en die versekerde bedrag en pas die verskil eweredig op jou eisbedrag toe. Jy sal verantwoordelik wees vir die verskil.

10.7.16 As ander mense die watervaartuig gebruik

Ons dek jou watervaartuig as iemand anders dit met jou toestemming loods of gebruik.

Die ander persoon moet die bepalings, voorwaardes en uitsluitings van hierdie polis nakom. Dit is jou verantwoordelikheid om seker te maak dat enige persoon wat jou watervaartuig loods of gebruik, bewus is van die bepalings, voorwaardes en uitsluitings van hierdie polis.

10.8 Wat ons nie onder hierdie afdeling verseker nie

10.8.1 Gebruik van die watervaartuig

Ons dek nie verlies, skade of aanspreeklikheid as jou watervaartuig vir enige van die volgende gebruik word nie:

- 10.8.1.1 Enige doel anders as vir vermaak en privaatgebruik, tensy ons skriftelik toestemming gegee het.
- 10.8.1.2 As die watervaartuig verhuur of uitverhuur word, tensy ons skriftelik toestemming gegee het.
- 10.8.1.3 As die watervaartuig op water gesleep word.
Hierdie uitsluiting is nie van toepassing onder die volgende omstandighede nie:
 - insleep wanneer die watervaartuig gestrand het; of
 - gewone sleep wat verband hou met uit vaart haal, uitrusting of herstelwerk.
- 10.8.1.4 Om 'n ander watervaartuig te sleep of red, tensy die ander watervaartuig in nood verkeer.
- 10.8.1.5 Om enige ander watervaartuig te sleep of red ingevolge 'n kontrak wat gereël is voor die aanvang van die sleep of redding.
- 10.8.1.6 Deelname in wedvaarte, spoedtoetse of verwante proewe (behalwe vir seiljagvaart).
- 10.8.1.7 Krag spring of uiterste strandlanding.

10.8.2 Onbewaakte watervaartuie

Ons dek nie enige verlies, skade, reddingsdienste of aanspreeklikheid as jou watervaartuig onbewaak gelaat en vasgemeer of geanker is by 'n onbeskutte strand of oewer en die watervaartuig dan strand, sink, oorstroom raak of wegdryf nie.



10.8.3 Geleidelike skade

Ons dek nie verlies of skade wat deur enige van die volgende veroorsaak is nie:

- 10.8.3.1 Waardevermindering oor 'n tydperk.
- 10.8.3.2 Waardevermindering as gevolg van herstelwerk.
- 10.8.3.3 Slytasie.
- 10.8.3.4 Roes, muf, korrosie of verrotting.

10.8.4 Skoonmaak, herstel, opknapping, onderhoud

Ons dek nie enige verlies of skade wat veroorsaak is deur of as gevolg van skoonmaak, herstel, opknapping of onderhoud nie.

10.8.5 Foutiewe ontwerp of gebreke

Ons dek nie enige deel van jou watervaartuig wat afgekeur is bloot as gevolg van 'n fout in die ontwerp of konstruksie daarvan nie.

Ons dek ook nie enige gebrek wat veroorsaak is deur nalatigheid of kontrakbreuk wat verband hou met enige herstel of aanpassings van jou watervaartuig nie.

10.8.6 Meganiese of elektriese onklaarraking

Ons dek nie meganiese, elektroniese of elektriese onklaarraking van masjinerie, enjins, motore, batterye of hulle verbindings nie.

Hierdie uitsluiting is nie van toepassing as die meganiese of elektriese onklaarraking veroorsaak is deur 'n eksterne gebeurtenis wat nie onder hierdie afdeling uitgesluit is nie. Dit is ook nie van toepassing op verlies of skade wat veroorsaak is deur verlies of skade wat veroorsaak is deur onklaarraking van die skag of die skroef nie.

10.8.7 Skade aan seile

Ons dek nie skade aan seile of beskermende oortreksels wat deur die wind geskeur of weggewaai word terwyl dit gespan was nie.

Hierdie uitsluiting is nie van toepassing op die volgende nie:

- 10.8.7.1 Skade aan die seile of beskermende oortreksels wat gebeur het as gevolg van skade aan die maste waaraan die seile geheg was.
- 10.8.7.2 Skade aan die seile of beskermende oortreksels wat gebeur het omdat die watervaartuig gestrand, gesink of gebrand het, of in 'n botsing of kontak was met enige uitwendige voorwerp, insluitend ys, maar nie water nie.

10.8.8 Verlies of skade tydens vervoer (dit sluit oplaai of aflaai in)

Ons dek nie enige van die volgende tydens vervoer van die watervaartuig op land of in die lug nie:

- 10.8.8.1 Krappe.
- 10.8.8.2 Duike.



- 10.8.8.3 Enige regs aanspreeklikheid teenoor 'n ander persoon.
- 10.8.8.4 Verlies of skade terwyl die watervaartuig deur enige persoon sonder 'n geldige bestuurderslisensie vervoer word, tensy daardie persoon van diefstal of onwettige gebruik van die voertuig wat die watervaartuig sleep, aangekla word.
- 10.8.8.5 Verlies of skade terwyl die watervaartuig vervoer word deur enige persoon onder die invloed van alkohol of verdowingsmiddels, of wie se bloedalkoholvlak hoër is as die wettige perk.

10.8.9 Inhoud van die watervaartuig

Ons dek nie verlies van of skade aan die volgende nie:

- 10.8.9.1 Jou persoonlike besittings.
- 10.8.9.2 Kos en ander verbruiksgoedere wat jy op die watervaartuig hou.
- 10.8.9.3 Visgerei; of
- 10.8.9.4 Ankertoue.

10.8.10 As die watervaartuig as woning gebruik word

Ons dek nie enige verlies, skade of aanspreeklikheid as jou watervaartuig as 'n huisboot of as jou permanente huis gebruik word nie.

10.8.11 Gebruik teen regulasies

Ons dek nie verlies, skade of aanspreeklikheid wat verband hou met die gebruik van jou watervaartuig deur enige persoon in stryd met enige regulasie deur 'n toepaslike owerheid nie.

Dit sluit in as jou watervaartuig geloods word deur enige persoon wat nie bevoeg is om dit te loods nie, tensy daardie persoon onder direkte toesig van 'n bevoegde loods is.

10.8.12 Gebruik onder die invloed

Ons dek nie verlies, skade of aanspreeklikheid wat verband hou met jou watervaartuig terwyl jy of enige ander persoon dit onder die invloed van alkohol of dwelmiddels gebruik nie, of terwyl jou of daardie persoon se bloedalkoholvlak oor die wettige perk is nie.

Hierdie uitsluiting is nie van toepassing as jou watervaartuig sonder jou toestemming gebruik is nie.

10.8.13 Gebruik deur sekere mense

Ons dek nie verlies, skade of aanspreeklikheid wat verband hou met jou watervaartuig terwyl 'n operateur of werknemer van enige van die volgende dit gebruik nie:

- 10.8.13.1 Skeepswerf.
- 10.8.13.2 Herstelwerf.
- 10.8.13.3 Skeepshelling.



10.8.13.4 Seiljagklub.

10.8.13.5 Marina.

10.8.13.6 Watervaartuig verkoopsdiens of soortgelyke operasie.



11. PERSOONLIKE REKENAARS AFDELING

11.1 Definisies vir hierdie afdeling

jou rekenaar	beteken die rekenaar wat in die bylae verskyn. dit sluit die sleutelbord, monitor, drukker en enige ander toebehore en sagteware in.
jy / jou	beteken die polishouer, mede-polishouer soos in die bylae genoem en lede van die polishouer se familie wat by hulle woon.
kragstuwing	beteken 'n tydelike toename (in watter mate ook al) in die stroom of stroomspanning van 'n elektriese stroombaan, kragnetwerk of kragtoevoer.
ontginning van kript	beteken die proses om toegang te verkry tot Kriptogeldeenhede deur kriptografiese vergelykings met die hulp van kragtige rekenaars op te los.
rekenaar	beteken enige toestel of masjien wat prosesse, berekenings of werksaamhede uitvoer, wat gebaseer is op instruksies wat voorsien word deur 'n sagteware of hardware program en wat ontwerp is om toepassings uit te voer en 'n verskeidenheid oplossings te gee deur die kombinasie van geïntegreerde hardware en sagteware.

11.2 Wat ons verseker

Ons dek toevallige verlies van of skade insluitend kragstuwingskade aan jou rekenaar.

11.3 Uitgebreide dekking wat deel vorm van die vergoedingsperk

11.3.1 Afstandbelemmering of -blokkering en/of items wat uit onbewaakte voertuie gesteel word

Ons sal jou slegs vergoed vir items wat uit 'n onbewaakte voertuig gesteel is indien:

- 11.3.1.1 Die item/s in die bylae gespesifiseer is; en
- 11.3.1.2 Die item/s in die gesluite katebak, paneelkissie of onder uittrekbare of verwyderbare bagasieruimbedekkings van die voertuig is; en
- 11.3.1.3 Die voertuig se vensters moet toe wees; en
- 11.3.1.4 Daar sigbare tekens van kragdadige toegang tot die voertuig is; en



11.3.1.5 Jy moet die voertuig gesluit het voordat dit onbewaak gelaat is.

Hierdie dekking is beperk tot die vergoedingsperk wat in die bylae verskyn.

Jy moet die bybetaling betaal wat in die bylae verskyn.

Ons dek egter wel items wat uit 'n onbewaakte voertuig gesteel is selfs al is daar geen sigbare tekens van kragdadige toegang tot die voertuig nie, indien ons vermoed dat toegang tot die voertuig verkry is deur afstandbelemmering of -blokkering.

Die maksimum wat ons vir afstandbelemmering of -blokkering sal betaal, verskyn ook in die bylae vir elke gebeurtenis.

Jy moet die bybetaling vir afstandbelemmering betaal wat in die bylae verskyn.

11.4 Uitgebreide dekking bykomend tot die vergoedingsperk

Die volgende dekkings is bykomend tot die vergoedingsperk van jou Persoonlike rekenaars soos dit in die bylae verskyn.

11.4.1 Verlies van data en programme

Ons dek die redelike koste om verlore data of programme te herwin nadat hulle toevallig uitgewis is of nadat jou rekenaar verlore of beskadig is. Hierdie dekking sluit die koste in wat verband hou met die gebruik van data om programme of data van die wolk of ander virtuele bergingsfasiliteit af te laai.

Hierdie dekking is beperk tot die bedrag wat in die bylae verskyn vir enige enkele verlies of reeks van verliese wat die gevolg is van een gebeurtenis.

11.5 Spesiale bepalinge en voorwaardes onder hierdie afdeling

11.5.1 Hoe ons jou sal vergoed

11.5.1.1 As jou rekenaar herstel kan word

As jou rekenaar fisies beskadig is en herstel kan word, sal ons jou vergoed vir die laagste van die volgende bedrae:

- die koste van herstel, minus die bybetaling;
- die bedrag waarvoor jou rekenaar verseker is, minus die bybetaling.

11.5.1.2 As jou rekenaar nie herstel kan word nie

As jou rekenaar verlore of fisies beskadig is en nie herstel kan word nie, sal ons jou vergoed vir die laagste van die volgende bedrae:

- die koste om jou rekenaar te vervang met 'n rekenaar met die naaste moontlike werkverrigting en kapasiteit, minus die bybetaling;
- die bedrag waarvoor jou rekenaar verseker is, minus die bybetaling.



Jy moet ons goedkeuring kry voordat enige herstelwerk of vervangings gedoen word. Indien jy nie ons goedkeuring kry nie, kan ons jou eis afwys.

11.5.2 Vergoedingsperk

Die maksimum wat ons vir enige enkele eis sal betaal, is die Persoonlike Rekenaars vergoedingsperk wat in die bylae verskyn.

11.5.3 Bybetaling

Daar is 'n bybetaling in die bylae vir Persoonlike Rekenaars. Dit is die bedrag wat jy moet betaal voor ons jou sal vergoed.

11.5.4 Lande waar jy verseker is onder hierdie afdeling

Dekking onder hierdie afdeling is wêreldwyd.

11.6 Wat ons nie onder hierdie afdeling verseker nie

11.6.1 Uitwissing van data

Ons dek nie verlies van data of programme wat toevallig as gevolg van enige van die volgende uitgewis is nie:

- 11.6.1.1 Programfoute.
- 11.6.1.2 Virusse, Trojane, wurms of ander vernietigende media- of rekenaarprogramme.
- 11.6.1.3 Die laai van foutiewe data.
- 11.6.1.4 Korrupte data.

11.6.2 Verlies of skade wat ingevolge ooreenkoms verseker is

Ons dek nie verlies van of skade aan jou rekenaar wat ingevolge enige van die volgende verseker is nie:

- 11.6.2.1 Enige onderhoud- of huurooreenkoms of -reëling; of
- 11.6.2.2 Enige waarborg, dienskontrak of koop-ooreenkoms.

11.6.3 Geleidelike skade

Ons dek nie verlies of skade wat deur of as gevolg van enige van die volgende veroorsaak is nie:

- 11.6.3.1 Waardevermindering oor 'n tydperk.
- 11.6.3.2 Waardevermindering as gevolg van herstelwerk.
- 11.6.3.3 Slytasie en ander oorsake wat geleidelik inwerk.
- 11.6.3.4 Roes, muf, korrosie of verrotting.
- 11.6.3.5 Die geleidelike ontstaan van swak elektriese of elektroniese kontakpunte.

11.6.4 Elektroniese of elektriese onklaarraking of weiering

Ons dek nie elektroniese of elektriese onklaarraking of weiering van jou rekenaar nie, tensy dit in dieselfde voorval ook fisies beskadig is.



11.6.5 Skoonmaak of opgradering

Ons dek nie skade aan jou rekenaar wat veroorsaak is deur skoonmaak op opgradering nie.

11.6.6 Krappe

Ons dek nie krappe van die geveerde of gepoleerde oppervlakte van jou rekenaar nie.

11.6.7 Virusse, Trojane, wurms of ander vernietigende media- of rekenaarprogramme

Ons dek nie verlies van of skade aan jou rekenaar wat veroorsaak is deur of vanuit virusse, Trojane, wurms of ander vernietigende media- of rekenaarprogramme nie.

11.6.8 Onreëlmatige of ongewone werking

Ons dek nie jou rekenaar as dit onreëlmatig of ongewoon werk nie, tensy dit veroorsaak is deur fisiese skade wat gedek is onder hierdie afdeling van jou polis.

11.6.9 Onderdele met 'n kort lewensduur

Ons dek nie die onderdele van jou rekenaar wat 'n kort lewensduur het nie. Voorbeelde hiervan is katodestraalbuise, gloeilampe, smeltdraadjies en opofferende bufferstroombane.

As hierdie onderdele aangetas is wanneer jou rekenaar ook beskadig is, sal ons jou slegs vergoed vir die oorblywende lewensduur van die onderdele ten tye van die skade.

11.6.10 Persoonlike rekenaars wat vir die ontginning van kripto gebruik word

Ons dek nie verlies van of skade aan jou rekenaar wat vir die ontginning van kripto gebruik word nie.



12. REGSKOSTE AFDELING

12.1 Definisies vir hierdie afdeling

crimen injuria	beteken die opsetlike benadeling van 'n persoon se waardigheid, wat veroorsaak is deur die gebruik van obsene of aanstootlike taalgebruik, handeling of gebare.
jy / jou	beteken die polishouer(s), mede-polishouer wat in die bylaagbylae genome word en lede van die polishouer se familie wat by hulle woon.
laster	beteken valse verklaringe wat 'n persoon se reputasie kan aantast.
regskoste	beteken die koste wat jy wetlik verantwoordelik is om te betaal.

12.2 Wat ons verseker

Ons dek regskoste, wat ons skriftelik goedgekeur het, wat met enige van die volgende verband hou:

12.2.1 'n Siviele hofsaak deur jou

12.2.2 'n Siviele hofsaak teen jou

12.2.3 Verdediging van kriminele aanklagte teen jou

12.3 Spesiale bepalinge en voorwaardes onder hierdie afdeling

12.3.1 Vergoedingsperk

Die maksimum wat ons vir enige enkele eis sal betaal, is die Regskoste vergoedingsperk wat in die bylae verskyn.

12.3.2 Bybetaling

Daar is 'n bybetaling in die bylae vir Regskoste. Dit is die bedrag wat jy moet betaal voordat ons jou sal vergoed.

12.3.3 Lande waar jy onder hierdie afdeling verseker is

Dekking deur hierdie afdeling geld slegs vir die Republiek van Suid-Afrika.

12.4 Wat ons nie onder hierdie afdeling verseker nie

12.4.1 Geen redelike vooruitsig van sukses nie

Ons dek nie jou regskoste vir enige regsaksie as ons dink dat jy nie 'n redelike vooruitsig op sukses het nie.



12.4.2

Algemeen

Ons dek nie jou regskoste vir enige regsaksie wat enigsins deur enige van die volgende veroorsaak is nie:

- 12.4.2.1 Jou werk, sake, beroep of enige ander aktiwiteit waarvoor jy betaal word.
- 12.4.2.2 Jou eienaarskap of gebruik van 'n voertuig, enige soort watervaartuig of vliegtuig.
- 12.4.2.3 Enige iets wat jy gedoen het wat oneerlik, gewelddadig of onbetaamlik is.
- 12.4.2.4 Egskeiding, onderhoud, toesig, voogdyskap.
- 12.4.2.5 Kuratorskap of enige soortgelyke verrigtinge.
- 12.4.2.6 Enige verrigtinge wat verband hou met intellektuele eiendom (byvoorbeeld kopiereg, handelsmerke, handelsname of patente).
- 12.4.2.7 Laster of crimen injuria.

12.4.3

Arbitrasie, doodsondersoeke of geregtelike ondersoeke

Ons dek nie jou regskoste wat ontstaan van arbitrasie, doodsondersoeke of geregtelike ondersoeke nie.

12.4.4

Regskoste tussen sekere mense

Ons dek nie jou regskoste tussen die volgende mense nie:

- 12.4.4.1 Tussen mense wat onder hierdie afdeling verseker is.
- 12.4.4.2 Tussen jou en ons.



13. UITGEBREIDE PERSOONLIKE AANSPREEKLIKHEID AFDELING

13.1 Definisies vir hierdie afdeling

jy / jou	beteken die polishouer(s), mede-polishouer wat in die bylae genoem word en lede van die polishouer se familie wat by hulle woon.
onderliggende polis	beteken 'n aktiewe versekeringspolis wat jy by 'n versekeraar binne of buite die Republiek van Suid-Afrika het, wat jou verseker vir: • Persoonlike aanspreeklikheid; • Huiseienaarsaanspreeklikheid; • Huurdersaanspreeklikheid; • Voertuigaanspreeklikheid; • Watervaartuigaanspreeklikheid.

13.2 Wat ons verseker

Ons dek jou regsaanspreeklikheid wat ontstaan van gebeurtenisse gedurende die versekeringstydperk as:

- 13.2.1 Jy 'n aktiewe onderliggende versekeringspolis het wat die soort aanspreeklikheid waarvoor jy aanspreeklik gehou word, dek; en
- 13.2.2 Jou onderliggende versekeraar nie jou regsaanspreeklikheid om enige rede dek nie (behalwe as jy nie aan 'n voorwaarde van die onderliggende polis voldoen het nie); of
- 13.2.3 Jou regsaanspreeklikheid meer is as die vergoedingsperk van jou onderliggende polis en die versekeraar van die onderliggende polis het die volle vergoedingsperk betaal of het ingestem om daardie volle vergoedingsperk te betaal; en
- 13.2.4 Jou onderliggende polis is aktief en jy het al die voorwaardes van die onderliggende polis nagekom.

13.3 Uitgebreide dekking wat deel vorm van die vergoedingsperk

13.3.1 Aanspreeklikheid vir besoedeling of kontaminasie

Ons dek jou regsaanspreeklikheid as jy aanspreeklik gehou word vir besoedeling of kontaminasie wat gebeur het gedurende die versekeringstydperk.

Ons betaling sal die volgende insluit:

- 13.3.1.1 Die bedrae waarvoor jy aanspreeklik is.



13.3.1.2 Regskoste van die ander persoon waarvoor jy aanspreeklik is.

13.3.1.3 Koste wat jy aangaan om die eis teen jou met ons toestemming te skik of verdedig.

Hierdie dekking is beperk tot die bedrag wat in die bylae verskyn. Hierdie bedrag is van toepassing op enige enkele gebeurtenis of reeks van gebeurtenisse wat die gevolg van 'n enkele voorval is.

Hierdie dekking is onderhewig aan die voorwaarde dat die besoedeling of kontaminasie moes veroorsaak wees deur 'n skielike, onvoorsiene, onbedoelde en onverwagte gebeurtenis.

13.4 **Spesiale bepalinge en voorwaardes onder hierdie afdeling**

13.4.1 Vergoeding

Ons betaling sal die volgende insluit:

13.4.1.1 Die bedrae waarvoor jy aanspreeklik is.

13.4.1.2 Regskoste van die ander persoon waarvoor jy aanspreeklik is.

13.4.1.3 Koste wat jy aangaan om die eis teen jou met ons toestemming te skik of verdedig.

Ons sal slegs jou regs aanspreeklikheid meer as die volgende bedrae dek:

13.4.1.4 R 5 000 000 vir Persoonlike aanspreeklikheid.

13.4.1.5 R 5 000 000 vir Voertuigaanspreeklikheid.

13.4.1.6 R 3 000 000 vir Watervaartuigaanspreeklikheid.

13.4.2 Vergoedingsperk

Die vergoedingsperk ten tye van die verlies, skade, liggaamlike besering, siekte of dood verskyn in die bylae.

Hierdie bedrag is van toepassing op enige enkele gebeurtenis of reeks gebeurtenisse wat die gevolg van 'n enkele voorval gedurende enige kalenderjaar is.

13.4.3 Die lande waar jy onder hierdie afdeling verseker is

Dekking onder hierdie afdeling is wêreldwyd.

13.5 **Wat ons nie onder hierdie afdeling verseker nie**

13.5.1 Uitsprake of skikkings ingevolge die reg van die Verenigde State van Amerika of Kanada

Ons dek nie jou regs aanspreeklikheid wat met die volgende verband hou nie:

13.5.1.1 Enige uitspraak of skikking wat in lande gemaak is wat die wetgewing van die Verenigde State van Amerika of Kanada volg.

13.5.1.2 Enige bevel wat gemaak is om 'n uitspraak of skikking wat in die Verenigde State van Amerika of Kanada gemaak is, af te dwing.



13.5.2 Aanspreeklikheid wat verband hou met jou werk, sake en eiendom

Ons dek nie jou regs aanspreeklikheid wat met die volgende verband hou nie:

- 13.5.2.1 Jou werk, sake of beroep. Dit sluit in as jy enige iets verkoop of dienste vir enige verskaf vir enige vorm van betaling.
- 13.5.2.2 Die uithuur van eiendom, of dit nou roerend of onroerend is, vir geld of enige ander voordeel, tensy die onroerende eiendom gebruik word as 'n privaat woning en deur jou onderliggende polis gedek is.
- 13.5.2.3 Jou koop, verkoop of uitruil van enige roerende of onroerende eiendom.

13.5.3 Aanspreeklikheid as gevolg van jou roekelose of opsetlike optrede

Ons dek nie jou regs aanspreeklikheid:

- 13.5.3.1 As jy die gevolge van wat jy doen of nie doen nie, roekeloos ignoreer nie.
- 13.5.3.2 Wat die gevolg is van jou eie oneerlike, bedrieglike of kwaadwillige optrede nie.
- 13.5.3.3 Wat die gevolg is van 'n fisiese aanranding of verleiding wat jy pleeg nie.

13.5.4 Aanspreeklikheid tussen mense wat onder dieselfde polis verseker is

Ons dek nie regs aanspreeklikheid tussen mense wat onder hierdie polis verseker is ten tye van die gebeurtenis wat tot die aanspreeklikheid lei nie.

13.5.5 As jy ander versekering het

Ons dek nie jou regs aanspreeklikheid wat die gevolg is van verlies of skade aan eiendom wat onder enige ander versekeringspolis verseker is nie.

13.5.6 Aanspreeklikheid wat verband jou met voertuie, vliegtuie of watervaartuie

Ons dek nie jou regs aanspreeklikheid:

- 13.5.6.1 As gevolg van jou eienaarskap of gebruik van enige vliegtuie nie (behalwe vir modelvliegtuigies of hangsweeftuie).
- 13.5.6.2 Wat verband hou met wetgewing wat die gebruik van voertuie reguleer as:
 - jy volgens wet moet verseker teen die aanspreeklikheid nie; of
 - die staat of enige regeringsliggaam of owerheid aanspreeklikheid vir die eis aanvaar nie;
- 13.5.6.3 Vir die verlies van of skade aan 'n voertuig, watervaartuig of vliegtuig wat jy besit, versorg of beheer nie.
- 13.5.6.4 Wat verband hou met voertuigaanspreeklikheid nie, tensy:
 - dit deur jou onderliggende polis gedek is; of



- die enigste rede waarom dit nie deur jou onderliggende polis gedek is nie, is omdat dit buite die lande val waarop die onderliggende polis van toepassing is;

13.5.6.5 Wat die gevolg is van jou gebruik of eienaarskap van vierwielmotorfietse, alle-terrein voertuie of gholfkaretjies nie.

13.5.6.6 Wat verband hou met watervaartuigaanspreeklikheid as die maksimum spoed van die watervaartuig meer as 100 kilometer per uur is nie. As die maksimum spoed van die watervaartuig minder is as 100 kilometer per uur, dek ons jou watervaartuigaanspreeklikheid as:

- dit deur jou onderliggende polis gedek is; of
- die enigste rede waarom dit nie deur jou onderliggende polis gedek is nie, is omdat dit buite die lande val waarop die onderliggende polis van toepassing is.

13.5.7 Boetes en strafvoltagekings

Ons dek nie enige bestraffende skadevergoeding, boetes of strafvoltagekings waarvoor jy aanspreeklik gehou word nie.

13.5.8 Skuld

Ons dek nie jou regs aanspreeklikheid wat verband hou met:

- 13.5.8.1 Enige skuld nie.
- 13.5.8.2 Jou versuim om onderhoud te betaal nie.
- 13.5.8.3 Jou verbreking van 'n belofte nie.

13.5.9 MIV- en VIGS-immuniteitsgebrek

Ons dek nie jou regs aanspreeklikheid met betrekking tot die volgende nie:

- 13.5.9.1 Mediese toestand veroorsaak deur of met betrekking tot Menslike Immuniteitsgebrekvirus (MIV) of enige variante van MIV.
- 13.5.9.2 Mediese toestand veroorsaak deur of met betrekking tot Verworwe Immuniteitsgebreksindroom (VIGS) of enige soortgelyke toestand.



14. MEGANIESE EN ELEKTRIESE ONKLAARRAKING AFDELING

14.1 Definisies vir hierdie afdeling

gy / jou	beteken die polishouer(s), mede-polishouer wat in die bylae genoem word en lede van die polishouer se familie wat by hulle woon.
kragstuwing	beteken 'n tydelike toename (in watter mate ook al) in die stroom of stroomspanning van 'n elektriese stroombaan, kragnetwerk of kragtoevoer.
meganiese of elektriese onklaarraking	beteken die onklaarraking van die versekerde item weens 'n faling van 'n hardeware-onderdeel wat veroorsaak is deur meganiese of elektriese onklaarraking tydens gebruik volgens die vervaardiger se instruksies.
privaat woning	beteken die hoofgeboue en buitegeboue by die adres wat in die bylae verskyn.
versekerde items	beteken enige huishoudelike toestelle wat in die bylae verskyn. Sommige voorbeelde is: • televisies, DVD-spelers, hoëtrouspelers, tuis-teaterstelsels; • yskaste, stowe, oonde, mikrogolfoonde; • wasmasjiene, tuimeldroërs, skottelgoedwassers.

14.2 Wat ons verseker

Ons dek skielike en onvoorsiene meganiese en elektriese skade uitsluitend kragstuwingskade aan die versekerde item wat in jou privaat woning is ten tye van die skade, geleë by die adres wat in jou bylae aangedui word.

14.3 Spesiale bepalings en voorwaardes onder hierdie afdeling

14.3.1 Hoe ons jou sal vergoed

Ons sal jou vergoed vir skade aan versekerde items wat veroorsaak is deur meganiese of elektriese onklaarraking deur ons keuse van enige een of kombinasie van die volgende:

- 14.3.1.1 Die koste van die skade te betaal.
- 14.3.1.2 Wat ookal beskadig is, te vervang.
- 14.3.1.3 Wat ookal beskadig is, te herstel.



Jy moet ons goedkeuring kry voordat enige herstelwerk of vervangings gedoen word. Indien jy nie ons goedkeuring kry nie, kan ons jou eis afwys.

14.3.2 Vergoedingsperk

Ons sal jou vergoed tot die vergoedingsperk wat in die bylae verskyn.

14.3.3 Bybetaling

Daar is 'n bybetaling in die bylae vir elke item wat ons onder hierdie afdeling verseker. Dit is die bedrag wat jy moet betaal voordat ons jou sal vergoed.

14.3.4 Jy moet bewys van eienaarskap lewer

As ons daarvoor vra, moet jy aan ons aanvaarbare bewys lewer dat jy 'n item besit het, of aanvaarbare bewys van die waarde daarvan lewer.

14.3.5 Die lande waar jy onder hierdie afdeling verseker is

Dekking deur hierdie afdeling geld slegs vir die Republiek van Suid-Afrika.

14.4 Wat ons nie onder hierdie afdeling verseker nie

14.4.1 Diefstal

Onder hierdie afdeling dek ons nie verlies of skade wat veroorsaak is deur diefstal of poging tot diefstal nie.

14.4.2 Geleidelike skade

Ons dek nie skade wat deur of as gevolg van enige van die volgende veroorsaak is nie:

14.4.2.1 Waardevermindering oor 'n tydperk.

14.4.2.2 Waardevermindering as gevolg van herstelwerk.

14.4.2.3 Slytasie en enige ander oorsaak wat geleidelik inwerk.

14.4.2.4 Roes, muf, korrosie of verrotting.

14.4.2.5 Lig, sonlig of normale klimaatstoestande.

14.4.3 Skoonmaak, kleur, opknap of herstel

Ons dek nie skade wat veroorsaak is deur skoonmaak-, kleur-, opknap- of herstelprosesse nie.

14.4.4 Konfiskering en terughouding

Ons dek nie verlies van of skade aan items wat gekonfiskeer of teruggehou is deur enige regsproses nie.

14.4.5 Die verkeerde gebruik of hantering van items

Ons dek nie skade wat veroorsaak is omdat:

14.4.5.1 Gereedskap verkeerdelik op die versekerde item gebruik is nie.

14.4.5.2 Jy of enige ander persoon 'n fout gemaak het met die installasie van die versekerde item nie.



14.4.5.3 Die versekerde item nie onderhou is soos die vervaardiger aanbeveel het nie.

14.4.5.4 Die versekerde item gebruik is vir enige iets anders as die normale tuisgebruik daarvan nie.

14.4.6 Waarborge of vrywarings

Ons dek nie skade aan versekerde items wat gedek is onder 'n vervaardiger se waarborg of vrywaring nie.

14.4.7 Skade aan glas en lense

Ons dek nie enige skade aan glas of lense nie.

14.4.8 Skade aan onderdele van die versekerde item wat 'n kort lewensduur het

Ons sal jou nie vergoed vir skade aan onderdele van die versekerde item wat 'n kort lewensduur het nie. Sommige voorbeelde is:

- batterye, gloeilampies;
- luidsprekers;
- kassetbande, linte;
- waarskuwingsligte;
- die bord in die mikrogolfoond;
- glasballe, horlosies;
- spuitslange;
- lug-en waterfilters;
- smeltdrade;
- bande, knoppe;
- skermbeskermers;
- bykomstige kables;
- verwyderbare bergingstoestelle;
- verouderde onderdele;
- afstandbeheerkontroles.

14.4.9 Rekenaars, notaboëke, skootrekenaars, palmrekenaars, tablette, e-lesers en dataverwerkingstoerusting

Onder hierdie afdeling dek ons nie skade aan rekenaars, notaboëke, skootrekenaars, palmrekenaars, tablette (wat iPads insluit), e-lesers of dataverwerkingstoerusting nie.

14.4.10 Elektriese hekmotors

Onder hierdie afdeling dek ons nie skade aan elektriese hekmotors nie.



15. IDENTITEITSDIEFSTAL AFDELING

15.1 Definisie vir hierdie afdeling

jy / jou	beteken die polishouer, die polishouer se eggenoot en enige familieledede wat in die bylae genoem word, wat permanent by die polishouer woon en finansiëel afhanklik is van die polishouer.
----------	---

15.2 Wat ons verseker

15.2.1 Identiteitsdiefstal

Ons dek jou finansiële verlies en regskoste as 'n ander persoon of entiteit jou identiteit aanneem om:

- 15.2.1.1 'n Lening te kry.
- 15.2.1.2 'n Kredietrekening oop te maak.
- 15.2.1.3 'n Bestaande rekening oor te neem.

Hierdie dekking is beperk tot die bedrag wat in die bylae verskyn.

15.3 Uitgebreide dekkings wat deel vorm van die vergoedingsperk

15.3.1 Regskoste

Ons dek jou redelike regskoste om enige regsaksie wat teen jou gebring word deur 'n krediteur of invorderingsagentskap, of iemand wat namens hulle optree, te verdedig. Dit sluit die volgende in:

- 15.3.1.1 Siviele verrigtinge as gevolg van identiteitsdiefstal.
- 15.3.1.2 Kriminele verrigtinge waar jy aangekla word van onwettige daade wat iemand anders gepleeg het terwyl hulle jou identiteit gebruik het.

15.3.2 Siviele of kriminele uitsprake

Ons dek die verwydering van enige siviele of kriminele uitspraak wat verkeerdlik teen jou gemaak is as gevolg van die identiteitsdiefstal.

15.3.3 Verbruikers kredietrekord

Ons dek die koste om die akkuraatheid of volledigheid van enige inligting op jou verbruikers kredietrekord te bevraagteken.

Hierdie dekking is onderhewig aan die voorwaarde dat die verkeerde inligting aan die kredietagentskap of finansiële instelling gegee moes wees.

15.3.4 Inkomste wat jy verloor weens tyd weg van die werk

Ons dek jou onbetaalde verlof vanaf jou werk of beroep terwyl jy versekering onder hierdie afdeling het, of binne 12 maande vanaf die einddatum van hierdie afdeling.



Hierdie dekking is onderhewig aan die voorwaarde dat die identiteitsdiefstal die enigste rede was waarom jy onbetaalde verlof moes neem.

Ons dek egter nie die volgende nie:

- 15.3.4.1 Verlofdae.
- 15.3.4.2 Siekverlof dae; of
- 15.3.4.3 Verlore inkomste omdat jy vir jouself werk.

15.3.5 Bedrae wat jy aan 'n krediteur moet betaal

Ons dek jou werklike verlies as gevolg van regs aanspreeklikheid om 'n krediteur te betaal, as enige van die volgende kaarte of rekeninge sonder jou toestemming in jou naam oopgemaak is:

- 15.3.5.1 OTM kaart-, kredietkaart- of debietkaatrekening.
- 15.3.5.2 Bankrekening.
- 15.3.5.3 Ander kredietrekeninge.

15.3.6 Verskeie ander uitgawes

Ons dek die volgende:

- 15.3.6.1 Koste om aansoeke vir lenings- of ander krediet- of debietrekeninge weer in te dien, as die lener jou aansoek van die hand gewys het net omdat hulle die verkeerde inligting gekry het as gevolg van die identiteitsdiefstal.
- 15.3.6.2 Redelike koste om 'n notaris te kry om dokumente wat verband hou met jou identiteitsdiefstal, na te gaan.
- 15.3.6.3 Redelike koste vir langafstand telefoonoproepe en geregistreerde pos as gevolg van jou poging om identiteitsdiefstal aan te meld.
- 15.3.6.4 Koste vir 'n maksimum van vier kredietverslae per identiteitsdiefstal voorval, vanaf 'n instelling wat ons goedkeur. Jy moes die kredietverslae aangevra het gedurende die twaalf maande na die ontdekking van die identiteitsdiefstal.

15.4 Spesiale bepalinge en voorwaardes onder hierdie afdeling

15.4.1 Vergoedingsperk

Ons sal jou vergoed tot die vergoedingsperk wat in die bylae verskyn vir elke voorval van identiteitsdiefstal.

15.4.2 Die lande waar jy onder hierdie afdeling verseker is

Dekking deur hierdie afdeling geld slegs vir die Republiek van Suid-Afrika.

15.4.3 Hierdie afdeling moet van krag wees

Jy mag eis vir identiteitsdiefstal wat plaasgevind het enige tyd vanaf die begindatum van hierdie afdeling, tot een jaar na die einddatum van hierdie afdeling.



15.4.4 Die krediteur moet inligting bevestig

Die krediteur moet enige bedrae wat jy skuld as gevolg van identiteitsdiefstal, skriftelik bevestig.

15.4.5 Jy moet met ons ondersoek saamwerk

Jy moet ons toestemming gee om jou boeke finansiële rekords te ondersoek.

Jy moet met ons saamwerk en ons help om enige wettige regte wat jy of ons het in verband met jou identiteitsdiefstal, af te dwing. Dit sluit in die lewer van getuienis en die instel van enige regs- of ander proses wat nodig is om die identiteitsdiefstal op te los.

15.4.6 Jy moet stappe neem om verdere identiteitsdiefstal te vermy

Jy moet alle redelike stappe neem om verdere verlies as gevolg van identiteitsdiefstal te vermy.

15.4.7 Stel die polisie en finansiële instellings binne 24 uur in kennis

Jy moet die polisie, jou bank, die maatskappy wat jou OTM-, debiet- of kredietkaart uitgereik het, finansiële instelling of enige ander toepaslike instelling, binne 24 uur nadat jy die identiteitsdiefstal ontdek het, daarvan in kennis stel.

As jy dit nie doen nie, sal ons nie jou eis aanvaar nie.

15.4.8 Wat om te doen as jy 'n eis het

Jy moet aan ons bewys lewer wanneer jy eis.

As jy vir verlore inkomste eis, moet jy al die volgende indien:

15.4.8.1 Bewys vanaf jou werkgever dat jy onbetaalde verlof geneem het. Jy moet hierdie inligting deur 'n kommissaris van ede laat waarmerk.

15.4.8.2 Bewys dat dit nodig was om af te neem by die werk.

15.4.8.3 Afskrifte van enige aanskrywings, kennisgewings, dagvaardings, klagtes of regsdokumente wat met die identiteitsdiefstal verband hou.

As jy dit nie doen nie, sal ons nie jou eis aanvaar nie.

15.5 Wat ons nie onder hierdie afdeling verseker nie

15.5.1 Identiteitsdiefstal oneerlikheid

Ons dek nie identiteitsdiefstal as die identiteitsdiefstal verband hou met enige oneerlike, kriminele, kwaadwillige of bedrieglike optrede wat jy of enige familielid gepleeg het, kennis van gedra het of beplan het nie.

15.5.2 Verlies wat met sake verband hou

Ons dek nie verlies wat verband hou met jou sakebedrywighede nie.

15.5.3 Koste vir dood, besering of ander verlies

Ons vergoed jou nie vir dood, besering, siekte, ongeskiktheid, skok, geestes-angs of sielkundige besering as gevolg van identiteitsdiefstal nie.



Dit sluit enige versorging wat jy mag nodig, of enige ander verlies wat ons nie spesifiseer as 'n koste wat ons verseker nie.

15.5.4

Kredietkaartgelde as jy nie aan die bepalings, voorwaardes en uitsluitings voldoen het nie

Ons vergoed jou nie vir kredietkaartgelde vir gesteelde kredietkaarte, as jy nie aan al die bepalings, voorwaardes en uitsluitings waaronder die kaarte uitgereik is, voldoen het nie.



16. SWIFTCARE

16.1 Definisies vir hierdie afdeling

jj / jou	beteken die polishouer(s) en mede-polishouer wat in die bylae genoem word, die polishouer se eggenoot en die polishouer of polishouer se eggenoot se finansieel afhanklike kinders wat normaalweg by hulle bly.
land	beteken die Republiek van Suid-Afrika
meganiese of elektriese onklaarraking	beteken die operasionele weiering van jou voertuig wat van so 'n aard is dat: • die onderliggende meganiese of elektriese probleem verhoed dat jou voertuig hoegenaamd kan werk; • dit baie moeilik of amper onmoontlik vir die voertuig is om te ry; • jou voertuig gevaarlik raak om te bestuur; of • om verder te ry verdere skade aan jou voertuig kan berokken.
nood langs die pad	beteken enige skielike, onverwagte en onvoorsiene gebeurtenis wat jou voertuig nie-bestuurbaar laat (sonder dat dit in 'n ongeluk betrokke was) en dit moet ingesleep word.
ongeluk	beteken die onbedoelde botsing van een motorvoertuig met 'n ander motorvoertuig, stilstaande voorwerp, slaggaat of persoon, wat skade aan jou voertuig veroorsaak. dit beteken ook skade aan jou voertuig wat deur brand of water veroorsaak is.
ons	beteken swiftcare .
tuisnoodgeval	beteken enige skielike, onverwagte en onvoorsiene gebeurtenis by jou privaat woning wat die onmiddellike dienste van 'n huishoudelike nutsman of hersteller noodsaak, ten einde jou veiligheid te verseker en verdere skade aan jou privaat woning te beperk.

Kontak asseblief **swiftcare** by 0860 247 365.



16.2 Wat deur Swiftcare gedek word

Hierdie waardetoevoegingsproduk is opsioneel - raadpleeg asseblief jou bylae om te sien of jy dit het.

Wanneer jy **swiftcare** kies, is dit 'n waardetoevoegingsdiens vir jou as 'n **allsure**-polishouer, met gehaltevoordele wat jou op die pad vir jou versekerde voertuie, tuis vir jou versekerde eiendom of met vakansie bystaan.

swiftcare sien om na noodgevalle deur outomaties vir sekere dienskoste te betaal.

16.3 Padbystand

16.3.1 Insleepdiens vir ongelukke

Old Mutual Insure het 'n doeltreffende ongeluksbestuur oplossing ontwerp om jou by te staan as jy in 'n motorongeluk betrokke is. **swiftcare** sal alle ongeluk-verwante oproepe na die ongeluksbestuur hulplyn deurskakel.

16.3.2 Insleepdiens vir meganiese of elektriese onklaarraking

As jou versekerde voertuig meganies of elektries onklaar raak, sal **swiftcare** 'n Old Mutual Insure-aangestelde insleepvoertuig stuur om jou voertuig op 'n bevoegde en doeltreffende manier na die naaste, mees toepaslike herstelsentrum of handelaar te sleep.

As die aangestelde insleepvoertuig nie die naaste, mees toepaslike, gehalte en koste-effektiewe insleepvoertuig beskikbaar is nie, sal ons 'n alternatiewe, voorkeur insleepvoertuig stuur.

16.3.3 Geringe probleme langs die pad

Ons sal jy bystaan as jy geringe probleme langs die pad het. Dit sluit die volgende in:

16.3.3.1 Pap buitebande.

16.3.3.2 Pap batterye.

16.3.3.3 Jou sleutels is in jou voertuig toegesluit.

16.3.3.4 As jou brandstof opraak (jy sal vir die brandstof moet betaal).

Hierdie diens is beperk tot die uitroepkoste en die eerste uur se arbeid en tot drie voorvalle per jaar. Jy sal vir enige bykomende koste moet betaal.

16.3.4 Verblyf en vervoer

As jou voertuig meganies of elektries onklaar raak of jy het 'n geringe probleem langs die pad, en die gebeurtenis is verder as 100 kilometer vanaf jou privaat woning, sal ons die volgende reël:

16.3.4.1 Hotelverblyf

Ons sal jou telefonies bystaan om hotelverblyf- en reisreëlings te tref. Jy sal vir die verblyf- en reiskoste moet betaal.



16.3.4.2 Motorhuur of 'n huurmotor

Ons sal jou telefonies bystaan om motorhuur of 'n huurmotor te reë. Jy sal vir die motorhuur of huurmotor moet betaal.

16.3.5 Bewaring

As jou voertuig veilige bewaring benodig na meganiese of elektriese onklaarraking of geringe probleem langs die pad, sal ons al die reëlins vir jou tref. Jy sal vir die veilige bewaring moet betaal.

16.3.6 Terugbring van jou voertuig

As jou voertuig meganies of elektries onklaar raak of jy het 'n geringe probleem langs die pad, sal ons jou voertuig terugbring na jou privaat woning of 'n ander ooreengekome bestemming. Ons sal al die reëlins tref, maar jy sal vir die diens moet betaal.

16.3.7 Kommunikasie van dringende boodskappe

As jou voertuig in 'n ongeluk betrokke was of meganies of elektries onklaar geraak het, sal ons namens jou boodskappe aan jou familieledede of werkgewer stuur.

16.3.8 Veilige dienste

As jou voertuig gebreek het of jy het 'n geringe probleem langs die pad gehad, sal ons 'n veiligheidswag na jou ligging stuur. Die veiligheidswag sal jy jou bly totdat hulp opgedaag het.

16.4 Tuisbystand

16.4.1 Tuisnoodgevalle

Ons gee 24-uur onbeperkte bystand as jy 'n tuisnoodgeval het. Dit sluit in slotmakers, elektrisiëns, loodgieters, glasmakers of enige ander huishoudelike noodgeval.

16.4.2 Veilige dienste

Ons sal 'n veiligheidswag van 'n privaat sekuriteitsmaatskappy stuur as jy 'n noodsituasie by jou privaat woning het. Die veiligheidswag sal by jou bly totdat die saak aangespreek is en jou privaat woning weer veilig is.

Hierdie diens is beperk tot 24 uur. Jy sal vir enige bykomende ure moet betaal.

16.4.3 Noodkennisgewings

As jy 'n noodgeval by die huis het, sal ons die polisie, ambulans, brandweer of enige ander nooddienste telefonies in kennis stel.

16.4.4 Voorvalle wat nie noodgevalle is nie

Ons gee ook bystandsdienste vir voorvalle wat nie 'n noodgeval is nie.

Hierdie diens is beperk tot die uitroepkoste en die eerste uur se arbeid en tot drie voorvalle per jaar. Jy sal vir enige bykomende koste moet betaal.



16.4.5 Diensverskaffers

Ons sal betroubare diensverskaffers, soos loodgieters, elektrisiëns, glasmakers, slotmakers of herstellers van huishoudelike toebehore aan jou voorstel.

16.5 Mediese bystand

16.5.1 Mediese nooddiens

Ons bied 'n 24-uur diens mediese nooddiens ongeag of die noodgeval met 'n motorvoertuigongeluk verband hou of nie.

Die gepaste reaksiediens, soos deur die mediese nooddiens-bedryfsentrum bepaal, sal onmiddellik na die toneel van die mediese noodgeval gestuur word, waar die nodige lewensreddende sorg deur die gesondheidsorgkundige gelewer sal word.

Die pasiënt sal op die toneel gestabiliseer word en waar nodig na die naaste mees gepaste mediese sorgfasiliteit vervoer word.

Die koste van hierdie vervoer sal deur jou Old Mutual Insure Swiftcare-voordele gedek word, onderhewig aan die NHRPL-tariewe, onder toesig. Die bestemming sal bepaal word deur waar die naaste fasiliteit is wat die nodige behandeling en sorg kan lewer soos deur die betrokke mediese nooddiensverskaffer bepaal.

Die vervoerwyse, hetsy pad- of lugvervoer, sal ook deur gemelde mediese nooddiensverskaffer bepaal word. In die geval van padvervoer sal die tipe ambulansdiens (basies, intermediêr of gevorderd) ooreenstem met die omvang van behandeling wat nodig is.

As jy as gevolg van die erns van jou besering of siekte nie ons 24-uur kontaksentrum kon kontak nie en jy was na 'n mediese fasiliteit vervoer, moet jy of iemand wat namens jou optree, ons 24-uur kontaksentrum binne 72 uur van die voorval kontak. As jy dan 'n rekening vir die nood ambulansvervoer kry wat jy persoonlik verantwoordelik is om te betaal, moet jy aan ons die oorspronklike faktuur, jou volle kontakbesonderhede en polisnommer met 'n kort beskrywing van die voorval stuur. Ons sal dan die ambulans diensverskaffer direk tot die voordeelperk betaal. As jy reeds die rekening betaal het, sal ons jou tot die voordeelperk terugbetaal.

16.5.2 Telefoniese raad

Ons het 'n 24-uur kontaksentrum wat deur opgeleide professionele persone beman word. Ons kan jou die volgende gee:

16.5.2.1 Gratis telefoniese mediese inligting en raad vir geringe ongesteldhede;

16.5.3 Ander dienste na 'n mediese noodgeval

Ons gee jou ook die volgende voordele:

16.5.3.1 'n Reisgenoot met mediese toesig vir minderjarige kinders wat gestrand is (ons noem dit Childsafe).



16.6 **Spesiale bepalinge en voorwaardes onder swiftcare**

16.6.1 **Ons maak seker dat jy tevrede is**

As jy gebruik maak van ons **swiftcare** voordele, sal ons met jou opvolg totdat jy bevestig dat die saak bevredigend opgelos is.

16.6.2 **Ons sien om na jou eis**

As jou noodgeval gedek is onder enige van die ander afdelings van hierdie polis, sal ons reël dat jou eis ingedoen word en jou bystaan met al die nodige eisedokumentasie.

16.6.3 **Wat om te doen as jy 'n eis het**

Die voordele onder hierdie afdeling is diensverwante voordele. Jy moet ons daarom op ons toegewyde nommer kontak vir toegang tot jou **swiftcare** voordele.

Kontak ons asseblief by **0860 24 7 365** of deur ons **swiftcare** toep.

16.6.4 **Ons probeer ons bes**

Ons het met diensverskaffers regoor die land gekontrakteer. Ons mag egter nie gekontrakteerde diensverskaffers in klein of afgeleë gebiede hê nie. Hoewel ons altyd ons bes sal doen om aan jou die bystand te gee wat jy nodig het, mag ons nie altyd die vinnige diens kan gee wat jy van ons verwag as jy bystand in 'n klein of afgeleë gebied benodig nie.

Diensverskaffers is onafhanklike kontrakteurs. Hoewel ons alles in ons vermoë doen om die diensverskaffers te monitor, bly die verantwoordelikheid vir verlies, skade of gebrekkige vakmanskap die van die diensverskaffer.

16.6.5 **Jou voertuig moet by ons verseker wees**

Ons sal jou slegs padbystand gee as jou wettig gelisensieerde voertuig onder hierdie polis verseker is.

16.6.6 **Jy moet by jou voertuig bly**

Jy moet ten tye van die diens of bystand by jou voertuig wees.

16.6.7 **Voertuie onder waarborg**

As jou voertuig nog onder waarborg is, mag ons die diens na die waarborgverskaffer oordra. As ons bystand gegee het vir 'n voertuig onder waarborg, moet jy 'n vrywaring teken om ons van enige waarborg-dispuut te vrywaar.

16.6.8 **Jou privaat woning en inhoud moet by ons verseker wees**

Ons sal tuisbystand aan jou verleen slegs as jou privaat woning of inhoud deur hierdie polis verseker is.



16.6.9 Ons kan bepaal of jou tuisbystand 'n noodgeval is

Ons mag eers uitvind of die bystand wat jy versoek is, 'n noodgeval is. As ons besluit dat die bystand gedurende kantoorure gedoen kan word en nie 'n noodgeval is nie, sal ons jou laat weet.

16.7 Wat is nie gedek onder swiftcare nie

16.7.1 Onbewaakte voertuie en bestaande skade

Ons sal nie verantwoordelik wees vir enige skade aan of verlies van onbewaakte voertuie of enige bestaande skade aan jou voertuig nie.

16.7.2 Koste weg van die perseel

Ons sal nie verantwoordelik wees vir enige herstel of koste weg van die perseel nie.

16.7.3 Toestelle

Ons sal nie verantwoordelik wees vir die verwydering of aflewering van enige toestel by jou privaat woning nie.

16.7.4 Tuisbystand

Ons sal nie verantwoordelik wees vir bystand wat verband hou met enige van die volgende nie:

- 16.7.4.1 Riooltenks.
- 16.7.4.2 Afstandbeheer- of toegangkontroles.
- 16.7.4.3 Hoof elektriese of watertoevoor tot jou privaat woning.
- 16.7.4.4 Normale slytasie.
- 16.7.4.5 Enige toestelle wat ons onder die vervaardiger se waarborg is.
- 16.7.4.6 Installasie van enige toestelle.
- 16.7.4.7 Enige elektriese toestel wat ouer as agt jaar is.
- 16.7.4.8 Vervanging van gloeilampies.
- 16.7.4.9 Verstelling van termostate.
- 16.7.4.10 Aankoop van enige onderdeel.



17. SWIFTCARE – “MOENIE INSLEEP NIE”-SKYFIES

17.1 “Do Not-Tow” cut out images

